

**DIE 'ONVOLTOOIDHEIDS-A'  
IN NOORD-SOTHO**

**deur**

**INGEBORG MARIA KOSCH**

**Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad  
Magister Artium**

**in die vak**

**Afrikatale**

**aan die Universiteit van Suid-Afrika**

**Studieleier : Prof D P Lombard**

**Medestudieleier: Prof L J Louwrens**

**Datum van inlewering: November 1985**

Graag wil ek my hartlike dank en waardering betuig teenoor:

Prof. D.P. Lombard, vir sy ondersteuning, opbouende kommentaar en waardevolle insigte, wat vir my as 'n groot aansporing gedien het.

Prof. L.J. Louwrens, onder wie se bekwame leiding hierdie projek gestalte aangeneem het. Die bereidwilligheid waarmee hy te midde van sy eie besige program tyd ingeruim het vir die uitruil van gedagtes, word hoog op prys gestel. Vir sy bydrae tot my akademiese vorming, reeds vanaf voorgraadse vlak, is ek hom tot groot dank verskuldig.

Verskeie informante, veral menere S.M. Serudu en D.M. Kgobe van die Departement Afrikatale, Unisa, vir die geduldige en belangstellende wyse waarop hulle voorbeelde getoets en gekontroleer het.

Ander kollegas vir hulle belangstelling.

My moeder en suster vir hul begrip en aanmoediging.

Dank en eer aan God vir die krag wat ek van Hom kon ontvang vir hierdie projek.

## INHOUD

### HOOFSTUK 1

#### INLEIDING

1.1	PROBLEEMSTELLING	1
1.2	STATUS VAN DIE ONVOLTOOIDHEIDS- <u>A</u>	4
1.2.1	Verband tussen - <u>a</u> - en 'n oorspronklike werkwoordstam	4
1.2.2	Evaluering van - <u>a</u> - se ontwikkeling in die lig van ander oksiliëre	8
1.2.3	Evaluering van - <u>a</u> - se ontwikkeling aan die hand van diachronies-tonologiese gegewens	11
1.3	DIE DISTRIBUSIE VAN - <u>A</u> - : BESTAANDE BESKOUINGS	16
1.3.1	Die gebruik van die lang vorm	17
1.3.2	Die gebruik van die kort vorm	22
1.4	DIE FUNKSIE VAN - <u>A</u> - : BESTAANDE BESKOUINGS	23
1.4.1	- <u>A</u> - met temporale implikasie	24
1.4.2	- <u>A</u> - met ander semantiese implikasies	27
	(a) Voortdurend/Nie-voortdurend	27
	(b) Bepaald/Onbepaald	30
	(c) Emfaties/Nie-emfaties	34
1.5	SAMEVATTING	38

### HOOFSTUK 2

#### BENADERING TOT DIE STUDIETERREIN

2.1	INLEIDING	40
2.2	ALGEMENE DOMEIN VAN DISTRIBUSIE	40
2.2.1	Indikatiewe modus	40
2.2.2	Onvoltooide tyd	40
2.2.3	Bevestigende vorm	42

2.3	DATAKORPUS	43
2.4	DIE FUNKSIONELE SINSPERSPEKTIEF (FSP) AS RAAMWERK	44
2.4.1	Inleiding	44
2.4.2	Die rol van konteks in die FSP	46
2.4.3	Die begrip "hegtheid" of "verbondenheid"	47
2.4.4	Die begrippe "ou" en "nuwe" informasie	52
2.5	SAMEVATTING	59

### HOOFSTUK 3

#### DIE SIN SONDER OBJEK OF DESKRIPTIEWE BEPALING

3.1	INLEIDING	61
3.2	SUBJEK PLUS WERKWOORD	61
3.3	DIE SAAMGESTELDE PREDIKAAT	62
3.4	DIE WERKWOORD GEVOLG DEUR 'n SUBJEK OF VOKATIEF	66
3.5	SAMEVATTING	70

### HOOFSTUK 4

#### DIE PREDIKAAT EN DIE DESKRIPTIEWE BEPALING

4.1	INLEIDING	72
4.2	BYWOORDE VAN WYSE	74
4.3	BYWOORDE VAN KOMMENTAAR	76
4.4	BYWOORDE VAN PLEK	78
4.5	BYWOORDE VAN TYD	84
4.6	PARTIKELGROEPE	90
4.7	DIE DESKRIPTIEWE BYSIN	91
4.8	KOMBINASIES VAN DESKRIPTIEWE BEPALINGS	92
4.9	SAMEVATTING	94

## HOOFSTUK 5

### DIE PREDIKAAT EN DIE OBJEK

5.1	INLEIDING	97
5.2	DIE ONBELASTE PREDIKAAT	98
5.3	DIE BELASTE PREDIKAAT	101
5.4	DIE REFLEKSIEWE OBJEK	107
5.5	DIE RESIPROKALE WERKWOORD	107
5.6	DIE PREDIKAAT MET MEER AS EEN OBJEK	103
5.7	SAMEVATTING	109

## HOOFSTUK 6

### DIE FUNKSIE VAN -A- GEÏLLUSTREER AAN DIE HAND VAN VERDERE OORWEGINGS

6.1	INLEIDING	115
6.2	LENGTE OP VOORLAASTE SILLABES	115
6.3	DIE VRAAGPARTIKEL <u>NA?</u> / <u>NAA?</u>	116
6.4	KLITIESE PARTIKELS	118
6.5	SAMEVATTING	119

## HOOFSTUK 7

### ALGEMENE SAMEVATTING

7.1	INLEIDING	120
7.2	SAMEVATTING VAN DIE FUNKSIE VAN <u>-A-</u>	121
7.2.1	Konteks	121
7.2.2	Informasiestatus van gegewens	121
	(a) Nuwe informasie	122
	(b) Ou informasie	122

7.2.3	Kommunikatiewe eenhede	123
7.2.4	Oortollige inligting	123
7.2.5	Geantisipeerde inligting	125
7.2.6	Semantiese verbondenheid	125
7.2.7	Outonomie verleen aan die hulpwerkwoord	126
7.2.8	Grensmerking — nie 'n geïsoleerde verskynsel nie	127
7.3	SLOT	128
	LITERATUURLYS	130

## DIE 'ONVOLTOOIDHEIDS-A' IN NOORD-SOTHO

## OPSOMMING

In hierdie studie word die opvatting dat die 'onvoltooidheids-a' in Noord-Sotho 'n tydsmorfeem is, in heroorweging geneem. Bestaande opvattinge oor hierdie morfeem en die sogenaamde lang en kort vorme van die werkwoord, word krities ondersoek. Daar word bevind dat die toelaatbaarheid van -a- in die werkwoord nou saamhang met die semantiese verbondenheid tussen sinskomponente, wat weer direk verband hou met die diskoerskonteks waarin sinne voorkom. Daar word voorgestel dat -a- as 'n merker van afgeronde kommunikatiewe eenhede beskou behoort te word. Hiervolgens word inligting, wat op die lang vorm van die werkwoord volg, uit die basiese inligtingseenheid uitgeskuif op grond van die feit dat dit oortollige inligting in die diskoerskonteks konstitueer. Hierteenoor word inligting wat op die kort vorm van die werkwoord volg as nuwe inligting aangebied wat in 'n onlosmaaklike semantiese verband tot die werkwoord staan.

SUMMARY

In this study the concept of the 'imperfect tense-a' as a tense morpheme in Northern Sotho, is reconsidered. Existing views on this morpheme and the so-called long and short forms of the verb are discussed critically. It is concluded that the acceptability of -a- in the verb is closely linked to the semantic cohesion between components in a sentence. This in turn is directly related to the context of discourse in which sentences occur. The proposal is made that -a- should be regarded as a marker of complete communicative units. Accordingly, information which follows the long form of the verb is excluded from the basic communicative unit on the grounds that it constitutes redundant information in the context of discourse. On the other hand, information following the short form of the verb, is presented as new information and as such assumes an indissoluble semantic relationship with the verb.



## DIE 'ONVOLTOOIDHEIDS-A' IN NOORD-SOTHO

## HOOFSTUK 1

## INLEIDING

## 1.1 PROBLEEMSTELLING

In verskeie Bantoetale kom daar in indikatiewe werkwoorde, onder bepaalde voorwaardes, 'n morfeem voor wat tradisioneel as die "onvoltooidheidsmorfeem" of die "lang teenwoordige tydsmorfeem" benoem word. Vergelyk die volgende voorbeelde waarin dié morfeem onderstreep is:

- Noord-Sotho : Kgamelo e a tlala  
'Die emmer word vol'
- Zulu : Abantu bayayilima insimu  
'Die mense ploeg die land'
- Venda : Mme u a bika  
'Moeder kook'
- Noord-Transvaal Ndebele : Uyahlala  
'Jy sit'
- Tshwa : Wa ku tiva  
'Hy ken jou'

Daar sal in hierdie verhandeling na dié morfeem in Noord-Sotho, om praktiese redes, as die 'onvoltooidheids-a' verwys word. Onderzoek het getoon dat daar 'n veel ingewikkelder problematiek rondom die onvoltooidheids-a in Noord-Sotho bestaan as wat allerweë aanvaar word. Daar word veral gewys op die verband tussen twee aspekte wat in die bestaande literatuur nie toereikende aandag geniet nie, naamlik

- (a) die faktore wat die distribusie van -a- in indikatiewe werkwoorde beheer; en
- (b) die besondere funksie(s) wat die onvoltooidheids-a vervul in daardie gevalle waar dié morfeem wel in die werkwoord aanwesig is.

Die oogmerk met hierdie verhandeling is daarom juis om die spreidingsverskynsels van -a- vir Noord-Sotho te ontleed om, na aanleiding daarvan, die funksie van dié morfeem beter te kan bewoord.

Aangesien die reëls wat die distribusie van -a- beheer nie deur grammatici eenduidig geformuleer word nie, kom Wanger tot die slotsom dat die essensie van -a- se funksie en distribusie waarskynlik nog nie ingesien is nie. Wanger (1917:634, 635) het, byvoorbeeld, die distribusie van -a- (wat as -ya- in Zulu voorkom) in die "onreëlmatige" gevalle toegeskryf aan 'n aanvoeling vir die korrekte "welklank" en "ritme" van 'n uiting wat deur die taalgebruiker ontwikkel word:

"Die unzähligen Fälle, wo nur Wohlklang und Rhythmus den Ausschlag geben, lassen sich in keine Regeln fassen. Nur sorgfältige Beobachtung des lebendigen Sprachgebrauchs wird es allmählich den Ausländer fühlen lassen, wann die ya- Form zu wählen ist und wann nicht."  
(Onderstreping - IMK)

Wat hier belangrik is, is Wanger se insig dat die distribusie van -a- hom nie in alle voorbeelde leen tot 'n verduideliking in terme van die algemeen bekende grammatiese reëls nie. Dit word egter bevraagteken of blote aanvoeling vir korrekte taalgebruik as 'n bevredigende verklaring vir dié morfeem se distribusie en funksie aangebied kan word. Wanneer daar gekyk word na voorbeelde soos die volgende, kom die vraag op of die aanvoeling vir die korrekte gebruik van -a- dan nie wel bereël kan word nie, omdat die taalgebruiker sekere beginsels volg in sy sinskonstruksie, al is dit dan onbewustelik:

- (1a) Batho ba a fokola lehono 'Die mense is vandag sieklik  
(1b) Batho ba fokola lehono (swak)'

Albei voorbeelde word as grammaties korrek aanvaar. Hulle vertoon basies dieselfde sinsstruktuur, naamlik subjek-werkwoord-bepaling. Word dit vergelyk met die twee sinne in (2) wat dieselfde struktuur vertoon, kom dit vreemd voor dat die vorm met -a- betwyfel word, terwyl dié sonder -a- aanvaar word:

- (2a) ?Batho ba a fokola kudu 'Die mense is baie sieklik'  
(2b) Batho ba fokola kudu

Vanuit 'n suiwer sintaktiese gesigspunt is dit nie moontlik om 'n verklaring aan te bied waarom (2a) minder gebruiklik is as (2b) nie. Desondanks sal daar in hierdie ondersoek gestreef word na verklaring van die faktore wat -a- se distribusie in dergelike gevalle beheer.

Behalwe die opsionele aanwending van -a-, is daar gevalle waarin -a- verplig in die werkwoord voorkom (vergelyk voorbeeld (3a)), en ander waarin -a- glad nie toegelaat word nie (vergelyk voorbeeld (4a)):

- (3a) O a foša, ngwanaka 'Jy is verkeerd, my kind'  
(3b) \*O foša, ngwanaka  
(4a) \*O a bona mang? 'Wie sien jy?'  
(4b) O bona mang?

Dit is duidelik dat ander faktore die gebruik van -a- in voorbeeld (3) beheer as in voorbeeld (4).

Uit 'n ontleding van verskeie toepaslike voorbeelde, het dit gaandeweg duidelik begin word dat 'n aanvaarbare verklaring vir die funksie(s) van -a- in Noord-Sotho slegs aangebied sal kan word mits die semantiese samehange tussen die verskillende sintaktiese komponente in indikatiewe sinne ondersoek word.

Hier word verwys na die semantiese samehang wat daar bestaan tussen die subjek en die werkwoord, die objek en die werkwoord, die werkwoord en die bywoord, die bywoord en die objek, ens. Daar is op dié tydstip genoegsame aanduidings dat die distribusie en funksie van -a- veel eerder met hierdie semantiese samehange in verband staan as met die grammatiese kategorie van "onvoltooidheid". Wat grammatici oor die distribusie en funksies van -a- te sê het is van besondere belang, omdat hulle hierdie vermoede op verskeie punte implisiet versterk, hoewel hulle dit nie self duidelik bewoerd het nie. Hulle beskouings word later in paragrawe 1.3 en 1.4 ontleed. Vooraf word daar egter stilgestaan by die diachroniese en sinchroniese status van -a-, omdat dit meer lig op die onderhawige probleem werp.

## 1.2 STATUS VAN DIE ONVOLTOOIDHEIDS-A

Sover vasgestel kon word, word -a- sinchronies allerweë as 'n werkwoordelike prefigale morfeem beskou, bv. in Ziervogel (1969), Doke (1957), Cole (1955), Van Warme'o (1927), en andere. Aangesien daar egter alleen sinvol oor die huidige status van -a- besin kan word as die diachronie ook in berekening gebring word, sal die aandag vervolgens hoofsaaklik by laasgenoemde bepaal word.

Van die grammatici wat hulle uitlaat oor die historiese ontwikkeling van -a-, het 'n verband probeer soek tussen -a- en 'n oorspronklike werkwoordstam. Op die presiese aard van hierdie verband word daar in die hieropvolgende paragrawe in meer besonderhede ingegaan.

### 1.2.1 Verband tussen -a- en 'n oorspronklike werkwoordstam

Dit is bekend dat selfstandige werkwoordstamme as hulpwerkwoordstamme kan funksioneer, byvoorbeeld:

(5) Ke rata diruiwa

'Ek hou van huisdiere'

waar -rata as selfstandige werkwoordstam optree, teenoor

(6) Ke rata go bona

'Ek wil sien'

waar -rata as hulpwerkwoordstam diens doen, gevolg deur go bona as komplementêre werkwoord. Na aanleiding hiervan, het die gedagte dat -a- ook uit 'n oorspronklike werkwoordstam tot 'n hulpwerkwoordstam ontwikkel het, onder navorsers begin posvat. Daar is onder andere aangeneem dat -a- uit die selfstandige werkwoordstam vir "gaan" ontwikkel het. Grout (1893:118) se voorbeelde getuig van só 'n interpretasie:

"Ngi ya tanda (doubtless, originally, ngi ya ngi tanda)

'I do love, or I am loving,

literally I go love, I go I love, or loving'"

(Onderstreping - IMK)

Dit veronderstel dus dat hierdie 'n verkorte hulpwerkwoordkonstruksie is. Die subjekskakel van die komplementêre werkwoord, wat volgens Grout wel vroeër gefigureer het, ontbreek. Daar kon geen konkrete aanduidings gevind word dat Grout se rekonstruksie van die oorspronklike konstruksie wel korrek is nie. Opmerkings deur tradisionele grammatici oor die modus waarin die komplementêre werkwoord moontlik verskyn het, bestaan feitlik nie. In Grout se voorbeeld sou die komplementêre werkwoord heel waarskynlik in die situatiewe modus kon wees, maar meer resente navorsing wat op tonologiese getuienis steun, dui daarop dat dit veel eerder òf infinitief òf konsekutief moes gewees het (Lombard, 1976: 166). Daar sal later weer hierop teruggekom word.

Die vormlike ooreenkoms in Zulu tussen die onvoltooidheids-a en die werkwoordstam vir "gaan" het waarskynlik aanleiding gegee tot Grout se veronderstelling dat die twee met mekaar verband hou. In die Sothotale word dieselfde veronderstelling

deur sommige grammatici gemaak, al bestaan daar nie dieselfde vormlike ooreenkoms nie. In hierdie geval word -a- beskou as 'n verkorte vorm van die werkwoordstam -ea (-ya) 'gaan', waarvan die semivokaal weggeval het. Om aan te toon dat dit wel is wat gebeur het, het Endemann (1964:78) in 'n voetnota twee voorbeelde aangehaal waarin onderskeidelik die verkorte en die volle vorm van die werkwoordstam voorkom: O a kǎe? : O ea kǎe? ('Waarheen gaan jy?'). Hieruit het vir hom by implikasie gevolg dat die -a- in ke a bona 'ek sien' niks anders is as die -a- 'gaan' in O a kǎe? nie. Ons merk dat sy redenasie nie beïnvloed word deur die feit dat -a- in die een geval gevolg word deur 'n werkwoordstam -bona en in die tweede geval deur 'n ander rededeel nie.

Van Eeden (1941:91) het op sy beurt geargumenteer dat -a- van die werkwoordstam -ea afkomstig is omdat die volle vorm soms nog naas die verkorte vorm gehoor word: ke ea rata : kea rata. (Tans word die -a- in Suid-Sotho ortografies los van die subjekskakel geskryf.) Volgens Van Eeden behoort hierdie -a- in 'n letterlike vertaling van kea rata deur "gaan" weergegee te word, dus 'ek gaan liefhê'.

By Doke (1957:192) word dieselfde standpunt ten opsigte van -a- aangetref as by Van Eeden:

"-ǎa- and -a- are obviously connected with the verb ǎa (go)."

Verder maak Doke die belangrike opmerking dat hierdie "simple infixes", soos hy hulle noem, nie meer "aktief verbaal" is nie (op. cit.:378).

Meinhof het ook daarvoor gespekuleer of die -a- nog werkwoordelike status het of nie (1906:70). As aangeneem word dat dit nie meer 'n produktiewe werkwoord is nie, beteken dit dat -a- in een of ander stadium sy selfstandige werkwoordelike karakter ingeboet het. Hieruit vloei voort dat ons moontlik hier te make het met

'n geval van rangverlaging of -verskuiwing vanaf 'n oorspronklike selfstandige werkwoordstam met 'n leksikale betekenis tot 'n morfeem met 'n bloot grammatiese funksie.

Dit is nie seker of die oorspronklike werkwoordstam waarmee -a- in verband gebring word, wel die werkwoordstam vir "gaan" is nie. Die Oer-Bantoevorm vir laasgenoemde is naamlik gepostuleer as B.ɣya/ɣia. (Vgl. Meinhof, 1910:67, 218). Hierteenoor word die onvoltooidheids-a teruggevoer na B.ɣa (Vgl. Van Warmelo, 1927:90), waarvan die ɣ nie in Noord-Sotho gerealiseer word nie. Aangesien die ɣ van die werkwoordstam vir "gaan" (B.ɣya/ɣia) altyd as 'n semivokaal gerealiseer word en as 'n reël nie weggelaat word nie, kan die onvoltooidheids-a kwalik gelykgestel word aan die werkwoordstam vir "gaan". Van Eeden merk in dieselfde gees ten opsigte van Zulu op:

"Hierdie -ya- is nie, soos deur sommige gemeen word, etimologies identies met die stam ya (gaan) nie; die Oer-Bantoevorm daarvan was klaarblyklik ya."

(1956:245)

Dit kom vreemd voor dat hy vir Suid-Sotho, anders as vir Zulu soos hierbo, wel 'n assosiasie bewerkstellig tussen -a- en die werkwoordstam "gaan" (1941:91). Moontlik kan dit toegeskryf word aan verwerwing van nuwe insigte, aangesien sy Zulu handboek (1956) veel later die lig gesien het as sy Suid-Sotho leerboek (1941).

Uit hierdie enkele opmerkings kan afgelei word dat daar verskeie menings bestaan oor die etimologie van -a-. Tot sover is daar onder andere vasgestel dat die -a- deur sommige grammatici met die werkwoordstam "gaan" geïdentifiseer is. Aan die ander kant, is daar dié wat wel 'n verband tussen -a- en 'n oorspronklike werkwoordstam erken, maar nie noodwendig met die werkwoordstam "gaan" nie. Wat vir hierdie studie van besondere belang is, is dat die -a- nie meer 'n produktiewe werkwoordstam is nie. Dit is moontlik te wyte aan die rangverskuiwing wat -a- ondergaan

het van 'n selfstandige werkwoordstam na 'n grammaties funksionele morfeem via 'n hulpwerkwoordkonstruksie. Daar sal vervolgens gepoog word om meer konkrete argumente aan te voer wat so 'n beskouing ondersteun. Dit word gedoen by wyse van vergelyking met ander oksiliëre en morfeme in die taal ten opsigte waarvan die diachroniese ontwikkeling duideliker herkenbaar is en wat sintaktiese en tonologiese ooreenkomste met -a- vertoon.

### 1.2.2 Evaluering van -a- se ontwikkeling in die lig van ander oksiliëre<sup>1)</sup>

Wat sy posisie in die werkwoord betref, is die onvoltooidheids-a vergelykbaar met die sogenaamde futurummerker -tlo-. Albei is prefigale morfeme en mag deur 'n objekskakel of refleksiefmorfeem van die werkwoordstam geskei word:

- |      |                          |                        |
|------|--------------------------|------------------------|
| (7a) | Ke <u>a</u> (mo) thuša   | 'Ek help (hom)'        |
| (7b) | Ke <u>a</u> (i-) thuša   | 'Ek help (myself)'     |
| (8a) | Ke <u>tlo</u> (mo) thuša | 'Ek sal (hom) help'    |
| (8b) | Ke <u>tlo</u> (i-) thuša | 'Ek sal (myself) help' |

Vervolgens word daar kortliks stilgestaan by die ontwikkelingsproses wat -tlo- en ander vergelykbare morfeme ondergaan het, om sodoende die agtergrond te skep waarteen -a- moontlik gesien kan word.

Daar kan nie aan -tlo- se ontwikkelingsgang getwyfel word wanneer dit met soortgelyke konstruksies in die taal vergelyk word nie, naamlik as synde die resultaat van 'n sametrekking

---

1) Daar word aangesluit by Vercueil (1981) wat aan oksiliëre 'n posisie tussen die hulpwerkwoord en die morfeem toewys wat rangorde betref.



tussen die eindvokaal van 'n werkwoordstam en die prefiks go- van 'n daaropvolgende infinitiewe werkwoord. Vergelyk:

(9a) Ke rata go lota bana 'Ek hou daarvan om kinders  
op te pas'  
(9b) > Ke rato lota bana

(10a) Ke swanetše go lota bana 'Ek behoort die kinders op  
te pas'  
(10b) > Ke swanetšo lota bana

en ook:

(11a) Ke tla go lota bana 'Ek kom om die kinders op te  
pas'  
(11b) > Ke tlo lota bana 'Ek sal die kinders oppas'

Alhoewel dieselfde sametrekking in aldrie die voorbeelde plaasgevind het, beklee die werkwoorde nie dieselfde "range" nie. Volgens Ponelis (1975) bestaan 'n voorbeeld soos (9) hierbo uit 'n hoofwerkwoord (ke rata/ke rato) en 'n bysinswerkwoord (go lota). Hulle stel twee afsonderlike predikasies. In voorbeeld (10) vorm die hoofwerkwoord (ke swanetše/ke swanetšo) 'n idiomatiese eenheid saam met die bysinswerkwoord (go lota) en raak die hoofwerkwoord semanties ondergeskik aan die bysinswerkwoord. Die hoofwerkwoord verloor sy selfstandige karakter en fungeer as hulpwerkwoord. Die sametrekking in (9) en (10) is opsioneel. Die alternatiewe vorme in die (a) en (b) gedeeltes het nie verskillende betekenisimplikasies nie. By voorbeeld (11) word egter opgemerk dat die selfstandige betekenis van -tlo- in die (b) gedeelte verlore gaan en dat dit as 'n merker van die futurum optree. Dit vorm saam met die oorspronklike bysinswerkwoord, wat nou as hoofwerkwoord beskou word, deel van die nuwe werkwoordstruktuur. Die totstandkoming van kategoriale waardes soos logiese "toekomstige tyd" word deur Ponelis (1975:47) beskryf as 'n proses van semantiese grammatisasie. Aangesien -tlo- nog enkele woordkenmerke vertoon, waarop daar nie hier ingegaan word nie, kan nie gesê word dat -tlo- die proses van

rangverlaging tot op die vlak van 'n blote funksionele morfeem volledig ondergaan het nie.

Die kasualis ouksiliêre (Vercueil, 1981:91) -fo-, -no- en -dio- het waarskynlik, soos -tlo-, ook ontstaan uit 'n sametrekking van 'n oorspronklike werkwoordstam met die infinitiewe prefiks go-. Anders as by -tlo-, egter, word die oorspronklike werkwoordstamme waarvan hulle afkomstig is, nie meer aangetref nie. Ziervogel (1958:26) sê dat hierdie "voorvoegsels", soos hy hulle noem, in wese almal hulpwerkwoorde was wat hulle selfstandigheid ingeboet het. Hierby sluit hy ook die persistief -sa- sowel as die onvoltooidheids-a in, alhoewel hulle nie meer maklik as werkwoorde herken kan word nie. Ook die potensialis -ka- ressorteer onder hierdie groepie ouksiliêre.

Die rangverskuiwing wat ten opsigte van -tlo- nog nie volledig sy gang deurloop het nie, geld skynbaar ook ten opsigte van die persistief -sa- en die potensialis -ka-. Van Wyk (1957) het in 'n ondersoek vasgestel dat albei ouksiliêre hulpwerkwoordelike sowel as prefigale kenmerke vertoon, en dat hulle gevolglik nog in 'n oorgangstadium verkeer. Hy toon aan dat die persistief en die potensialis as hulpwerkwoorde sekere werkwoordelike kenmerke vertoon. As sulks word hulle beskou as deel van hulpwerkwoordkonstruksies. Aan die ander kant het die persistief en die potensialis woorddeelkenmerke, omdat hulle dieselfde plek in werkwoordstamme inneem as gewone prefigale morfeme. In dié lig gesien is hulle deel van 'n monoverbale konstruksie. Indien -sa- en -ka- in voorbeelde soos O sa sepela 'Hy loop nog' en O ka bolela 'Jy mag praat' volle hulpwerkwoordstamme was, sou die daaropvolgende werkwoordstam sy eie subjekskakel gehad het. Van Wyk beskou die benadering waarin -sa- en -ka- as deel van 'n monoverbale konstruksie beskryf word, as die "meer moderne" benadering. Dit sou beteken dat -sa- en -ka- die volledige rangverskuiwing ondergaan het van hoofwerkwoord tot prefigale morfeem.

Die bespreking tot dusver het aan die lig gebring dat 'n proses van rangverskuiwing besig is om in Noord-Sotho plaas te vind ten opsigte van sekere elemente in die taal. Verder is dit ook duidelik dat die onderskeie elemente op verskillende vlakke van ontwikkeling verkeer. Met hierdie gegewens in gedagte kan die posisie ten opsigte van die onvoltooidheids-a weer in oënskou geneem word.

Die waarskynlikheid dat rangverskuiwing verantwoordelik was vir die totstandkoming van -a- is groot, aangesien rangverskuiwing duidelik 'n rol gespeel het in die totstandkoming van ander ouksiliëre in die taal (nl. -tlo-, -fo-, -no-, -dio-, ens.). Terwyl die genoemde ouksiliëre, naas prefigale kenmerke, egter nog woordkenmerke vertoon, kan dit nie meer ten opsigte van -a- aangetoon word nie, en moet -a- gevolglik as 'n suiwere prefigale morfeem beskou word. Terme wat in die benoeming van -a- slaan op werkwoordelike kenmerke sou dus nie toepaslik wees nie, soos byvoorbeeld "defisiënte werkwoord" (Mabille, 1961:1), "hulpwerkwoord" (Endemann, 1964:78) of "ouksiliër" (Van Eeden, 1941:91). As daar aangesluit word by Van Wyk se "meer moderne" benadering (1957:166), sou eerder terme soos die volgende die wese van -a- beter oordra: "formatief" (in Grout, 1893, en Cole, 1955), "vormelement" (in Van Rooyen, 1977, en Ziervogel, Wentzel en Makuya, 1972) en "prefigale morfeem" (in Kruger, 1971).

### 1.2.3 Evaluering van -a- se ontwikkeling aan die hand van diachronies-tonologiese gegewens

Op die tonologiese vlak word die vermoede dat -a- onderworpe was aan rangverskuiwing, ondersteun deur sekere gegewens. In 'n artikel getiteld A diachronic-tonological analysis of certain rank-shifted verbal structures in Northern Sotho het Lombard (1978) geïllustreer dat sekere toonreëls in die taal nie geld ten opsigte van die futurummerker -tlo- en die onvoltooidheids-a nie: Hy het bevind dat hierdie

verskynsel nie verklaar kan word tensy die diachroniese ontwikkeling van -tlo- en -a- in berekening gebring word nie. Wat -tlo- betref, is daar reeds hierbo genoem dat dit een van die ouksiliëre is wat in rang verskuif het van 'n hoofwerkwoord tot 'n prefigale morfeem. As aangetoon kan word dat -tlo- en -a- hulself tonologies identies gedra, bestaan daar 'n basis van vergelyking wat as 'n aanduiding kan dien dat -a- se ontwikkeling nie veel anders kon gewees het as dié van -tlo- nie.

In 'n tonologiese ondersoek speel die onderliggende toon 'n groot rol. Dit is die toon wat sillabes van woorddele/woorde aanneem wanneer die woorddele/woorde in isolasie staan. Die toon in die onderliggende struktuur word as vertrekpunt geneem om die toonrealisasie in die oppervlaktestruktuur te verduidelik waar die woorddele/woorde gewoonlik nie in isolasie staan nie, en as gevolg daarvan sekere tonologiese veranderings ondergaan.

In 'n voorbeeld soos ba tlo e lota 'hulle sal dit bewaar' is die toon onderliggend soos volg: Die subjekskakel ba- is hoogtonig ([+H]), die futurummerker -tlo- is laagtonig ([-H]), die objekskakel e- is hoogtonig ([+H]) en die werkwoordstam -lota neem 'n lae toon op albei sillabes ([-H][-H]). Let op dat slegs die hoë toon ortografies aangedui word (´), dus:

(12a) \*Bá tlo é lota

Die asterisk dui aan dat die konfigurasie nie 'n oppervlaktestruktuur verteenwoordig nie.

Toonrepetisie geskied progressief, en daarby is dit slegs 'n [+H] sillabe wat op 'n daaropvolgende [-H] sillabe kan repeteer. Die toonrepetisiereël in Noord-Sotho bepaal dat 'n [+H] sillabe slegs op een [-H] sillabe kan repeteer en dié dus kan verander tot [+H] wanneer die [-H] sillabe gevolg word deur 'n [-H] sillabe. Die reël sien soos volg daar uit:

[-H] → [+H] / [+H] — [-H]

Die [+H] sillabe, wat sy hoë toon verwerf het deur die repetisiereël, kan nie self op 'n ander sillabe repeteer nie.

Hierdie reël, toegepas op die onderhawige voorbeeld, lewer die volgende:

(12b) \*Bá tlo é lóta,

wat egter nie strook met die werklike oppervlakte toonrealisasie nie, naamlik bá tló e lóta. Slegs deur te aanvaar dat -tlo- uit 'n meer komplekse konstruksie voortgespruit het, kan 'n bevredigende verklaring vir hierdie toedrag van sake aangebied word. In hierdie konstruksie moes daar 'n sinsgrens voorgekom het tussen die hoofwerkwoord (met -tla as stam) en 'n bysinswerkwoord (in die infinitiewe modus). Dit blyk dat dit hierdie oorspronklike sinsgrens tussen die twee predikasies is wat 'n bepaalde rol speel in die tonologiese oppervlaktestruktuur van die voorbeeld. Só geanaliseer sien die voorbeeld soos volg daar uit:

(12c) \*Bá tla // // go é lota  
'Hulle kom om dit te bewaar',

waar // // 'n sinsgrens voorstel. Die werkwoordstam -tla en die infinitiewe prefiks go- is onderliggend [-H]. Sonder om die toonreëls in besonderhede toe te lig, behels die proses dat die toonreëls afsonderlik in werking tree ten opsigte van die gedeelte vóór en ná die sinsgrens. Die resultaat is die volgende:

(12d) \*Bá tlá // // go é lóta

Namate die hoofwerkwoord en die bysinswerkwoord meer geïntegreerd raak in 'n idiomatiese eenheid en die oorspronklike

hoofwerkwoord uiteindelik as hulpwerkwoord voor die bysinswerkwoord optree, word die sinsgrens as woordgrens gehexinterpreteer (voorgestel deur ≠ ≠).

Die werkwoordstam -tla smelt vervolgens saam met die o van go- na weglating van g, dus:

(12e) \*Bá tló ≠ ≠ é lóta

'n Bepaalde dissimilasiereël tree hierna in werking, naamlik die dissimilasie van 'n [+H] toon in 'n reeks van drie of meer [+H] tone. Hierdie reël raak die objekskakel van die nuwe hoofwerkwoord, maar slegs as die historiese sins-/woordgrens verval. In die finale instansie het ons dus die volgende, wat ekwivalent is aan die oppervlaktestruktuur:

(12f) Bá tló e lóta

'n Parallele konstruksie met die onvoltooidheids-a vertoon presies dieselfde toonstruksie:

(13a) Bá á e lóta

'Hulle bewaar dit'

Uit die tonologiese ooreenkomste in die oppervlaktestrukture van (12f) en (13a) kan afgelei word dat die onvoltooidheids-a onderliggend soos -tlo- 'n [-H] werkwoordstam moes gewees het, en deel moes uitgemaak het van 'n meer komplekse konstruksie. In die oppervlaktestruktuur is -tlo- egter meerledig, terwyl -a- monomorfematis is. Die feit dat -tlo- in sekere gevalle met 'n vallende toon en met lengte (duur) voorkom getuig hiervan. Die [+H] gedeelte van die vallende toon kan toegeskryf word aan die werkwoordstam -tla en die [-H] gedeelte aan die prefiks go- van die infinitiewe werkwoordstam. Aan die ander kant word die onvoltooidheids-a nooit as 'n [+H][-H] reeks gerealiseer nie. Daar is dus nie 'n aanduiding van samesmelting nie - die subjekskakel of (klas)prefiks van die oorspronklike

bysinswerkwoord word gekrap en -a- word as 'n enkele morfeem gerealiseer. Die onvoltooidheids-a het egter nie 'n eie toon wat altyd gefikseer is nie. So, byvoorbeeld, kan die toon van die subjekskakel wissel na gelang van die persoonsvorm en die -a- dienooreenkomstig beïnvloed:

- (13b) Ò ā lōtā 'Jy bewaar'  
 (13c) Ó á lōtā 'Hy bewaar'

In die oorspronklike konstruksies waarin die onvoltooidheids-a as hoofwerkwoord gefigureer het, kon die daaropvolgende werkwoord, volgens tonologiese oorwegings, slegs in een van twee modi verskyn het, naamlik die infinitiewe modus of die konsekutiewe modus. Vgl. Lombard, 1976:166 en 1978:324.

- (13d) \*Bā ya // // go é tliša (infinitief) 'Hulle bring dit'  
 (13e) \*Bā ya // // ba é tliša (konsekutief)

Die (klas)prefiks/subjekskakel wat na die sinsgrens verskyn is laagtonig, en beïnvloed dus nie die bysinswerkwoord tonologies nie. Dit is slegs die (klas)prefiks en subjekskakel van die infinitiewe en die konsekutiewe modi respektiewelik wat laagtonig is.

Samevattend kan daar gesê word dat 'n morfosintaktiese en morfotonologiese vergelyking van die onvoltooidheids-a met ander oksiliëre in die taal (in 1.2.2 en 1.2.3 hierbo) aan die lig bring dat -a- waarskynlik uit 'n hulpwerkwoordkonstruksie ontwikkel het. Dit vertoon egter nie meer woordkenmerke soos sommige ander oksiliëre nie. Om dié rede kan aangeneem word dat die oorspronklike werkwoordstam \*-ya in rang verskuif het tot 'n prefigale morfeem. Streng gesproke is die sinsgrens wat na -a- voorkom, en wat in die oppervlaktestruktuur verval, dus nie meer 'n woordgrens nie, maar 'n morfeemgrens.

1.3 DIE DISTRIBUSIE VAN -a- : BESTAANDE BESKOUINGS

In aansluiting by die tradisionele beskrywing van indikatiewe werkwoorde met en sonder -a-, word daar in hierdie studie ook onderskeidelik na die "lang" en "kort" vorm verwys om verwarring te voorkom. Hieruit moet egter nie afgelei word dat die gebruik van hierdie terminologie aangemoedig word nie. Ponelis (1980:123) stel voor dat daar liefs van onderskeidelik die "kombinasievorm" en die "absolute vorm" gepraat moet word, omdat dit, na sy mening, die ware status van dergelike werkwoorde beter beskryf. Die term 'onvoltooidheids-a' dien hier as oorkoepelende term vir die bestaande terme, en sal voorlopig gebruik word totdat die identiteit van -a- met groter sekerheid vasgestel is.

Wat die distribusiereëls vir -a- betref, heers daar oor die algemeen eenstemmigheid onder die grammatici. Ook wat die interaksie tussen distribusie en betekenis betref, kom hulle sienings ooreen met dié van Ziervogel wanneer hy sê die lang en kort teenwoordige tyd is twee vorme wat nie soseer na betekenis as na sinsverband onderskei word nie (1969:45). 'n Uitsondering word gevind by K. Endemann wat die distribusie van -a- volgens Meinhof (1906:71) wel in sy vroeë skrywes primêr toeskryf aan die besondere betekenis wat die spreker wil oordra. Vergelyk:

- (14a) "Ke lira" : 'Ek doen (gewoonlik)'  
 (14b) "Ke a lira" : 'Ek (is besig om te) doen (nou op hierdie oomblik)'

Die vorm sonder -a- (kort vorm) druk dus hiervolgens 'n habituele handeling uit. Die lang vorm met -a- druk 'n voortgaande of momentane handeling uit. Dit word egter gou duidelik dat die betekenskriterium nie kan geld in sinne waar die werkwoord gevolg word deur 'n objek of deskriptiewe bepaling nie. In dié tipe sinne word die -a- gewoonlik weggelaat, maar daar bestaan geen rede waarom die kort vorm,



behalwe 'n habituele handeling, nie ewewel 'n voortgaande of 'n momentane handeling kan uitdruk nie:

- (14c) Ke dira dipalo tše : 'Ek doen gewoonlik hierdie somme'  
 òf 'Ek is besig om hierdie somme te doen'  
 òf 'Ek doen hierdie somme (nou)'

Om dus 'n momentane betekenis aan -a- te koppel, is nie juis nie. Volgens Meinhof het Endemann later die gebruik van die lang en kort vorm losgemaak van betekenis, en dit gekoppel aan sinsverband, maar met gepaardgaande betekenisnuanses. Nie net Meinhof en Endemann nie, maar ook ander grammatici, het besef dat die betekenis nie altyd die deurslag gee in die gebruik van die twee vorme nie. (Vgl. o.a. Ferreira, 1964:25). Daar word later in hierdie hoofstuk breedvoeriger op hierdie aangeleentheid teruggekom onder die bespreking van die funksie van -a-.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat grammatici 'n noue verband tussen betekenis en die distribusie van -a- insien. Dit sal dus nie altyd moontlik wees om in 'n bespreking die aandag slegs by die een of die ander te bepaal nie. Sover moontlik sal daar in hierdie hoofstuk nietemin eers by die distribusie van -a- stilgestaan word, en daarna by die funksie van -a- waarby die betekenisaspek ook meer ter sprake sal kom.

Die algemeen aanvaarde distribusionele reëls word hier voorlopig by wyse van inleiding gestel. Uit hierdie oorsig sal dit blyk dat daar van hierdie reëls is wat in heroorweging geneem sal moet word.

### 1.3.1 Die gebruik van die lang vorm

- (a) Die lang vorm moet gebruik word wanneer die werkwoord die sin afsluit, m.a.w. wanneer daar geen objek of deskriptiewe

bepaling daarop volg nie, byvoorbeeld

- (15) Bana ba a sepela 'Die kinders loop'
- (b) Die lang vorm (soos gespesifiseer in (a) hierbo) kan ook 'n objekskakel insluit:

- (16) Bana ba a di bona 'Die kinders sien hulle'  
(bv. die skape)

Die feit dat die werkwoord in (a) en (b) die sin afsluit, beteken nie dat daar nie tog wel 'n objeknaamwoord of deskriptiewe bepaling in die sin kan voorkom nie. Dié sal dan egter preverbaal verskyn, byvoorbeeld

- (17) Dinku bana ba a di bona  
of 'Die kinders sien die skape'
- (18) Bana dinku ba a di bona,

waar die objek dinku, sonder 'om verwarring te skep, sy posisie ten opsigte van die subjek bana kan verander. Dit is moontlik omdat die subjeknaamwoord en die objeknaamwoord elk hul eie kongruensiemorfeem genereer waardeur hulle geïdentifiseer kan word.

Deskriptiewe bepalings kan ook preverbaal verskyn:

- (19) Ka moso bana ba a sepela 'In die oggend loop die kinders'
- (c) Die lang vorm kan ook gebruik word wanneer die werkwoord nie die sin afsluit nie, m.a.w. wanneer daar 'n objek of deskriptiewe bepaling daarop volg.

Die lang vorm gevolg deur 'n objek:

Die objek moet deur sy kongruensiemorfeem in die werkwoord verteenwoordig word:

- (20) Bana ba a di bona dinku 'Die kinders sien die skape'

Volgens Doke (1957:442) behoort 'n objek in hierdie konstruksie in Suid-Sotho gevolg te word deur 'n demonstratief of absolute voornaamwoord. Volgens my proefpersone is bostaande voorbeeld ook daarsonder aanvaarbaar in Noord-Sotho.

Uit die voorbeeldsinne

- (16) Bana ba a di bona  
en  
(20) Bana ba a di bona dinku

kan afgelei word dat die objeknaamwoord òf weggelaat kan word òf mag verskyn. Dit dui aan dat die objeknaamwoord 'n nie-essensiële semantiese element van die sin uitmaak. Dit is asof die sin na die werkwoord afgesluit word, omdat die objeknaamwoord as't ware nie 'n nuwe semantiese inhoud by die sin voeg nie. Die aan- of afwesigheid van die objeknaamwoord skyn in dié geval ook nie 'n invloed op die vorm van die predikaat uit te oefen nie. Cole sê tereg dat dit semi-parenteties verskyn (1955:443), m.a.w. dit val buite die basiese sinseenheid.<sup>1)</sup>

Die lang vorm gevolg deur 'n deskriptiewe bepaling:

Die lang vorm kan nie willekeurig deur enige bywoord gevolg word nie. In die bestaande handleidings word die aandag meestal gevestig op die beperkings op die gebruik van sekere bywoorde by wyse van voorbeelde, soos byvoorbeeld in Van Eeden (1941:92) ten opsigte van Suid-Sotho:

---

1) Hierdie begrip word later in paragraaf 2.4.3 meer toegelig.

- (21a) Re a sebetsa joale 'Ons is nou aan die werk'  
(bywoord van tyd)
- (21b) Re a lapa masimong 'Ons word honger in die lande'  
(bywoord van plek);

maar slegs die kort vorm is toelaatbaar met die bywoord van wyse (joalo), dus

- (21c) \*Re a sebetsa joalo 'Ons werk so'

Al behoort woorde soos joale, masimong, joalo, ens. almal tot dieselfde woordkategorie, is die gebruik van -a- in sommige gevalle verpligtend, in ander is dit opsioneel en in ander weer sou die gebruik van -a- die sin ongrammaties maak. Die gevolgtrekking waartoe geraak word, is dat die bywoorde van tyd, plek en wyse nie almal in dieselfde verhouding tot die indikatiewe werkwoord staan nie.

Grammatici, soos onder andere Cole (1955) en Doke (1945), het probeer om 'n reëlmatigheid te ontdek in die gebruik van bywoorde met die lang of kort vorm. Cole, soos ook Doke, kom tot die gevolgtrekking dat die verskil tussen die bywoorde op die volgende neerkom:

"Temporal adverbs influence the verb less than do adverbs of place and manner, and may be preceded by either the long or short form."  
(op. cit.:444, 445)

Wat presies bedoel word wanneer hulle sê die bywoord "beïnvloed" die werkwoord in 'n meerdere of mindere mate, word nie uiteengesit nie. Daar word aangeneem dat dit slaan op 'n bepaalde hegtheid tussen die werkwoord en die bepaling. Dit sluit aan by die benadering bekend as die "Functional Sentence Perspective" wat ondersoek instel na die aard van die verband tussen die komponente van 'n sin. (Vgl. Louwrens, 1985). In Noord-Sotho het dit blykbaar

'n invloed op die vorm wat die werkwoord gaan aanneem. In hierdie studie is daar trouens bevind dat hierdie aangeleentheid van veel groter waarde is om duidelikheid oor die distribusie en funksie van -a- te verskaf, as wat tot dusver besef is.

- (d) Wanneer die klitiese partikels ge of hle na die werkwoord voorkom, word die lang vorm gebruik:

(22) Ke a sepela ge 'Ek loop nou maar'

'n Vokatief kan ook ná ge/hle voorkom, byvoorbeeld

(23) Letšatši le a fiša hle, batho!  
'Mense, maar dis warm!'

Indien 'n deskriptiewe bepaling soos lehono 'vandag' saam met die klitiese partikels voorkom, kán dit na die partikels optree, maar dit word verkieslik in 'n sinsinisiële posisie geplaas. Vergelyk:

(24a) Letšatši le a fiša hle lehono (Vgl. Ziervogel, 1969:64)  
teenoor

(24b) Lehono letšatši le a fiša hle.

Saam met sekere nabepalings, soos byvoorbeeld die interrogatiewe eng?/ng? 'wat?' kom die klitiese partikels met die kort vorm van die werkwoord voor:

(25) Ba dirang ge? 'Wat doen hulle tog?'

- (e) Voor die vraagpartikel na? word slegs die lang vorm gebruik. Slegs wanneer 'n bepaling tussen die werkwoord en na? ingevoeg word, word die kort vorm gebruik:

- (26a) O a sepela na? 'Loop jy?'  
 maar
- (26b) O sepela le mang na? 'Saam met wie loop jy?'

Dit bevestig weer eens dat daar 'n bepaalde semantiese verhouding tussen die werkwoord en ander woorde in die werkwoordstuk moet bestaan wat die gebruik van die lang of kort vorm in die hand werk.

### 1.3.2 Die gebruik van die kort vorm

- (a) Die kort vorm kán alleen gebruik word wanneer die werkwoord nie die sin afsluit nie, m.a.w. wanneer dit gevolg word deur 'n objek of 'n deskriptiewe bepaling.  
 Dus:

- (27a) Bana ba bona mosadi 'Die kinders sien die vrou'  
 (gevolg deur 'n objek)
- (27b) Bana ba fihla gae 'Die kinders kom by die huis aan'  
 (gevolg deur 'n bywoord)

maar nie \*Bana ba bona of \*Bana ba fihla nie.

- (b) Die kort vorm kan ook 'n objekskakel insluit, maar dan moet die werkwoord gevolg word deur 'n deskriptiewe bepaling:

- (28a) Ba di bona gabotse 'Hulle sien hulle (bv. die skape) goed'

Die objek mag ook saam daarmee voorkom:

- (28b) Ba di bona gabotse dinku

Die volgende gevalle is egter ongrammaties:

\*Ba di bona dinku, m.a.w. die kort vorm met die objekskakel gevolg deur die objek;

\*Ba di bona dinku gabotse, d.w.s. waar die objek die deskriptiewe bepaling voorafgaan.

Daar word in hierdie hoofstuk nie gepoog om 'n verklaring hiervoor aan te bied nie. In latere hoofstukke sal daar wel weer gelet word op sekere (volgorde-)beperkings wat met die gebruik van die lang en die kort vorm verband hou.

(c) Voor vraagwoorde, uitgesonderd die vraagpartikel na?, kom net die kort vorm voor:

(29) O bona mang? 'Wie sien jy?'

Bostaande oorsig (1.3.1 en 1.3.2) omlin die distribusieoontlikhede van -a-. Dit ontbreek egter in die tradisionele beskrywings aan genoegsame verduidelikings van die faktore wat dié distribusieoontlikhede van -a- beheer.

#### 1.4 DIE FUNKSIE VAN -A- : BESTAANDE BESKOUINGS

Die meeste tradisionele terme wat vir -a- gebruik word, het betrekking op sy funksie en betekenis. Uit 'n kritiese ontleding van die bestaande terminologie, het dit geblyk dat dit nie daarin slaag om die mees fundamentele fasette van -a- se funksie of betekenis te benoem nie. Dit is nie die bedoeling om hier reeds voorstelle aan die hand te doen rakende die teenstrydighede wat die bestaande terminologie suggereer nie. Deur egter hierdie teenstrydighede te ontleed, kan probleemareas geïdentifiseer word wat vir verdere bespreking in latere hoofstukke uitgesonder kan word. Uit die bestaande terminologie blyk daar twee hoofgedagterigtings oor -a- se funksie te wees, naamlik dat -a- enersyds temporale implikasies

het, maar andersyds ook ander semantiese implikasies.

#### 1.4.1 -a- met temporale implikasie

Meinhof het opgemerk dat verbale suffikse as 'n reël modaal en verbale prefikse temporaal is (1948:96). In aansluiting hierby, word -a- as verbale prefiks dikwels geassosieer met tydsaanduiding, en wel met aanduiding van die onvoltooide tyd. Die rede waarom -a- die 'onvoltooidheids-a' genoem word, is waarskynlik omdat dit binne die domein van onvoltooidheid voorkom. Dit kan egter om dié rede nie sonder meer as 'n onvoltooidheidsmerker bestempel word nie. Daar is naamlik ook onvoltooidheidsstellings wat nie die -a- insluit nie. 'n Sekere aantal oorwegings bring -a- se funksie as merker van (onvoltooide) tyd in gedrang, byvoorbeeld:

- (a) Wanneer die werkwoord die sin afsluit, moet dit as "onvoltooid" gemarkeer word deur middel van 'n grammatiese morfeem. Waar die werkwoord 'n onvoltooide handeling uitdruk en daar iets op die werkwoord volg, ontbreek sodanige morfeem:

- |       |                      |                          |
|-------|----------------------|--------------------------|
| (30a) | Monna o a lema       | 'Die man ploeg'          |
| (30b) | Monna o lema tšhemo  | 'Die man ploeg die land' |
| (30c) | Monna o lema gabotse | 'Die man ploeg goed'     |

Sou die aan- of afwesigheid van 'n objek of deskriptiewe bepaling iets met tyd te make hê?

- (b) Dit is vreemd dat -a- as 'n tydsmorfeem bestempel word as die gebruik daarvan in die werkwoord deur die gebruik van die objekskakel en objek verpligtend gemaak word:

- |       |                                      |                                 |
|-------|--------------------------------------|---------------------------------|
| (31a) | Mosadi o hlatswa diaparo             | 'Die vrou was klere'            |
| (31b) | Mosadi o a di hlatswa <u>diaparo</u> | 'Die vrou was dit, die wasgoed' |



Daar kan in sulke gevalle kwalik 'n verband ingesien word tussen kongruensie van die objek met die werkwoord deur middel van die objekskakel, enersyds, en die grammatiese kategorie van tyd, andersyds.

- (c) Ontkenning gaan normaalweg nie gepaard met tydsverandering nie. Nogtans verval die behoefte aan -a- as tydsmerker in die ontkenning:

- (32a) Nonyana e a fofa                    'Die voël vlieg'  
 (32b) Nonyana ga e fofe                    'Die voël vlieg nie'

Morfeme soos ga-, se-, ens. wat in die ontkenning voorkom, verwerf hulle identiteit as negatiefmorfeme op grond van die feit dat hulle ontkenning markeer. Die grammatiese kategorie "ontkenning" gee dus identiteit aan die komponente wat daarin voorkom. Dieselfde geld egter nie ten opsigte van -a- nie: Die feit dat dit in die onvoltooide tyd voorkom, maak nie van hierdie morfeem 'n onvoltooide tydsmorfeem nie. Grammatici het hierdie feit misgekyk.

- (d) Dit is nie seker of die -a- beperk is tot die onvoltooide tyd nie. Volgens Grobbelaar (1952:16) is dit wel so:

"Ons noem hierdie a die a-teenwoordige Tyd (want later, as ons sinne maak wat nie in die teenwoordige tyd is nie, sal daar ook geen a op die Ond. sk. (Onderwerpskakel - IMK) volg nie)."

Hierdie beskrywing neem nie in ag nie dat daar wel 'n -a- in die voltooide tydvorm aangetref word, en wel in die ontkenning:

- (33a) Ke sepetše                    'Ek het gegaan/geloop'  
 (33b) Ga ke a sepela                    'Ek het nie gegaan/geloop nie'

Die vraag is egter of hierdie -a- dieselfde is as dié van die onvoltooide tyd. Volgens Van Eeden (1941) is die negatief van die perfektum blykbaar niks anders nie as die lang vorm van die onvoltooide tyd met die negatiewe prefiks vooraan. Aangesien die positief van die perfektum dikwels die resultaat van 'n handeling aandui en nie altyd die voltooidheid van 'n handeling nie, behoort die negatief volgens hom ook 'n teenwoordige implikasie te hê - in hierdie geval 'ek is nie weg nie/ ek is nie aan die wegloop nie'.

- (e) Daar bestaan nie noodwendig 'n een-tot-een verhouding tussen die tydvorm van die werkwoord (Engels "tense") en die (universele) tyd (Engels "time") waarin dit voorkom nie. Al word die lang vorm algemeen as 'n tydvorm van die onvoltooide tyd geïdentifiseer, is dit nie beperk tot hierdie tyd nie. Van Rooyen (1977:173) het om dié rede voorgestel dat die sogenaamde onvoltooide tydvorm van die werkwoord (hetsy kort of lang vorm) gewoonweg die stelvorm genoem word, "omdat hy primêr net 'n handeling, proses of toestand daarstel sonder meer". In die volgende voorbeeld kom die lang vorm onder andere in 'n vertelling in die voltooide tyd voor:

- (34) "Nkopo ge a dutše a re o a khutša, a kwa gorogoro  
ka lepokising." (Motuku, 1972:56)  
'Toe Nkopo gaan sit het en wou rus (letterlik: toe  
hy sê hy rus), toe hoor hy 'n beweging in die kis.'

- (f) Dit is moeilik om te sien hoe tyd verband kan hou met die opsionele gebruik van -a- in sommige gevalle:

- (35a) Ke a sepela gona bjale 'Ek loop nou'  
(35b) Ke sepela gona bjale

Bogenoemde besware het blykbaar nie genoeg gewig gedra om die konsep van -a- as teenwoordige tydsmerker te verander nie. Dit is wel so dat -a- se domein van distribusie die teenwoordige, of die onvoltooide tyd is. Dit is dan waarskynlik ook om dié rede dat -a- die benaming 'onvoltooidheids-a' of iets dergeliks verwerf het. Vergelyk Lombard (1978:320) "present tense marker", Ziervogel (1969:18, 1972:24) "teenwoordige tydsvormelement" asook "teenwoordige tydsmorfeem" of "teenwoordige tyds-a" (Ziervogel, 1969:19), Endemann (1939:24) en Grobbelaar (1952:16) "die a-teenwoordige tyd". Cole maak gebruik van die term "verb tense formative" (1955:406). Alhoewel laasgenoemde term die -a- nie aan 'n bepaalde tyd koppel nie, word dit nogtans as 'n tydsmorfeem geïdentifiseer.

Die term 'onvoltooidheids-a' in hierdie verhandeling is 'n voorlopige keuse, aangesien dit die term is waaronder die meeste grammatici dieselfde verskynsel verstaan. Dat dié en ander terme egter in herooringeneem behoort te word, lei geen twyfel nie.

#### 1.4.2 -a- met ander semantiese implikasies

Die volgende begrippe/begrippe kom gewoonlik ter sprake in 'n beskrywing van -a-, en word hier kortliks in oënskou geneem: voortdurend/nie-voortdurend, bepaald/onbepaald, emfaties/nie-emfaties.

##### (a) Voortdurend/Nie-voortdurend

Ziervogel (1958) tref 'n onderskeid by die gebruik van die terme "voortgaande" en "voortdurende". Eersgenoemde gebruik hy ten opsigte van die lang vorm van die werkwoord, en laasgenoemde met verwysing na 'n progressiewe handeling met die persistief -sa-. In hierdie studie sal egter

"voortgaande", "voortdurende" sowel as "kontinuerende" voorkom om te verwys na 'n handeling wat besig is om plaas te vind.

Tradisioneel word geleer dat -a- 'n voortgaande aspek aan 'n handeling verleen. Dit is opvallend hoeveel grammatici die kort vorm onderskei van die lang vorm op grond van laasgenoemde se vermoë om 'n voortdurende betekenis aan die handeling te verleen - 'n vermoë waaroor die kort vorm dus blykbaar nie beskik nie. Grammatici wat die lang vorm onder andere beskryf as die voortgaande of kontinuerende vorm is Per. on (s.j.), Doke (1945), Van Eeden (1941) en Ferreira (1964) om maar net 'n paar te noem. K. Endemann het, aldus Meinhof (1906: 70, 71), ook aanvanklik die "twee teenwoordige tye" aan die hand van hierdie kriterium onderskei. Alhoewel Doke, sowel as Cole, meen dat daar nie 'n wesenlike verskil in betekenis is tussen die kort en die lang vorm nie, verkies hulle steeds om na die lang vorm te verwys as die voortgaande teenwoordige tyd.

Dieselfde tipe argumente op grond waarvan -a- as tydsmerker in twyfel getrek is (vgl. 1.4.1), kan ook hier ingebring word om te bepaal hoe geldig die beskrywing van -a- as merker van 'n voortdurende handeling is:

- As -a- wegval wanneer die werkwoord gevolg word deur 'n objek (of deskriptiewe bepaling), sou dit beteken dat die handeling verander van 'n voortdurende een na 'n nie-voortdurende een:

(36a) Mošemane o a lema 'Die seun is besig om te ploeg'  
 (36b) Mošemane o lema tšhemo 'Die seun ploeg die land'

Daar is egter geen rede waarom daar nie ook gesê sou kan word 'Die seun is besig om die land te ploeg' of insgelyks

dat die eerste sin nie ook geïnterpreteer sou kan word as 'Die seun ploeg' nie.

- Die lang vorm word gebruik wanneer die objek deur sy kongruensiemorfeem in die werkwoord verteenwoordig word:

(37a) Ke thuša monna                    'Ek help die man'  
 (37b) Ke a mo thuša monna

Watter verband daar bestaan tussen die feit dat kongruensie bewerkstellig is tussen die objek en die werkwoord en die verwerwing van 'n voortdurende betekenis deur die handeling is nie duidelik nie.

- As -a- 'n merker van voortdurendheid van handeling is, beteken dit dat slegs bevestigende stellings voortdurend kan wees, aangesien die -a- in die ontkenning wegval:

(38a) Ke a sepela                    'Ek is besig om te loop.'  
 (38b) Ga ke sepele                    'Ek loop nie'

Ten spyte van die afwesigheid van -a- in die ontkenning, kan egter wel gesê word 'Ek is nie besig om te loop nie'.

Daar dien opgemerk te word dat bogenoemde argumente slegs by implikasie geld. Dit is slegs die lang vorm wat met 'n bepaalde betekenisaspek, naamlik voortdurend, geassosieer word. Die kort vorm, daarenteen, word nooit pertinent daarmee gekontrasteer as 'n nie-kontinuerende vorm nie en word slegs by implikasie as sodanig geïnterpreteer. Die lang vorm as kontinuerende vorm word wel teenoor die kort vorm gestel, maar dan teenoor die kort vorm as onbepaalde of eenvoudige teenwoordige tydvorm. Myns insiens vorm die begrippe "voortdurend" vir die lang vorm en "onbepaald" vir die kort vorm nie 'n logiese begripspaar nie.

Dit is nie noodwendig die teenwoordigheid van -a- in die werkwoord wat 'n voortdurende aspek aan die handeling verleen nie. Dit is eerder die konteks waarin stellings voorkom wat sal bepaal of 'n handeling 'n voortdurende proses uitdruk of nie. 'n Werkwoord alleen sal selde die volledige draer van aspek wees. In die meeste gevalle help die hele sin of konteks om 'n bepaalde aspek op te bou. Daar moet dus daarteen gewaak word om 'n bepaalde aspek aan die lang of kort vorm van die werkwoord te verbind.

Die tradisionele verwysing na die lang vorm as die voortdurende teenwoordige vorm is eweneens nie heeltemal ongegrond nie. Aangesien die onvoltooide tydvorm oorwegend gebruik word wanneer daar verwys word na gebeure wat op die oomblik plaasvind, dit wil sê wat aan die gang is op die oomblik van mededeling, is dit verstaanbaar waarom voortduring met die onvoltooide tydvorm geassosieer word.

(b) Bepaald/Onbepaald

Die lang vorm word dikwels geassosieer met bepaaldheid en die kort vorm met onbepaaldheid. Hiermee word onder andere bedoel dat die handelingswyse in die lang vorm in een of ander opsig bepaald is, terwyl dit in die kort vorm in een of ander opsig onbepaald en dus nie duidelik omskewe is nie. Volgens Van Eeden (1956:229) verteenwoordig bogenoemde wyse-onderskeiding dié wat deur Zulu-grammatici erken is ten opsigte van die lang en die kort vorm. Van Eeden sou hier egter ook ander oorwegings wil laat geld, veral dié van die beklemtoonde (emfatiese) teenoor die onbeklemtoonde (nie-emfatiese) handeling

"...omdat dit nie genoegsaam duidelik is waarom vir die betrokke tydvorms juis die benaminge "onbepaald" en "bepaald" gekies is nie." (op. cit.:230).

Daar behoort vasgestel te word wat presies bedoel word met beklemtoning en bepaaldstelling. Voorlopig kan genoem word dat, wat bepaaldstelling betref, dit oënskynlik anders geïnterpreteer word as binne 'n diskoersanalitiese benadering. Waar die tradisionele beskrywing onder andere bepaaldheid aan die handeling koppel, is bepaaldheid in 'n diskoersraamwerk net van toepassing op naamwoorde. Slegs woorde wat na 'n bepaalde referent verwys kan bepaald gestel word. Neem ons 'n woord soos mošemane, vind ons dat die referent "seun" geïdentifiseer kan word uit 'n meer omvattende groep referente met semantiese kenmerke soos

+ konkreet
+ lewend
+ menslik
+ manlik
+ telbaar
+ enkelvoud

Die werkwoord, daarenteen, se verwysingsmoontlikhede is van so 'n aard dat dit nie 'n onderdeel kan vorm van 'n omvattender groep referente met dieselfde semantiese kenmerke nie. Bepaaldstelling, in die ware sin van dié woord, is dus nie van toepassing op die werkwoord nie.

Ondersoek van bestaande beskrywings het getoon dat die begrippe "bepaald" en "onbepaald" nie net gebruik is met verwysing na die handeling nie, maar ook met betrekking tot objekte, hoewel nie vanuit 'n diskoersanalitiese verwysingsraamwerk nie. So maak Doke, byvoorbeeld, met verwysing na Zulu, melding van objekte wat onbepaald is in die kort vorm, maar bepaald in die lang vorm wanneer die objekskakel in die werkwoord opgeneem is:

"Ngifuna umfana            'I am looking for a boy'  
 Ngiyamfuna umfana    'I do want a boy; I need the boy'  
 (1945:337) (Dubbele onderstreping - IMK)

In Hlongwane (1976:37) word die begrip "bepaaldheid" nie net toegepas op die handeling nie:

"-ya- indicates definiteness of the predicate",

maar die vorm van die werkwoord reflekteer ook bepaaldheid of onbepaaldheid van ander informasie (nie net die objek nie) wat saam met die werkwoord optree:

"In Zulu definiteness is mainly reflected in the predicate through its long form(s) and concord(s). A definite noun, be it the subject or object must have its concord in the predicate. Cf. umfana, uyayishaya inkomo where the subject and object are definite ...

Indefiniteness denotes vagueness of information contained in the sentence. It is usually expressed by the short form of the predicate, omission of the concord or preprefix in nouns and the employment of ku-concord." (op. cit.:18)

Bepaaldheid is 'n diskoerseienskap wat tradisioneel (dalk nie as sulks nie) toegeskryf is aan die aanwesigheid van -a-. Slegs informasie wat bekend is uit die diskoers (d.i. uit die voorafgaande verbale kommunikasie tussen 'n skrywer/spreker en die leser/aangesprokene) kan bepaald gestel word. Nuwe informasie is altyd onbepaald. Informasie wat nie in die voorafgaande diskoers voorkom nie, maar wat deur die skrywer as bekend aan die leser veronderstel word, kan ook bepaald gestel word. In die voorbeeld

(39a) Ke a di bona gabotse dinku  
'Ek sien die skape goed'

is dinku bekende of ou informasie, dus bepaald, omdat die spreker na sekere skape verwys waarvan ðf reeds vooraf in die diskoers melding gemaak is ðf waarvan die spreker aanneem dat die identiteit aan die angesprokene bekend is.



Sou hierdie vorm die bepaalde teenwoordige tyd ("definite present tense") genoem word, sou dit beteken dat -a- streng gesproke 'n merker van bepaaldheid, of anders gestel, van bekende informasie is. Uit 'n diskoersanalitiese oogpunt, waarin daar uitgegaan word van ou of nuwe informasiernaamwoorde om bepaaldheid en onbepaaldheid vas te stel, kan geargumenteer word dat dit nie -a- is wat aan naamwoorde bepaaldheid verleen nie, maar dat dit juis die bepaaldheid van die betrokke naamwoorde mag wees wat die aanwesigheid van -a- toelaat. So, byvoorbeeld, behou die objek in die voorbeeldsin sy ou informasiestatus of bepaaldheid al word die -a- weggelaat. Die sin is nog steeds grammaties en word trouens verkies bo sin (39a) met die lang vorm:

(39b) Ke di bona gabotse dinku  
'Ek sien die skape goed'

In die lig hiervan kan -a- dus nie as merker van bepaaldheid beskou word nie. Bepaaldheid en onbepaaldheid word in Noord-Sotho nie noodwendig vormlik gemarkeer nie, maar word veral weerspieël in die sintaksis van die taal. Alhoewel die tradisionele grammatici se interpretasie van die begrippe bepaald/onbepaald nie gebaseer is op ou en nuwe informasiestatus van gegewens nie, en dus nie ooreenstem met die interpretasie binne 'n diskoersanalitiese benadering nie, het hulle nietemin gepoog om 'n semantiese onderskeid te tref tussen die twee vorme. Onderzoek het die vermoede versterk dat -a- indirek betrokke is by bepaaldheid en onbepaaldheid van informasie, maar dan met inagneming van diskoerskonteks en wel as "grensmerker". Wat presies bedoel word met die markering van grense sal in latere hoofstukke duidelik word. Voorlopig word net genoem dat dit verband hou met die aanduiding van afgeronde kommunikatiewe eenhede.

(c) Emfaties/Nie-emfaties

Noord-Sotho as toontaal kan nie van suprasegmentele middele gebruik maak om emfase of prominensie aan informasie in 'n sin te verleen nie. Daar moet dus ander strategieë vir dié doel aangewend word. Een van hierdie strategieë, volgens die tradisionele grammatici, is die aanwending van die lang vorm van die predikaat wat emfase aan die handeling verleen:

(40) Mmamahlo o a tšwafa sekolong, le ge batswadi  
ba mo kgalema

'Mmamahlo is lui op skool, alhoewel haar ouers  
haar berispe'

Die lang vorm staan onder andere bekend as die emfatiese tydvorm of ook die sterk vorm (bv. in Grout, 1893; Van Eeden, 1956 en Wanger, 1917). Die kort vorm, daarenteen, stel die handeling nie prominent nie. Dit word die nie-emfatiese tydvorm, die swak vorm of die eenvoudige vorm genoem.

Die tradisionele grammatici het dikwels gebruik gemaak van die terme "klem" of "beklemtoning" in hul bespreking van die lang vorm. Daar is bevind dat hierdie terme enersyds gebruik is met verwysing na die besondere nadruk wat op sekere woorde in 'n mededeling gelê word. Andersyds is bevind dat informasie wat tradisioneel as "beklemtoonde" informasie beskryf is, eerder gefokusseeerde inligting is.

In (41) as antwoord op die vraag O dirang? 'Wat doen jy?' word die handeling én die objek "beklemtoon", d.w.s. op die voorgrond geplaas of gefokusseeer:

(41) Ke ngwala teko

'Ek skryf 'n toets'

Die "beklemtoning" van die handeling en die objek in die kort vorm wat hier (intuïtief deur die moedertaalspreker) aan gevoel word, is te wyte aan die nuwe informasie status van die werkwoord en die objek in die mededeling. Die tradisionele opvatting, dus, dat die lang vorm beklemtoonde handeling aandui, terwyl die kort vorm onbeklemtoonde handeling aandui, behoort in heroorweging geneem te word.

Sin (41) kan ook as antwoord dien op 'n vraag soos O ngwala eng? 'Wat skryf jy?'. In hierdie geval is die handeling bekend en word slegs die objek as nuwe informasie prominent gestel. Dit is dus die omstandighede waaronder die sin gebesig word wat bepaal watter inligting prominent sal wees en watter nie. Vergelyk Van der Westhuizen (1949:143) wat tereg opmerk dat:

"... daar tussen die Langvorm en die Kortvorm self geen verskil in betekenis is nie. Waar daar wel verskil bestaan tussen die betekenis weergegee deur 'n sin waarin die Langvorm optree en dié van 'n sin waarin die Kortvorm optree, moet die verklaring van die verskil gesoek word in die samehang tussen al die elemente in die betrokke sinne."

'n Belangrike strategie waardeur informasie onder andere gefokusseer kan word in die Bantoetale en wat hier uit die oog verloor word, is sintaktiese markering. Gewoonlik is dit die eerste deel van 'n sin waarop die fokus val, of dit nou die subjek, die handeling, die objek of die bepaling is:

- |      |                             |                   |
|------|-----------------------------|-------------------|
| (42) | <u>Ngwana</u> o ngwala teko | Fokus op die      |
| (43) | <u>Ngwana</u> o a e ngwala  | subjek 'kind'     |
| (44) | O <u>ngwala</u> teko ngwana | Fokus op die      |
| (45) | O a e <u>ngwala</u> ngwana  | handeling 'skryf' |

- (46) Teko, ngwana o a e ngwala      Fokus op die objek  
'toets'
- (47) Lehono ngwana o ngwala teko      Fokus op die  
bepaling 'vandag'

Hieruit kan afgelei word dat die a-morfeem nie 'n primêre rol speel in die markering van "beklemtoning" nie.

Om te vermy dat "klem" geassosieer word met prosodie, stel Kruger (1971:89, 90) voor dat die -a- die "spesifiserende a" genoem word.

In 'n stelling soos

- (48) Ke a bona muši  
'Ek sien die rook' (In teenstelling met bv.  
'Ek ruik die rook'),

word die werkwoord hiervolgens "gespesifiseer".  
Vergelyk ook:

- (49) Ke a bolela le wena, ga ke lwe le wena  
'Ek praat met jou, ek baklei nie met jou nie',

waarin die twee handelinge kontrasterend teenoor mekaar gestel word. Deurdat die handeling in bogenoemde twee voorbeelde in die lang vorm voorkom, word dit uitgelig uit al die moontlikhede wat by die hoorder mag opkom. Ander informasie in die mededeling word as minder belangrik in die kommunikasiesituasie beskou.

In gevalle waar die -a- opsioneel is, maar die skrywer/spreker verkies om dit wel te gebruik, is dit waarskynlik omdat die skrywer/spreker daarmee 'n bepaalde doel wil bereik. Van Rooyen (1977:171) stel byvoorbeeld voor dat

die skrywer/spreker van die lang vorm gebruik maak, omdat hy daarmee te kenne wil gee dat wat hy sê geloofwaardig is:

(50) Ke a sepela gona bjale. 'Ek loop nou werklik'

In 'n persoonlike mededeling het laasgenoemde "the assertive a" as 'n moontlike benaming vir -a- in hierdie geval voorgestel. Die Afrikaanse "bevestigende a" druk nie dieselfde uit as die Engelse ekwivalent nie, omdat dit die indruk skep dat dit teenoor "ontkennend" gestel word, wat geensins die bedoeling is nie.

Die status van -a- as merker van emfase kom in gedrang, nie net in die lig van sommige van die argumente hierbo nie, maar ook wanneer daar gekyk word na emfasering in ander modi buiten die indikatiefmodus. As die -a-, wat skynbaar' alleenlik in die indikatiefmodus voorkom, as merker van emfase diens doen, is dit vreemd dat emfase wel in die ander modi aangetoon kan word sonder dat hulle oor emfatiese morfeme beskik.

#### 1.5 SAMEVATTING

Samevattend kan gesê word dat hierdie uiteensetting van die funksie van -a- poog om die hoofgedagtes in bestaande beskouinge uit te lig om sodoende 'n vertrekpunt te bied vanwaar 'n verdere bespreking van die onderhawige probleem gevoer kan word. Die verskillende gedagtes is onder twee hoofpunte gegroepeer, naamlik dat -a- 'n morfeem met 'n temporale implikasie is enersyds, en dat -a- 'n morfeem met ander semantiese implikasies as 'n temporale een is, andersyds. Wat laasgenoemde betref, is begripsspare soos voortdurend/nie-voortdurend, bepaald/onbepaald en emfaties/nie-emfaties

se geldigheid ontleed. Daar is aangetoon dat die tradisionele beskouinge dikwels slegs een aspek van -a- se funksie in oënskou neem ten koste van ander. Sommige sienings is om dié rede aanvegbaar. Alhoewel die tradisionele grammatici die lang en kort vorm geassosieer het met verskillende semantiese implikasies, het hulle die verskil in die aanwending van die werkwoordvorme primêr toegeskryf aan sintaktiese oorwegings. Vergelyk:

Van Eeden (1956:246)

"Ten opsigte van die semantiese aspek kan uit die voorafgaande ook tot 'n mate afgelei word dat daar geen besondere of prinsipiële betekenisverskil tussen die kort- en die langvorm bestaan nie, soos bv. resp. dié van nie-voortdurendheid teenoor dié van voortdurendheid van 'n handeling; altans in hulleself - d.w.s. afgesien van ander, veral sintaktiese omstandighede - verskil hulle nie (noemenswaardig) in hierdie opsig nie."

Doke (1945:167)

"The above two tenses are not really distinct in meaning or significance, but very definite rules have to be observed when using them, for in certain circumstances the one is used, and in other circumstances the other."

Sintaktiese oorwegings alleen sou egter nie kon verklaar waarom 'n sin soos (51) meer aanvaarbaar is as (52), wat dieselfde konstruksie, naamlik werkwoord-lokatiewe bepaling, vertoon nie:<sup>1)</sup>

(51) O a rutha ka meetseng  
teenoor:

'Hy swem in die water'

(52) ?O a bapala tseleng

'Hy speel by die pad'

1) Sien paragraaf 4.4 vir 'n bespreking van hierdie voorbeeld.

Daar word voorlopig voorsien dat die mees fundamentele funksie van -a-, naamlik dié van afgrensing van volledige kommunikatiewe eenhede, tot op hede nog nie deur navorsers na behore geïnterpreteer en beskryf is nie.

## HOOFSTUK 2

## BENADERING TOT DIE STUDIETERREIN

## 2.1 INLEIDING

Voordat 'n meer gedetailleerde en sistematiese ondersoek van die distribusie van -a- aangepak word, is dit nodig dat enkele inleidende opmerkings in hierdie hoofstuk gemaak word oor die algemene domein van distribusie, asook oor die benaderingswyse wat in hierdie ondersoek gevolg word.

## 2.2 ALGEMENE DOMEIN VAN DISTRIBUSIE

Oorsigtelik kan die algemene domein waarin die onvoltooidheids-a voorkom beskryf word as die onvoltooide tyd van indikatiewe werkwoorde in die bevestigende vorm.

## 2.2.1 Indikatiewe modus

Omdat die distribusie van -a- tot indikatiewe werkwoorde beperk is, kan veronderstel word dat -a- in dié modus 'n bepaalde rol vervul wat óf nie relevant is vir die ander modi nie, óf wat in die ander modi deur middel van ander strategieë uitgedruk word. Daar is geen sinchroniese verklaring waarom die -a- juis net in die indikatiewe modus verskyn en nie in die ander modi nie.

## 2.2.2 Onvoltooide tyd

In paragraaf 1.4.1 is reeds heelwat kommentaar gelewer op die temporale implikasie van -a-. Bestaande benaminge soos "teenwoordige tyds-a" of "onvoltooidheids-a" gee te kenne dat



hierdie morfeem verband hou met die onvoltooide tyd. Sommige grammatici (byvoorbeeld Van Eeden, 1941:119) is van mening dat die -a- wat in die voltooide tyd se ontkenning voorkom, dieselfde -a- is as dié in die onvoltooide tyd. Vergelyk:

Onvoltooide tyd:

Ke a rata

'Ek het lief'

Voltooide tyd, ontkenning:

Ga ke a rata

'Ek het nie lief gehad nie'

Daar kan egter nie ingesien word hoe -a- hier een en dieselfde morfeem kan wees nie as daar rekening gehou word met die gedragspatroon van -a- soos dit hom in die onvoltooide tyd voordoet. In die onvoltooide tyd word die distribusie van -a- naamlik deur sekere faktore beheer wat nie 'n invloed op die distribusie van -a- in die ontkenning van die voltooide tyd het nie. Dit verrig dus in die voltooide tyd oënskynlik nie dieselfde funksie as in die onvoltooide tyd nie. Die -a- wat in die voltooide tyd se ontkenning voorkom, behoort verkieslik anders benoem te word, byvoorbeeld die voltooidheids- of statiewe -a-. Lombard (1976:132) is die mening toegedaan dat die -a- (oorspronklik waarskynlik -ya) in die ontkenning van die voltooide tyd deel uitgemaak het van 'n hulpwerkwoordgroep en wel as negatiewe hulpwerkwoordstam. Hierdie studie konsentreer op die -a- in Noord-Sotho soos wat dit in die onvoltooide tyd voorkom. Daar sal nie verder ingegaan word op die -a- wat in die ontkenning van die voltooide tyd verskyn nie.

Daar moet op gelet word dat die onderskeid tussen 'n "lang" en 'n "kort" vorm in ander Bantoetale wel buite die domein van die onvoltooide tyd aangetref word. In Zulu, byvoorbeeld, word daar ook in die voltooide tyd tussen 'n lang en 'n kort vorm onderskei. Die verskil hier is egter dat die lang en kort vorme deur 'n bepaalde suffiks gemarkeer word in plaas van deur die aan- of afwesigheid van 'n prefigale morfeem soos -a-. Vergelyk die gebruik van die lang vorm (suffiks -ile) met dié van die kort vorm (suffiks -e):

Ngibonile 'Ek het gesien',

waar die lang vorm gebruik word omdat geen bepaling na die werkwoord volg nie,

met:

Ngibone umfana 'Ek het die kind gesien',

waar die kort vorm gebruik word aangesien die werkwoord nie die sin afsluit nie.

Dit is moontlik dat bogenoemde onderskeid ook oorspronklik ten opsigte van Noord-Sotho in die voltooide tyd gegeld het. In Noord-Sotho word naamlik ook die suffikse -ile en -e aangetref. Vergelyk:

Pere e ragile (modiši)

'Die perd het (die veewagter) geskop'

met:

Dimpša di bone (kotsi)

'Die honde het (die gevaar) gesien'

Daar sal opgelet word dat die verskil in die suffikse hierbo nie meer funksioneel is nie. Die kort vorm (met suffiks -e) het dalk onproduktief geraak. Slegs sekere werkwoordstamme in Noord-Sotho kan die suffiks -e in die voltooide tyd neem, terwyl die suffiks van die lang vorm die produktiefste is.

### 2.2.3 Bevestigende vorm

Die distribusie van -a- is beperk tot bevestigende werkwoorde in stelsinne. Daar sal opgemerk word dat die semantiese verskil wat tradisioneel in die bevestiging aan die lang en kort vorm gekoppel word, in die negatief verval, omdat daar nie in die negatief 'n vormlike onderskeid tussen sodanige twee vorme bestaan nie. Die lang en die kort vorm word albei

op dieselfde wyse ontken.

Bevestigende vorm:

Ke a ngwala : Tradisioneel geassosieer met voortdurendheid  
van handeling, dus 'Ek is besig om te skryf'  
en

Ke ngwala lengwalo : Tradisioneel: 'Ek skryf 'n brief'

Ontkennende vorm:

Ga ke ngwale (lengwalo).

Nadat die algemene domein van distribusie van die onvoltooidheids-a aldus vasgestel is, dien die voorbeeldmateriaal wat in hierdie ondersoek betrek word, kortliks gespesifiseer te word:

### 2.3 DATAKORPUS

In die onderhawige studie word die distribusie en funksie van -a- oorwegend ondersoek met verwysing na die enkelvoudige sin. Die motivering hiervoor lê opgesluit in die vermoede dat die onvoltooidheids-a se funksie in die enkelvoudige sin nie in wese verskil van dié in saamgestelde of newegeskikte sinne nie. Die opspoor van geskikte enkelvoudige voorbeeldsinne het egter 'n probleem laat ontstaan. Eerstens kon daar nie op 'n uitgebreide skaal van literêre werke gebruik gemaak word as bron vir voorbeelde nie, aangesien die frekwensie van enkelvoudige indikatiewe stellings, veral in verhalende tekste, redelik laag is. Die soektog na voorbeelde moes verder beperk word tot een modus - die indikatief - en een vorm: die bevestiging. Verder moes werkwoorde in slegs één tydvorm nagespeur word, naamlik die onvoltooide tyd. In letterkundige werke wat oorwegend verhalend van aard is, kom die onvoltooide tyd en daarmee dan ook die -a-, beperk voor. Die grootste bron van indikatiewe werkwoorde in die onvoltooide tyd is waarskynlik gesprekstekste (dialoë). Die rede daarvoor is dat die gebruik

van die onvoltooide tyd in die hand gewerk word deurdat die gesprek deikties in die onmiddellike situasie geanker is. (Vgl. Ponelis, 1980:113).

Oorwegings soos hierdie het daartoe gelei dat baie van die voorbeelde vir die doel van hierdie studie self opgestel moes word na gelang van die distribusiepatrone wat ondersoek moes word. Uit die aard van die saak kon informante hulle nie beroep op 'n diskoerskonteks in hul beoordeling van hierdie self-opgestelde sinne wat aan hulle voorgelê is nie. Hulle uitsprake geld dus oorwegend vir die spreiding van -a- in onafhanklike sinne, tensy anders aangedui. Om dié rede is voorbeelde wat in hierdie ondersoek met 'n vraagteken gemerk word, nie noodwendig ongrammaties nie, maar mag afhanklik wees van hoogs gespesifiseerde kontekste vir hul gebruik. Om enigsins gesag aan die bespreking te verleen, is daar nogtans gepoog om gebruik te maak van voorbeelde uit literêre werke.

Die dominante volgordepatroon wat die sin in die Bantoetale kenmerk is die SVO (Subjek-Werkwoord-Objek)-volgorde, wat 'n ontwikkeling is uit die SOV-volgorde van Oer- of Proto-Bantoe (vgl. Givón, 1971). As daar op die volgordepatrone in die Bantoetale gelet word, is dit duidelik dat daar dikwels van die dominante SVO-volgorde afgewyk word. Die subjek kan, byvoorbeeld, verskuiwings ondergaan ten opsigte van die werkwoord; so ook die objek en deskriptiewe bepalinge. Daar sal onder andere ondersoek ingestel word na die uitwerking van sulke volgordeveranderinge op die distribusie van -a-.

## 2.4 DIE FUNKSIONELE SINSPERSPEKTIEF (FSP) AS RAAMWERK

### 2.4.1 Inleiding

Die bevindinge van hierdie ondersoek rakende die funksie van -a- dui daarop dat die semantiese verbande tussen die lede

van 'n sin 'n faktor is waarmee noodwendig rekening gehou moet word. In die verlede het sodanige verbande nie die aandag geniet wat dit toekom in die behandeling van die onvoltooidheids-a nie. Dit het geblyk dat 'n bevredigende verklaring vir die gebruik van die lang en kort vorm nie gevind kan word binne die beskrywingsraamwerk wat tradisionele grammatici voorstaan nie. Die hoofgedagterigtings waarna hier verwys word is enersyds, dié waar -a- as 'n morfeem met temporale implikasie beskou word (par. 1.4.1); en andersyds, dié waar semantiese attribute anders as 'n temporale een aan die lang vorm as geheel geheg word (par. 1.4.2). So, byvoorbeeld, kan die distribusie van -a- nie altyd verklaar word in terme van begripsspare soos "kontinuerend/nie-kontinuerend", "bepaald/onbepaald", "emfaties/nie-emfaties" wat die tradisionele gedagterigtings kenmerk nie. Sommige van die tradisionele grammatici het by wyse van sekere opmerkings laat blyk dat die fundamentele funksie van -a- nog nie na behore verwoord is nie. So merk Doke (1945:334, 335), byvoorbeeld, op dat enige benaming vir -a- slegs 'n gedeelte van sy aanwending uitdruk:

"These terms, however, only serve to describe a part of the functions differentiating their use."

Vir die doel van hierdie studie word die benadering wat bekend staan as die Funksionele Sinsperspektief (FSP) as die aangewese raamwerk beskou, omdat dit effektief aan die behoeftes van hierdie betoog beantwoord. Die FSP is 'n teorie ontwikkel deur linguïste van die Fraagse Skool. Die naam van Vilém Mathesius (1882-1945) word geassosieer met die oorsprong van dié teorie. (Vergelyk ook o.a. Gundel, 1977; Louwrens, 1983 en Halliday, 1974). Binne hierdie raamwerk het die funksie van -a- duidelik uitgekristalliseer as synde dié van wat, voorlopig, 'n "grensmerker" genoem kan word.

#### 2.4.2 Die rol van konteks in die FSP

'n Belangrike saak wat in baie van die bestaande handleidings nie in aanmerking geneem word by die bespreking van die sogenaamde lang en kort teenwoordige tye nie, is dat 'n sin slegs na behore geanaliseer kan word met inagneming van die konteks waarin dit voorkom. Met "konteks" word bedoel die somtotaal van die kennis waarvoor die gespreksgenote in die kommunikasiesituasie beskik. Indien persoon A byvoorbeeld aan persoon B sou meedeel dat:

(53) Kgarebe e kga meetse 'Die jongvrou skep water',

bied hy kgarebe as ou informasie in die preverbale posisie aan. Nuwe informasie is sintakties beperk tot die postverbale posisie en genereer ook nie kongruensie met die werkwoord soos dit die geval met kgarebe is nie. Om hierdie rede moet kgarebe reeds uit die voorafgaande diskoers aan die gespreksgenote bekend wees. Dit is duidelik dat die toepassing van die begrippe "ou" en "nuwe" informasie betekenisloos sou wees as die sin uit sy konteks verwyder sou word. Wat vir hierdie studie veral van belang is, is dat die ou of nuwe informasiestatus van gegewens een van die sleutels konstitueer tot 'n duideliker begrip van die distribusionele gedrag van -a-. Aan hierdie saak sal daar ruim aandag gegee word in die loop van die bespreking.

Aangesien bogenoemde standpunt dié is wat deur die FSP ingeneem word ten opsigte van die sin en in hierdie studie daarby aangesluit sal word, word dit nodig geag om vooraf 'n paar kernbegrippe binne hierdie benadering kortliks toe te lig.

Alhoewel die FSP die "sin" as die basiese kommunikatiewe eenheid beskou deur middel waarvan 'n spreker inligting oordra, hou dit ook rekening met buitogrammatiese faktore in analyses en beskrywings. Daarsonder kan 'n sin nie na behore gewaardeer word nie. Die term "funksioneel" in die FSP slaan op die feit dat die samestellende dele van 'n sin beskou word as komponente

wat 'n funksie verrig in dié totale kommunikasieproses. Uit die aard van die saak sal sommige inligting meer kommunikatief wees as ander. Hiermee word bedoel dat daar 'n verskil is in die informasiestatus van gegewens in 'n sin: Sake wat vir die eerste keer in 'n diskoers vermeld word is meer kommunikatief as ander wat reeds vroeër in die diskoers voorgekom het (ou of bekende informasie) of wat bekend is uit hoofde van die leser of aangesprokene se kennis van ekstra-linguistiese feite. Dit is die skrywer of spreker wat besluit hoe hy sy inligting wil organiseer ten einde 'n sekere doel met sy mededeling te bereik. Dit berus by die skrywer/spreker om te besluit watter inligting hy as nuwe inligting in 'n diskoers wil invoer en watter hy as ou of bekende inligting wil aanbied. Die begrip "perspektief" in die FSP het dus betrekking op die perspektief wat die skrywer/spreker inneem ten opsigte van die informasiestatus van gegewens soos hy dit aan 'n leser/aangesprokene wil aanbied.

#### 2.4.3 Die begrip "hegtheid" of "verbondenheid"


In die funksionele grammatika word die sin fundamenteel as tweeledig beskou. Enersyds, is daar dié element wat bepaal waaroor die sin handel. Dit is die tema ("topic") wat verwys na 'n saak of sake waarvan die gespreksgenote reeds kennis geneem het. Andersyds, is daar dié inligting wat iets oor die onderwerp van bespreking of die "topic" predikeer (die "comment"). Hierna word soms ook verwys as die rema wat nuwe inligting in die diskoerskonteks bybring. Die "comment" kan naas die werkwoord, ook een of meer objekte en/of bepalings insluit. Vergelyk:

(54a)	"Topic"	"Comment"
	Morutabana	o badiša bana sekolong
	S	V O Bepaling
	'Die onderwyser	laat die kinders in die skool lees'

(54b)	"Topic"		"Comment"
	Moaparo		o bitša tšhelete ye ntši
	S		V O Kwalifikatief
	'Die mode		is duur' (letterlik: roep baie geld)

Wat vir hierdie studie van belang is, is die feit dat die subjek in bostaande voorbeelde nie dieselfde semantiese verbondenheid met die werkwoord vertoon as die objek nie. Laasgenoemde val naamlik sáám met die werkwoord in dié deel van die sin wat hierbo as die "comment" geïdentifiseer is, terwyl die subjek verder verwyder skyn te wees van die werkwoord op grond van die feit dat dit onder die gedeelte verskyn wat geïdentifiseer is as die "topic".

Dit is interessant om daarop te let dat daar binne die klassieke transformasionele model ook 'n tweeledige verdeling van die sin aangetref word. Hier word 'n sin naamlik verdeel in 'n naamwoordstuk ( $NS_1$ ) en 'n werkwoordstuk ( $WS$ ), wat op sy beurt bestaan uit die werkwoord met of sonder 'n naamwoordstuk ( $NS_2$ ) en/of bepalinge. Die subjek ( $NS_1$ ) val onder die knooppunt S, die sin. Die objek ( $NS_2$ ) verkeer op dieselfde vlak as die werkwoord ( $ww$ ) onder die knooppunt  $WS$ .  $NS_2$  is dus via  $WS$  deel van die sin, terwyl  $NS_1$  direk onder die knooppunt S verskyn:



Hierdie konfigurasie impliseer eweneens dat die objek ( $NS_2$ ) in 'n hegte semantiese verband tot die werkwoord staan as die subjek ( $NS_1$ ).



Die ooreenkoms tussen die FSP en die transformasionele model is opvallend. Beide gee te kenne dat die objek in 'n hegte verhouding tot die werkwoord staan as die subjek. Alhoewel daar nie spesifiek vermeld word of hierdie hegteheid verwys na 'n semantiese of 'n sintaktiese een nie, kan aangeneem word dat dit bedoel is om oorwegend semanties van aard te wees.<sup>1)</sup>

Die verskil in die verbondenheid tussen NS<sub>1</sub>:ww en ww:NS<sub>2</sub>, kan voorlopig aan die hand van die volgende voorbeelde geïllustreer word. Die analise van dié voorbeelde lei tot 'n belangrike aanname wat in hierdie ondersoek gemaak word met verwysing na die funksie van -a-:

- |       |          |          |                         |
|-------|----------|----------|-------------------------|
|       | V        | O        |                         |
| (56a) | O apea   | bogobe   | 'Sy kook pap'           |
|       | V        | S        |                         |
| (56b) | O a apea | mohlanka | 'Sy kook, die bediende' |
|       | V        | S        |                         |
| (56c) | *O apea  | mohlanka |                         |

Anders as die objek wat in sy basiese sinsposisie, naamlik postverbaal, verskyn (vergelyk (56a)), laat die subjek wat na regs verplaas is (vergelyk (b) en (c)) nie die kort vorm van die werkwoord toe nie. Daar sal opgemerk word dat die status van die naamwoorde bogobe en mohlanka as onderskeidelik objek en subjek vormlik in die werkwoord gemarkeer word deur die aan- of afwesigheid van die morfeem -a-.

Aangesien die subjek in 'n minder hegte semantiese verhouding tot die werkwoord staan as die objek, moet aangeneem word dat die insluiting van -a- in die werkwoord die funksie het om 'n mate van semantiese "verwyderdheid" tussen die subjek en die werkwoord in (56b) te markeer. Ondersoek aan die hand van ander voorbeelde, het bevestig dat die gebruik van -a- direk

---

1) Die konfigurasië in 'n boomdiagram in die klassieke TGG is dieptestruktuurkonfigurasië - d.w.s. semantiese konfigurasië.

met hierdie tipe semantiese verbondenheid tussen die werkwoord en objek, enersyds, en die werkwoord en subjek, andersyds, verband hou.

Dit is nie net die objek of subjek wat in 'n bepaalde semantiese relasie tot die werkwoord staan nie. Die verskynsel van 'n meerdere of mindere mate van semantiese verbondenheid het ook onder andere betrekking op die verhouding tussen werkwoorde en bepalinge. In die geval van die lang vorm, word die bepaling as semanties minder verbonde met die werkwoord beskou as by die kort vorm. Daar bestaan met ander woorde as't ware 'n "snit" of "grens" tussen werkwoorde met -a- en bywoorde, wat afwesig is tussen werkwoorde sonder -a- en bywoorde. Ponelis (1980) het sekere waarnemings gedokumenteer wat opvallend ooreenkom met die gedagte van "grensmerking" wat hier voorgehou word. Sy betoog kom onder andere daarop neer dat enige uitbreiding van die werkwoord buite die werkwoordelike nukleus van 'n konstruksie staan as die werkwoord in die lang vorm voorkom. Vergelyk die lang vorm met onderskeidelik 'n objek en 'n bepaling in die volgende sinne:

(57a) Moruti o a se tseba # Sesotho<sup>1)</sup>  
'Die leraar ken Sotho'

(57b) Moeng o a sepela # bjale  
'Die kuiergas vertrek nou'

Ponelis vervolg dat enige uitbreiding binne die werkwoordelike nukleus staan wanneer die kort vorm van die werkwoord gebruik word, byvoorbeeld:

---

1) Die simbool # sal voortaan gebruik word om die aanwesigheid van 'n semantiese grens, dit wil sê die eindgrens van 'n kommunikatiewe eenheid, aan te toon.

(58a) Moruti o tseba Sesotho #  
'Die leraar ken Sotho'

(58b) Dipitšša di wela fase #  
'Die potte val neer'

Cole (1955:443) het 'n soortgelyke onderskeiding gemaak ten opsigte van die gebruik van -a-. Hy het, enersyds, verwys na inligting wat buite die basiese sinseenheid val as dit op die lang vorm van die werkwoord volg (vergelyk (57)). Andersyds, het hy melding gemaak van inligting wat binne die basiese sinseenheid val as dit saam met die kort vorm van die werkwoord optree (vergelyk (58)). Hoewel Cole nie presies verduidelik wat hy bedoel met 'n "basiese sinseenheid" nie, kan dit in die volgende skematiese voorstellings aan WS gelykgestel word, wat die nukleus van die sin uitmaak:

Diagram A: Die lang vorm





Diagram B: Die kort vorm



In Diagram A is die objek/bepaling semanties nie so heg gehonde aan die werkwoord as in Diagram B nie, omdat die objek/bepaling in eersgenoemde geval semanties newegesik is met WS, maar in laasgenoemde geval deur WS gedomineer word.

Van Rooyen (1977) gebruik die term "klisis" om na die soort semantiese gehondenheid te verwys wat hier onder bespreking is. Wanneer 'n predikaat in sy terminologie "klisisvry" is, hoef die inligting wat op die werkwoord volg nie gedekodeer te word vir 'n sinvolle interpretasie van die boodskap wat die spreker wil oordra nie. Vergelyk die volgende voorbeeld in Zulu:

(59a) Abantu bayahamba # manje  
'Die mense loop nou'

Is die werkwoord "klisisgebonde", is die dekodering van die inligting wat op die werkwoord volg 'n noodsaaklike voorwaarde vir die sinvolle interpretasie van die spreker se mededeling. Vergelyk:

(59b) Abantu bahamba manje #

Dit is teen die agtergrond van interpretasies soos die voorafgaande, dat daar in hierdie studie van die veronderstelling uitgegaan word dat die aanwesigheid van -a- in 'n werkwoord 'n semantiese "grens" of "snit" aandui tussen die werkwoord as sodanig, en die inligting wat daarop volg. Ondersoek toon dat 'n noukeuriger omskrywing van die aard van sodanige semantiese afrensing onder andere die onderskeid tussen ou en nuwe diskoersinformatie in berekening behoort te bring. Daarom word dié begrippe vervolgens eers toegelig.

#### 2.4.4 Die begrippe "ou" en "nuwe" informasie

Tydens kommunikasie kan die inligting wat oorgeë word aan die spreker (skrywer) sowel as aan die aangesprokene (leser)

bekend wees. Hierna word verwys as "ou" informasie. Dit is inligting wat verhaal kan word òf uit die voorafgaande diskoers, òf uit die gespreksgenote se kennis van die buitetaalse werklikheid. Inligting wat slegs bekend is aan die spreker, word deur laasgenoemde as "nuwe" informasie in die diskoers ingevoer. "Nuwe" informasie is gewoonlik inligting waarvan daar vir die eerste keer in 'n diskoers melding gemaak word. Dit is nie die bedoeling om die informasiestatus van gegewens in 'n diskoerskonteks aan die hand van Noord-Sothovoorbeelde hier in diepte te bespreek nie. Hierdie aangeleentheid het breedvoerig aandag geniet in Louwrens (1979). Wat wel hier beoog word, is om te konsentreer op die verband wat daar bestaan tussen die ou of nuwe informasiestatus van inligting, enersyds, en die distribusiepatroon van -a-, andersyds.

Dit sou foutief wees om te beweer dat die tradisionele grammatici nie intuïtief bewus was van die belangrikheid van die "ou" en "nuwe" informasie-onderskeid in hul behandeling van die onvoltooidheids-a nie. Ongelukkig kon hulle nie 'n sistematiese onderskeid tussen die begrippe tref nie, en gevolglik het 'n teoretiese interpretasie van die funksie van -a- wat sodanige onderskeid bied, in hulle werk agterweë gebly. Van Eeden (1956:248) het, byvoorbeeld, die gebruik van die kort vorm geassosieer met die nuwe informasiestatus van die objek, of van beide die objek én die "handeling":

"...As die objek nuwe informasie is en dus beklemtoon word - al geld dieselfde daarnaas ook vir die handeling - dan word die kortvorm gebruik."

Van der Westhuizen (1949) het in 'n omvattende werk getiteld Die kort en die lang teenwoordige tydvorms in Zoeloe ook die noodsaaklikheid daarvan ingesien om 'n onderskeid te tref tussen die ou en nuwe informasiestatus van gegewens in sy hantering van die kort en lang teenwoordige tydvorms. Hy het onder andere aangetoon dat die lang vorm gebruik word wanneer slegs die werkwoord nuwe informasie is, terwyl die kort vorm

gebruik word wanneer ander inligting behalwe die werkwoord (of nie alleen die werkwoord nie) nuwe informasie in 'n kommunikasieproses is.

Bogenoemde bevindings het dus betrekking op twee gevalle:

- Een waar slegs die objek nuwe informasie is, vergelyk (60b) as antwoord op (60a); en
- een waar beide die handeling én die objek nuut is, vergelyk (61b) as antwoord op (61a):

(60a)	O reka eng?	'Wat koop sy?'
(60b)	O reka <u>dibjalo</u>	'Sy koop <u>plante</u> '
(61a)	Mme o dirang?	'Wat doen ma?'
(61b)	Mme o <u>reka dibjalo</u>	'Ma <u>koop plante</u> '

In laasgenoemde voorbeeld word die werkwoord o reka en die objek dibjalo prominent gestel omdat hulle nuwe informasie daarstel. Daar sal in herinnering geroep word dat die tradisionele beskrywing die werkwoord as "beklemtoon" beskou wanneer dit in die lang vorm voorkom. Die werkwoord in voorbeeld (61b), egter, word in die kort vorm aangebied. Van Eeden (1956:248) het as volg uitspraak gelewer oor hierdie oënskynlik teenstelling:

"Die verklaring lê blykbaar daarin dat wanneer die objek sowel as die handeling nuwe informasie is, en dus prominent gestel of beklemtoon word, word die objek relatief meer beklemtoon as die handeling; m.a.w. gesien vanuit die oogpunt van die subjek, wat as uitgangspunt (bekende informasie - IMK) dien, is beide die objek en die handeling nuwe informasie, maar geneem vanuit die oogpunt van die objek, is die predikatief nie nuwe informasie nie, maar wel uitgangspunt." (Onderstreping - IMK)

As dit alleenlik die handeling is wat as nuwe informasie aangebied word en dus gefokusseer of prominent gestel word,

word van die lang vorm van die werkwoord gebruik gemaak. Dit strook met die tradisionele beskouing dat handeling wat "beklemtoon" word, met die lang vorm voorkom. Die gebruik van die lang vorm is egter onderhewig daaraan dat enige inligting wat op die werkwoord volg, as ou informasie geïnterpreteer moet kan word. Dit veronderstel dat dié inligting wat na die werkwoord aangebied word bekend moet wees, wat weer impliseer dat dit nie noodwendig gedekodeer hoef te word ten einde die spreker se mededeling sinvol te vertolk nie. Indien 'n voorbeeld soos (62a), waarin slegs die handeling veronderstel is om nuwe informasie te wees, 'n outonome stelling verteenwoordig, is die lang vorm nie aanneemlik nie. Die objek kan naamlik nie deur die aangesprokene op enige wyse as bekende inligting geïdentifiseer word nie, omdat die sin geïsoleerd staan. Vergelyk:

(62a) ?Mme o a reka # dibjalo  
'Ma koop plante'

As "plante" egter reeds vooraf in die diskoers onder bespreking was, sal die objek as bekende of ou informasie geïdentifiseer kan word. Verkieslik word die objek se ou informasiestatus dan vormlik gemerk deur die insluiting van sy kongruensiemorfeem in die werkwoord. Soos reeds vroeër vermeld, is dit net bekende informasie wat kongruensie met die werkwoord kan aktiveer. Vergelyk:

(62b) Mme o a di reka # dibjalo  
'Ma koop hulle, die plante'

In hierdie stadium word die aandag weer eens gevestig op die aanwesigheid van 'n "grens" tussen die werkwoord en wat daarop volg wanneer die werkwoord in die lang vorm verskyn. Hierdie "grens" wat deur -a- gemerk word, dui aan dat die dekodering van die inligting wat op die werkwoord volg, nie 'n noodsaaklike voorwaarde vir die sinvolle interpretasie van die spreker se mededeling is nie. Sodanige interpretasie kom aanneemlik voor

as in gedagte gehou word dat 'n kongruerende objek ou informasiestatus geniet. Gevolglik dra sodanige objek nie nuwe semantiese inligting tot 'n gesprek by nie. Dit veronderstel dat inligting van dié aard desnoods weggelaat sal kan word sonder om die sukses waarmee kommunikasie plaasvind noemenswaardig te belemmer. Voorlopig word weer verwys na die kongruerende objek om hierdie beginsel te illustreer:

- (63) Motsomi o a di bona # ditau  
'Die jagter sien hulle, die leeus'

Die gebruik van die objekskongruensiemorfeem di- in bostaande voorbeeld merk ditau as ou informasie. Dit beteken dat 'n verwysing na bepaalde leeus reeds in die voorafgaande diskoers moes geskied het. Die weglating van die objeknaamwoord ditau is moontlik sonder dat die res van die sin daardeur betekenisloos raak. Verskynsels soos dié het gelei tot die aanname dat die lang vorm dié vorm is wat gebruik word as die werkwoord die eindgrens van die semantiese "boodskap" uitmaak. Anders gestel, bewerkstellig die insluiting van -a- in die werkwoord 'n afgrensing van 'n boodskap ofte wel 'n kommunikatiewe eenheid, en is enige bykomende inligting bygevolg nie-essensiële inligting in die kommunikasieproses. Van der Westhuizen (1949:57) merk ten opsigte van 'n objek wat weggelaat kan word op dat dit "wat belangrikheid betref deur die predikaat oorskadu word". Die funksie van -a- om die afgrensing van kommunikatiewe eenhede direk na die werkwoord te markeer, het daartoe gelei dat dié morfeem in hierdie studie as 'n "grensmerker" getipeer word.

Die werkwoord wat in die kort vorm voorkom, kan nie op die eindgrens van 'n kommunikatiewe eenheid of mededeling staan nie. Dit vereis 'n aanvulling van een of ander aard, byvoorbeeld:

- (64) Ngwana o namela leotwana #  
'Die kind ry 'n fiets'



Dit is voor-die-hand-liggend dat die objek in die voorbeeld hierbo 'n hegter semantiese verbondenheid met die werkwoord vertoon as in die geval van sin (63), omdat leotwana as nuwe informasie-objek binne die kommunikatiewe eenheid val en nie weggelaat kan word nie.

In sy bespreking van die lang en kort vorm, het Van Eeden (1956:251) onder andere gebruik gemaak van opskrifte soos "Die Gebruik van die Langvorm waar dit 'n Sin Afsluit" en "Gevalle waar die Langvorm nie 'n Sin afsluit nie." Hy verduidelik sy formulering as volg:

"Daar moet egter op gelet word dat waar dit in die opskrif lui dat die langvorm "'n sin afsluit", met "'n sin" eintlik "'n gedagte" bedoel word. Want in gevalle soos hierdie kan die verbum ook die subjek voorafgaan;" (Onderstreping - IMK)

Met hierdie verduideliking in gedagte kan daar egter nie met die formulering van die tweede opskrif saamgestem word nie, d.i. "Gevalle waar die Langvorm nie 'n Sin afsluit nie". Onder hierdie subhoof gee Van Eeden onder andere 'n Zulu voorbeeld soos die volgende:

(65) Uyayifunda lencwadi 'Hy lees hierdie brief'

Myns insiens volg die afsluiting van die "gedagte" in hierdie sin (as dit verstaan moet word volgens die konnotasie wat Van Eeden daaraan gee) nog steeds direk na die werkwoord. Wat waarskynlik hier gebeur het, is dat Van Eeden in die geval van die tweede opskrif weer die sintaktiese afsluiting van 'n sin bedoel het in plaas van die "sinsafsluiting" as die afsluiting van 'n "gedagte" soos verduidelik in die aanhaling. Dit is om hierdie en ander redes wat later duidelik sal word dat -a- liefs nie as 'n sinsgrensmerker beskou word nie, maar eerder as 'n markeerder van 'n afgeronde kommunikatiewe eenheid ofte wel 'n mededeling (Vergelyk Van Eeden se "gedagte").

Dit is interessant dat Cole (1955:443) ook in die rigting gewerk het van inligting wat oortollig is as dit na die lang vorm van die werkwoord voorkom. Hy het na dié tipe inligting as semi-parentetiese inligting verwys. Inligting wat (semi-)parenteties verskyn, word as nagedagtes bygevoeg ter wille van die duidelikheid van die mededeling, d.w.s. om misverstande uit die weg te ruim. In aansluiting by Givón (1974:121) word nagedagtes as ou informasie beskou, m.a.w. as informasie wat bekend is aan die gespreksgenote. Grammatici soos onder andere Van Eeden en Cole het waardevolle bydraes gelewer ten opsigte van hierdie ondersoek. Die vermelde uitsprake deur Van Eeden en Cole kon in die onderhawige studie as bevestiging dien vir die standpunt wat hier ingeneem word ten opsigte van die fundamentele funksie van -a-.

Die voorafgaande bespreking toon dat die konsep van -a- as 'n merker van 'n "grens" van die een of ander aard in sommige van die ouer beskrywings verskuil lê. Hier en daar is indertyd ook verwys na die informasiestatus van gegewens en die invloed daarvan op die vorm van die werkwoord. Daar is egter gevind dat enkele interessante feite agterweë gebly het in die beskrywing van die funksie van die onvoltooidheids-a. Hier word veral gedink in terme van 'n skerper omlýning van die term "ou" informasie as "geantisipeerde" inligting, sowel as aan die verskynsel van die semantiese gebondenheid van woorde as verklaring vir sekere spreidingsverskynsels van -a-.

Ander linguïste wat uitspraak gegee het oor die funksie van -a- as een of ander "grensmerker" is onder andere Louwrens (1985:60) wat dié morfeem beskryf as

"a syntactic morpheme which indicates a sentence boundary immediately after the indicative verb."

Aangesien semantiese sowel as sintaktiese oorwegings die distribusie van -a- bepaal, word voorgestel dat -a- nie suiwer beskou moet word as 'n morfeem met 'n sintaktiese funksie nie,

maar ook as 'n morfeem wat deur sy aan- of afwesigheid bepaal watter inligting deel vorm van kommunikatiewe eenhede in 'n diskoerskonteks. 'n Uitspraak deur Van Rooyen (1977:118) ten opsigte van die funksie van -a- lui dat

"... -ya- (Sotho -a-) benewens die funksie om emfase aan te dui ook die funksie het om sinsvolledigheid aan te dui." (Parentese, onderstreping - IMK)

Die begrippe "sinsgrens" of "sinsvolledigheid" korreleer nie noodwendig met 'n ortografiese sin nie. Daar sal onthou word dat dit eerder verband hou met die aanwesigheid van 'n "grens" of "naat" in 'n sin na die laaste relevante semantiese inligting. Die aan- of afwesigheid van so 'n grens word bepaal deur die aard van die informasie wat op die werkwoord volg.

## 2.5 SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk sou beskou kan word as 'n aanloop tot die ontleding en beskrywing van die funksie van -a- in die hieropvolgende hoofstukke. Nadat die aard van die voorbeeldmateriaal wat by die ondersoek betrek word, in paragraaf 2.3 gespesifiseer is, is enkele basiese begrippe in die PSP raamwerk toegelig, soos "konteks", "ou" en "nuwe" informasie en die sintaktiese en semantiese hegtheid of verbondenheid tussen die komponente in 'n sin. Met verwysing na hierdie begrippe kon aangetoon word dat -a- as markeerder van afgeronde kommunikatiewe eenhede optree.

Daar is bevind dat die insluiting van -a- in die werkwoord, aandui dat die werkwoord as't ware die laaste relevante inligting in 'n mededeling bevat, terwyl inligting wat op die werkwoord volg, semanties oortollig is. Aan die ander kant, kan 'n mededeling nie na die kort vorm van die werkwoord afgesluit word nie, en het dit een of ander aanvulling nodig

in die vorm van relevante inligting. Die afwesigheid van -a- in die werkwoord dui dus op die afwesigheid van 'n grens na die werkwoord, met die gevolg dat die werkwoord 'n hegte eenheid vorm met die inligting wat daarop volg.

In die volgende hoofstukke sal daar gepoog word om aan die hand van voorbeelde aan te toon dat die begrippe "grens" en "afgrensing" van mededelings nie hipoteties van aard is nie, maar dat dit 'n baie produktiewe diskoersstrategie in Noord-Sotho is. Getuigenis van 'n uiteenlopende aard sal aangebied word.

## HOOFSTUK 3

DIE SIN SONDER OBJEK<sup>1)</sup> OF DESKRIPTIEWE BEPALING

## 3.1 INLEIDING

Aangesien die -a- slegs in werkwoordelike predikate voorkom, word vir die doel van hierdie studie slegs sinne oorweeg wat werkwoordelike predikate bevat. Die term "predikaat" sal in hierdie verhandeling dus gebruik word met verwysing na die werkwoordelike predikaat, wat, byvoorbeeld, kopulatiewe predikate uitsluit.

## 3.2 SUBJEK PLUS WERKWOORD

In Noord-Sotho maak die werkwoord die sinkern uit. Behalwe die werkwoord (V) kan die sin natuurlik ook een of meer bykomende elemente bevat soos subjekte (S) en/of objekte (O) en/of deskriptiewe bepalinge (X). Daar word vervolgens eerstens gekyk na die sin wat bestaan uit 'n subjek (as substantief of gepronominalseerde substantief<sup>2)</sup>) gevolg deur 'n werkwoord.

Alhoewel die werkwoordkerns in die volgende voorbeelde in beginsel transitief is, neem die werkwoorde nie objekte wanneer die -a- gebruik word nie:

- 
- 1) Die term "objek" verwys hier na objektsnaamwoorde sowel as na gepronominalseerde objekte, d.w.s. objekte wat slegs by wyse van hul kongruensiemorfeem in die werkwoord verteenwoordig word.
  - 2) Met die term "substantief" word verwys na alle woorde en woordgroepe wat sintakties 'n nominale funksie kan vervul, soos voornaamwoorde, adjektiefgroepe, werkwoordelike en naamwoordelike relatiewe woordgroepe. Dié term bied die praktiese voordeel dat dit meer dek as net naamwoorde.

(66a)        S            V  
Kgoši e a sega  
'Die koning lag'

(67a)                    S                                    V  
Morutiši le moithuti ba a thušana  
'Die onderwyser en die student help mekaar'

(68a)                    S            V  
Mosetsana o a swiela  
'Die dogter vee'

Subjektsnaamwoorde kan gepronominaliseer word, in welke geval die sin slegs uit die predikaat bestaan. Die weggelate subjektsnaamwoord (selfs al is dit 'n saamgestelde subjek soos in voorbeeld (67)), word net nog deur sy kongruensiemorfeem (die subjekskakel) in die werkwoord verteenwoordig. Vergelyk:

(66b)    E a sega                    'Hy lag'  
(67b)    Ba a thušana                'Hulle help mekaar'  
(68b)    O a swiela                        'Sy vee'

Pronominalisasie van subjektsnaamwoorde is slegs toelaatbaar in die geva' van subjekte waarvan die identiteit reeds aan die leser of hoorder bekend is uit die diskoers wat stellings soos die (b) sinne hierbo mag voorafgaan.

### 3.3        DIE SAAMGESTELDE PREDIKAAT

In hierdie afdeling waarin besondere aandag geskenk word aan die subjek en die predikaat, verdien die saamgestelde predikaat ook vermelding. Die distribusie van -a- word vervolgens eers vasgestel ten opsigte van die komplementêre of hoofwerkwoord, en dan ten opsigte van die hulpwerkwoord.

Wat die hoofwerkwoord betref, kom dié in 'n modus voor wat deur die hulpwerkwoord gedikteer word. Tensy die hulpwerkwoord 'n indikatiewe hoofwerkwoord toelaat, is die -a- van die hoofwerkwoord uitgesluit. Die hulpwerkwoordstam -bile,

byvoorbeeld, laat behalwe die situatiewe modus, ook die indikatiewe modus in die hoofwerkwoord toe, sonder om 'n verskil in die betekenis teweeg te bring. Die modus van die komplement word bepaal deur die sintaktiese verband waarin die hulpwerkwoord voorkom:

(69) Ke a hlaka ge ke šoma ke bile ke ithuta (situatief)  
'Ek kry swaar as ek werk en boonop studeer'

(70) Ke bile ke a ithuta (indikatief - lang vorm)  
'Ek is selfs (boonop) aan die studeer'

Die hulpwerkwoord in die saamgestelde predikaat maak gebruik van die kort vorm, byvoorbeeld:

(71) O leka go sepela 'Hy probeer loop'

(72) O dula a bolela 'Hy praat gedurig'

Indien die hulpwerkwoord in 'n voorbeeld soos (72) in die lang vorm sou voorkom, word die stelling nie meer geïnterpreteer as 'hy praat gedurig' nie, maar as 'hy sit, dan praat hy'. Twee afsonderlike handeling word dus uitgedruk deur o a dula a bolela. Dit wil voorkom of die "hulpwerkwoord" deur die insluiting van -a- tot 'n meer outonome werkwoord gepromoveer word en dus streng gesproke nie meer 'n hulpwerkwoord is nie. Hierdie gedagte word onder andere ondersteun deur die feit dat 'n werkwoordstam soos -dula 'sit' in voorbeeld (72) sy oorspronklike betekenis aanneem in die lang vorm, terwyl dit as hulpwerkwoord in die kort vorm vertaal word met 'gedurig':

(72a) O a dula # a bolela

'Hy sit en praat'

teenoor:

(72b) O dula a šoma #

'Hy werk gedurig'

By nadere ondersoek blyk dit dat die "hoofwerkwoord" in die lang vorm in die konsekwatiewe modus verskyn en nie meer in die situatiewe modus nie. Daar kan dus in die geval van (72a) nie meer sprake wees van 'n saamgestelde predikaat, of dan van 'n hulpwerkwoord gevolg deur 'n hoofwerkwoord nie, maar eerder van 'n saamgestelde sin.

Die -a- kom dus nie normaalweg in die hulpwerkwoord voor nie, omdat dit 'n verbreking sou suggereer van die hegte semantiese band van wedersydse afhanklikheid wat daar tussen die hulpwerkwoord en die komplement bestaan. Gevalle is egter aangetref waar -a- wel in die hulpwerkwoord ingesluit is. Daar moet dus aangeneem word dat die hulpwerkwoord die laaste relevante inligting bevat, terwyl die hoofwerkwoord as oortollige inligting beskou moet word. Vergelyk:

(73) "MPONENG: O fihlile neng ngwanaka? Jonna Mpele!  
O a kgona # go timelela. Wa napa wa re  
 tsee!" (Maloma, 1982:50)

MPONENG: 'Hoe is dit dan dat jy nou jou opwagting maak, my kind? My maggies Mpele! Jy kry dit reg om vir so 'n lang tyd weg te bly en niks van jou te laat hoor nie!'

Uit die diskoers wat hierdie aanhaling voorafgaan blyk dit inderdaad dat o a kgona in sigself in staat sou wees om die bedoeling van die skrywer effektief oor te dra sonder die byvoeging van die komplement go timelela. Op dié tydstip van die betrokke dialoog is dit aan die leser bekend dat Mpele na 'n tyd van afwesigheid weer sy opwagting maak. Uitroep van verbasing oor sy verdwyning en verskyning word deur Mponeng geuiter. Aangesien die leser reeds voorberei is op Mponeng se reaksie, sou o a kgona alleen as uitroep van verbasing geïnterpreteer kan word, naamlik 'Jy het goed daarin geslaag' (verwysende na die verdwyning). Die gevolg is dat go timelela noodwendig geïnterpreteer moet word as inligting wat nie 'n



noodsaaklike semantiese bydrae tot die gesprek lewer nie. Die idee van die verdwyning is bowendien ook vervat in die ideofoon tsee! 'verdwyn, verlate'.

'n Ontleding van die volgende aanhaling kan onder andere ook ter ondersteuning aangebied word vir die aanname dat inligting wat op die lang vorm van die hulpwerkwoord volg, nie nuwe inligting in die diskoers daarstel nie. Vergelyk die saamgestelde predikaat by (c) in (74) hieronder:

- (74) "Batho ka moka (a) ba ile ba tšhabela ka dintlong gobane legadima le ile la latelwa ke pula ya marothodi a makoto. Ge legadima le pšhatlagana gape, Tšhoši a itia nxa (b) a tšwela ntle a kгатla motswiri a swere thupana ya moretlwa le petlwa e ntsho ... Motho wa batho o ile ge a re (c) o a retologa # go boela ka ntlong, aowii! lefase la tuka mollo morena!" (Maditsi, 1970:80)

'Die mense het almal (a) die huise ingevlug omdat die weerlig gevolg is deur 'n swaar reën. Toe die weerlig weer slaan, het Tšhoši met sy tong geklik, (b) buitentoe gegaan, sy ontevredenheid met klapklanke te kenne gegee en toe 'n stok van 'n rosyntjebos en 'n swart beitel (byl) geneem ... Toe die arme mens wou (c) omdraai om na die huis toe terug te keer, O aarde! toe was die wêreld aan die brand!'

In die aanhaling skets die skrywer sekere gebeure nadat 'n vreesaanjaende donderstorm opgesteek het. By (a) gaan seek die mense skilling in die huise. By (b) verlaat 'n persoon genaamd Tšhoši die veiligheid van die huis om die weer te gaan bestraf. By (c) is Tšhoši van plan om na die huis toe terug te keer. Die onderstreepte gedeelte wat na die lang vorm van die hulpwerkwoord volg by (c), kan weggelaat word sonder om onduidelikheid in die boodskap wat oorgedra word te laat

ontstaan. Die feit dat Tšhoši na die huis toe sal omdraai en nie na 'n ander plek toe nie is logies, omdat hy slegs sal kan omdraai na 'n lokaliteit toe waar hy voorheen was. (Vgl. (b) waar hy buitentoe, d.i. uit die huis uit gegaan het). Die verwysing na die huis is dus eintlik oorbodig. Daar sal later aangetoon word dat werkwoordkerns ook sekere inligting kan "voorspel". So, byvoorbeeld, hou die stam -retologa 'omdraai (na)' die implikasie in wat deur -boela 'terugkeer na', oorgedra word. In dié sin is die "hoofwerkwoord" go boela dus ook oortollige inligting. Die gebruikmaking van die lang vorm in die hulpwerkwoord by (c) is dus nie vreemd as die inligting wat daarna volg as geïmpliseerde inligting in die diskoers beskou kan word nie.

Uit die kort uiteensetting hierbo kan afgelei word dat die teenwoordigheid van -a' outonomie aan die hulpwerkwoord verleen. Die funksie van -a in saamgestelde predikate word dus gedek in 'n bespreking van enkelvoudige predikate waaraan daar vervolgens meer aandag gegee word.

### 3.4 DIE WERKWOORD GEVOLG DEUR 'n SUBJEK OF VOKATIEF

Dit is interessant dat die postverbale subjek en vokatief die lang vorm vereis, terwyl die postverbale objek met die kort vorm voorkom. 'n Verklaring hiervoor lê weer eens opgesluit in die "ou" en "nuwe" informasiestatus van die naamwoorde wat dié grammatiese rolle speel.

Wat nuwe informasie-objekte betref, is hulle altyd beperk tot die postverbale sinsposisie. Hulle verkeer in 'n hegte verband met die werkwoord as ou informasienaamwoorde en word in die basiese inligtingseenheid ingesluit. Vandaar die gebruik van die kort vorm van die werkwoord in (75):

(75)           S           V           O  
 Mosetsana o swiela lapa # 'Die dogter vee die werf'

Die verplaasde subjektsnaamwoord is, wat sy woordstatus betref, 'n naamwoord net soos enige ander naamwoord wat as objek optree. Dit laat egter net die lang vorm van die werkwoord toe.

Vergelyk:

(76a)           V                           S  
 O a swiela # mosetsana 'Sy vee, (t.w.) die dogter'  
 (76b) \*O swiela           mosetsana # ?'Sy vee die dogter'

Die kongruensie van die verplaasde subjek met die werkwoord markeer die subjek as ou informasie. Dit is dus as't ware oortollige leksikale informasie en staan buite die eindgrens van die mededeling. 'n Vergelyking tussen (75) en (76) toon duidelik aan dat die VO-relasie semanties hefter is as die VS-relasie, omdat eersgenoemde nie 'n grens tussen V en O duld waar O nuwe inligting is nie. Die gebruik van die kort vorm in sin (76) sou impliseer dat mosetsana objek van die sin is. Mosetsana kan hier egter kwalik as objek optree, omdat -swiela gewoonlik kombineer met objekte met semantiese kenmerke soos [-menslik, -lewend]. Met mosetsana [+menslik, +lewend] as objek sou daar dus semanties 'n ongerymdheid bestaan.

Sommige werkwoordstamme is semanties van so 'n aard dat een en dieselfde naamwoord as subjek en objek onderskeidelik daarmee saam kan optree. Vergelyk:

(77a)           V                           S  
 O a bona # mošemane<sup>1)</sup> 'Hy sien, (verwysende na) die seun'  
 (77b)           V           O  
 O bona mošemane # 'Hy sien die seun'

1) Die substantief wat na die lang vorm van die werkwoord voorkom, is nie noodwendig altyd 'n subjek nie. Soos later aangetoon sal word, kan ook 'n objek onder bepaalde omstandighede in dié posisie met die lang vorm aangetref word.

Anders as in voorbeeld (76b), is daar met die werkwoordstam -bona uit 'n semantiese oogpunt geen beswaar teen die gebruik van die kort vorm in (77b) nie. Die enigste leidraad tot die identiteit van mošemane as objek of subjek is in die vorm van die werkwoord te bespeur. Hierdie waarneming versterk die vermoede dat -a- waarskynlik 'n belangrike rol speel in die afbakening van kommunikatiewe eenhede.

Die verplasing van die subjek na die basiese objeksposisie ná die werkwoord is 'n strategie wat gebruik word om fokus op sekere sinsdele te plaas. In die onderstaande sin is die handeling wat as inisiële sinsdele gefokusseer word, onderstreep en word dit gevolg deur 'n verplaasde subjek. Aangesien literêre werke, soos reeds genoem, nie baie voorbeelde bied waarin enkelvoudige sinne voorkom nie, dien newegeskikte sinsdele hier as voorbeeld. Die uittreksel beskryf in metaforiese taal die ritueel wat gevolg word wanneer dagga gerook word:

- (78) "Fowaa! Kwa dipela tša Bopedi; kwa meropa ya Baroka se tiwa ke megolo. Tia re kwe mokororwane! (O di inamela gape, o goga muši o tshwela meetse thoko.) ... Fowaa! (a) Di a bitša dipitša tša Matuba, (b) di a ngwayangwaya ditlhoka tša Leolo." (Maredi, 1982:17)

'Fowaa! (spuuggeluid). Luister na die handklaviere van Bopedi (landstreek van die Bapedi); luister na die dromme van die Baroka wat deur die kele geslaan word. Slaan dat ons die geborrel hoor! (Hy buk weer af soontoe, trek die rook in en spoeq die water skuins uit.) ... Fowaa! (a) Hulle roep (is baie sterk), die potte van Matuba (houers waaruit gerook word), dit krap-krap (is deurdringend), die dagga van die berg Leolo.'

Wat die postverbale subjek betref, is daar tot dusver vasgestel dat dit die lang vorm van die werkwoord vereis. Dit is egter

interessant dat hierdie reël ongeldig blyk te wees wanneer die werkwoord die sogenaamde onbepaalde subjeksmorfeem go-neem (vgl. (80)) in plaas van die skakel wat met die subjek kongruer (vgl. (79)):

- |       |               |  |           |                                     |
|-------|---------------|--|-----------|-------------------------------------|
|       | V             |  | S         |                                     |
| (79a) | Di a latswa # |  | dikgomo   | 'Hulle lek, (naamlik)<br>die beste' |
| (79b) | *Di latswa    |  | dikgomo # |                                     |

teenoor:

- |       |               |  |          |                     |
|-------|---------------|--|----------|---------------------|
|       | V             |  | S        |                     |
| (80a) | Go fihla      |  | moruti # | 'n Leraar arriveer' |
| (80b) | *Go a fihla # |  | moruti   |                     |

Die subjek dikgomo in (79a) is ou inligting omdat dit slegs ou of bekende inligtingsnaamwoorde is wat kongruensie met die werkwoord kan genereer. Die ou informasiestatus van die postverbale subjek word verder aangetoon deur die verpligte gebruik van -a- in die werkwoord. Daardeur word die subjek as oortollige inligting gekenmerk en verskyn ná die eindgrens van die mededeling. Dit is anders gesteld met die subjek wat in voorbeeld (80a) in die postverbale posisie aangebied word. Laasgenoemde se identiteit is onbekend en derhalwe kan die subjek nie kongruensie met die werkwoord genereer nie. Dit word gevolglik as nuwe informasie in die diskoers ingelei deur middel van 'n strategie wat die "go-voorplasingsstrategie" genoem sou kan word. (Vgl. Louwrens, 1979:62 e.vv.). Die kort vorm van die werkwoord word gebruik omdat moruti as nuwe informasiesubjek essensiële inligting in die diskoers daarstel en deel vorm van die basiese mededeling. Die gebruik van die lang vorm van die werkwoord sou hier ongrammatis wees, aangesien dit die uitsluiting van die nuwe informasiesubjek uit die mededeling sou impliseer. (Vgl. (80b)).

Postverbale vokatiwe is, net soos verplaasde subjekte, ou informasie. Om dié rede word hulle ook voorafgegaan deur die lang vorm van die werkwoord:

(81) "O a rereša # Mokwena, gape ga di epiwe mmotong o tee."  
(Maditsi, 1970:88)

"Jy is reg, Mokwena, bowendien word dit (medisyne) nie op dieselfde bult gegrawe nie."

Wanneer nuwe inligting saam met die (bekende) verplaasde subjek of vokatief in die postverbale posisie aangebied word, word die kort vorm gebruik, sodat die nuwe inligting in die basiese mededeling ingesluit kan word. Vergelyk:

(82a) O a bona # ngwanaka? 'Sien jy, my kind?'

(82b) O bona gabotse, ngwanaka? # 'Sien jy goed, my kind?'

### 3.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is aangetoon dat die distribusie van -a- bepaal word deur die ou of nuwe informasiestatus van inligting wat postverbaal aangebied word. Daaruit voortvloeiend kon afgelei word dat die funksie van -a- die markering van afgebakende kommunikatiewe eenhede behels. Daar is bevind dat die -a- in sommige gevalle verplig moet voorkom om sodanige afgrensing te merk. In ander gevalle is bevind dat die aanwending van -a- al dan nie afhanklik is van sekere oorwegings, terwyl daar ook gevalle teëgekom is wat nie die -a- in die werkwoord toelaat nie. As "grensmerker" gee die onvoltooidheids-a aanleiding tot die volgende distribusiepatrone:

(a) Verpligte aanwending van '-a-'<sup>1)</sup>

(S)V

1) Die hakies dui 'n opsionele sinskomponent aan.

In die volgende skematiese voorstelling impliseer S naas "subjek" ook "vokatief":

VS

(b) Opsionele aanwending van '-a-'

Die enigste geval waar daar soms 'n keuse moontlik blyk te wees tussen die lang en die kort vorm is in die geval van die hulpwerkwoord van die saamgestelde predikaat. Die vraag is egter of die "hulpwerkwoord" dan nog as hulpwerkwoord in die ware sin van die woord fungeer.

(c) Verpligte afwesigheid van '-a-'

Daar is bevind dat -a- nie toegelaat word in VS-konstruksies waar die subjeksmorfeem die onbepaalde go- is nie.

## HOOFSTUK 4

## DIE PREDIKAAT EN DIE DESKRIPTIEWE BEPALING

## 4.1 INLEIDING

Hierdie sinsstruktuur is van die tipe SVX (Subjek-Werkwoord-Deskriptiewe bepaling).

Die deskriptiewe bepaling se basiese posisie in die sin is postverbaal. In die geval van deskriptiewe bepalinge wat preverbaal verskyn, geld dieselfde reëls vir die distribusie van -a- as in die geval van die predikaat soos bespreek in Hoofstuk 3. Ten einde die distribusie van -a- onder invloed van deskriptiewe bepalinge vas te stel, word laasgenoemde dus slegs in die postverbale posisie in oënskyn geneem. Die deskriptiewe bepaling kan 'n bywoord wees, of 'n partikelgroep of selfs 'n bysin.

Semanties kan bywoorde in breë trekke verdeel word in bywoorde van wyse, tyd en plek, maar daar is verskeie ander wat nie in terme hiervan klassifiseerbaar is nie. Van laasgenoemde groepe bywoorde sou in aansluiting by Givón (1984:78) onder "speaker's comment adverbs" ingedeel kan word. Vergelyk die aanhaling deur Givón wat verderaan volg.

'n Belangrike aanname wat lei tot 'n beter begrip van -a- se funksie is dat nie alle bepalinge dieselfde semantiese trefwydte of omvang ("semantic scope") het nie. Presies hoe die verskil in hierdie opsig tussen die bywoorde daar uitsien, word soos volg deur Givón (1984:77, 78) geformuleer:

"Manner adverbs

Manner adverbs tend to modify, in some way, the meaning of the verb itself. In other words, they have the verb alone under their semantic scope.



Time adverbs

Time adverbs tend to characterize the entire event/state, and thus bring the entire sentence under their scope.

Place adverbs

Somewhat hard to distinguish from locative objects ..., place adverbs take under their scope the entire sentence (rather than pertain only to the verb or verb phrase).

Speaker's comment adverbs

These are adverbs ... involving comments that speakers may make about various aspects of the speech situation. Their scope is thus the widest."

(Onderstropping - Givón)

In die aanhaling word die bywoord van wyse beskryf as die bywoord waarvan die semantiese trefwydte die meeste beperk is. Dit modifieer naamlik slegs die werkwoord. Bywoorde van plek en tyd, daarenteen, bepaal die sin in sy geheel. Laastens, is die semantiese trefwydte van bywoorde wat die spreker se kommentaar uitdruk die grootste.

Baie van die tradisionele grammatici het besef dat bywoorde nie almal met dieselfde vorm van die werkwoord voorkom nie. Sommige het probeer om een of ander reëlmatigheid of patroon in die gedrag van -a- met bywoorde vas te lê. Indien hulle die verskil in die semantiese trefwydte van bywoorde ingesien het, sou hulle meer duidelikheid verkry het waarom sekere bywoorde die lang vorm selekteer en ander die kort vorm.

Sekere opmerkings deur Van Eeden (1956:253) oor die distribusie van -a- met verskillende bywoorde in Zulu, kan moontlik as 'n aanloop beskou word tot die konsep van 'n verskil in die semantiese trefwydte van bywoorde. Terwyl Van Eeden die gebruik van die lang vorm met bywoorde van tyd en plek daaraan toeskryf dat hulle 'n bepaalde tydstip en lokaliteit aandui, is sy

kommentaar ten opsigte van die bywoorde van wyse, wat oorwegend met die kort vorm optree, die volgende:

"Met adverbialia van wyse, veral adverbialia soos kakhulu, kabi, kahle, kancane, is dit anders gesteld; hulle dien eintlik om 'n handeling te versterk of te verswak, en daarom is dit verstaanbaar dat die kortvorm die een is waarmee hulle veral gebruik word. Nogtans word soms v. sinne gebruik gemaak, waarin die handeling beklemtoon word bv. Umame uyagula kakhulu (My ma is baie siek), maar dan is die adv. (kakhulu) eintlik 'n nagedagte wat op 'n losse manier bygevoeg word en beteken die sin eintlik: "My ma is siek - (baie) erg."

(Dubbele onderstreping - JMK)

Uit die aanhaling kan duidelik afgelei word dat die bywoord van wyse slegs die werkwoord bepaal in die kort vorm. As dit met die lang vorm voorkom, wat selde gebeur, word die bywoord, aldus Van Eeden, as 'n nagedagte bygevoeg, en is die verbondenheid met die werkwoord nie meer so heg nie.

Alhoewel daar gepoog sal word om 'n mate van verdeling tussen die bywoorde in die bespreking te handhaaf, sal dit duidelik word dat semantiese oorvleuelings die kompartementering van dié woordkategorie bemoeilik.

#### 4.2 BYWOORDE VAN WYSE

Die bywoord van wyse (of hoedanigheid) kwalifiseer die handeling ten opsigte van die wyse waarop dit uitgevoer word, byvoorbeeld "die kinders skryf netjies", "die hond blaf hard".

'n Paar voorbeelde dien ter illustrasie:

- (83a) Hlogo ya sekolo e bolela gabotse #  
 (83b) ?Hlogo ya sekolo e a bolela # gabotse  
 'Die skoolhoof praat goed'
- (84a) Batho ba fokola kudu #  
 (84b) ?Batho ba a fokola # kudu  
 'Die mense is baie swak'
- (85a) Ngwana o lla ganyane #  
 (85b) ?Ngwana o a lla # ganyane  
 'Die kind huil 'n bietjie'

Daar moet in gedagte gehou word dat die vraagtekens voor voorbeelde nie noodwendig ongrammatiese konstruksies aandui nie. Dit is moontlik dat van die voorbeelde toelaatbaar mag wees onder besondere omstandighede, soos daar by geleentheid aangetoon sal word. Voorbeelde soos hierbo is egter konteks-vry aan proefpersone voorgelê. Hulle uitsprake ten opsigte van die gebruik van -a- geld dus vir onafhanklike sinne. Die informante het deur die bank die kort vorm van die werkwoord in sinne (83) tot (85) uitgewys as die aanvaarbare vorm.

Die feit dat die bywoord van wyse die kort vorm van die werkwoord selekteer, dui aan dat die bywoord 'n semantiese eenheid met die werkwoord vorm. 'n Verbreking van dié eenheid deur die gebruik van die lang vorm gebeur dus selde. Van Eeden (1941:92) het die gebruik van die bywoord van wyse ná die lang vorm by geleentheid selfs as verkeerd bestempel, met verwysing na Suid-Sotho:

"... Wat egter verkeerd is, is b.v. Rea sebetsa joalo (met die adverbium van manier, joalo (so))."

Die verband tussen Givón (ibid.) se opmerkings en die vorm van die werkwoord in Noord-Sotho, lê daarin dat 'n bywoord wat slegs die werkwoord bepaal, die kort vorm van die werkwoord

selekteer. Bywoorde van wyse selekteer die kort vorm omrede hulle meestal nuwe informasie is en selde geantisipeerde inligting verteenwoordig. Die gebruik van die onbepaalde subjeksmorfeem go- in die werkwoord verander nie die voorkeur wat gegee word aan die kort vorm wanneer 'n bywoord van wyse op die werkwoord volg nie:

- (86a) Go tonya kudu # 'Dit is baie koud'  
 (86b) ?Go a tonya # kudu

Voordat die aandag bepaal word by die bywoorde van plek en tyd, word daar eers stilgestaan by die bywoorde wat die spreker se kommentaar uitdruk. Die rede hiervoor is dat laasgenoemde bywoorde in vergelyking met bywoorde van wyse aan die ander uiterste staan wat hul semantiese trefwydte betref.

#### 4.3 BYWOORDE VAN KOMMENTAAR

Volgens Givón (ibid.) is hierdie tipe bywoorde die met die grootste semantiese trefwydte. Dit beteken dat so 'n bywoord op die hele sin betrekking het eerder as net op 'n gedeelte daarvan. Dit is opvallend dat die distribusionele gedrag van -a- met 'n bywoord van wyse omgekeerd is in die geval van 'n bywoord soos byvoorbeeld ruri 'regtig, waarlik' wat aan hierdie groepie bywoorde behoort. Vergelyk:

Met 'n bywoord van wyse:

- (87a) Ngwana o lla kudu #  
 (87b) ?Ngwana o a lla # kudu 'Die kind huil baie'

Met ruri

- (88a) ?Ngwana o lla ruri #  
 (88b) Ngwana o a lla # ruri 'Die kind huil regtig'

'n Voorlopige afleiding wat gemaak kan word is dat bywoorde van kommentaar buite die basiese inligtingseenheid moet staan ten einde die hele sin te bepaal. Om dié rede selekteer hierdie bywoorde die lang vorm van die werkwoord.

Daar kan ook verder gekonkludeer word dat ruri in (88b) hierbo nie nuwe leksikale inligting tot die diskoers bydra nie, maar dat dit slegs uitdrukking gee aan die spreker se houding jeens die inhoud van sy mededeling.

Wanneer ruri saam met 'n ander bywoord optree, word die kort vorm gebruik, byvoorbeeld

(89) Mosetsana o opela gabotse ruri #  
'Die dogter sing werklik mooi'

Die bywoord gabotse as nuwe inligting in bostaande sin is noodsaaklike inligting en is verantwoordelik vir die gebruik van die kort vorm van die werkwoord.

Die voorkoms van ruri direk na die kort vorm van die werkwoord is wel moontlik, aldus een informant, wanneer dié bywoord geïnterpreteer word as 'n bywoord van wyse met die betekenis "baie" of "erg" en nie as 'n bywoord van kommentaar nie. Dit is klaarblyklik die verklaring wat aangebied kan word vir die aanvaarbaarheid van die kort naas die lang vorm in voorbeeld (90) hieronder:

(90a) Go tonya ruri # 'Dit is vreeslik koud'  
(90b) Go a tonya # ruri! 'Dit is koud, sowaar!'

In die (a) sin hierbo beskryf ruri dus die intensiteit van 'n proses eerder as om die kommentaar van die spreker oor die toedrag van sake weer te gee (vgl. (90b)).

Dit is interessant dat Ponelis (1980:120) die term "sinsadjunkte" gebruik met verwysing na bywoorde van kommentaar (bv. ruri 'regtig', ka mnete 'werklik') asook met verwysing na partikels soos na? en ge wat die lang vorm van die werkwoord selekteer. Die term "sinsadjunkte" suggereer dat die genoemde bepalinge die hele sin bepaal eerder as net die werkwoord.

#### 4.4 BYWOORDE VAN PLEK

Die bywoord van plek bepaal die handeling of proses ten opsigte van lokaliteit. Lokaliteit kan uitgedruk word deur selfstandige naamwoorde soos mošate 'hoofstat', of plekname soos Polokwane 'Pietersburg', Tshwane 'Pretoria'. Verder kan lokaliteit ook uitgedruk word deur naamwoorde uit die lokatiefklasse, byvoorbeeld morago 'agter', teng 'binne', fase 'onder', deur lokatief-afgeleide naamwoorde, byvoorbeeld toropong 'in/by die dorp', tseleng 'op/in/by die pad', of deur partikelgroepe, byvoorbeeld ga mosadi 'by die vrou se tuiste', go motho 'by die mens', ka ntle 'buite'.

Die werkwoord wat gevolg word deur 'n bywoord van plek, kom in outonome stellings oorwegend in die kort vorm voor. Die konstruksie met die kort vorm word beskou as die "normale" gebruik, byvoorbeeld:

(91) O bapala tseleng                      'Hy speel by/in die pad'

Die lang vorm kan voorkom indien dit uit die diskoerskonteks duidelik is dat die lokaliteit ou informasie is, byvoorbeeld:

(92) "Polotšong yeo, (a) molao wa dikolo ga o dumelele ge bafsa ba ka itiwa goba go utswetšwa bjalo ka ge re šetše re laodišitše. Wa ba batala yo a ka itiago goba a hula yo moswa, (b) o a rakwa # sekolong."

(Motuku, 1972:36)

'Tydens dié ontgroening, laat (a) die skoolregulasie nie toe dat nuwelinge geslaan of uitgebuit word soos ons reeds verduidelik het nie. Die oues wat 'n nuweling slaan of uitbuit, word (b) uit die skool geskors.'

Die verwysing na "skoolregulasie" by (a) in die voorbeeld, maak die gebruik van die lang vorm by (b) moontlik. Die skrywer sou m.a.w. die sin onmiddellik na die werkwoord by (b) kon opgehef het, sonder dat die leser in twyfel sou gewees het oor die plek waaruit die leerlinge geskors sou word, omdat die leser reeds vroeër in die diskoers ingelig is oor die lokaliteit waarop die gebeure betrekking het.

Die beginsel van "antisipering" van inligting word aan die hand van die volgende aanhaling geïllustreer:

(93) "Ba dutše ka lapeng, mollo o a tuka # sebešong,  
dipitša di ka thoko." (Maredi, 1982:17)

'Hulle sit in die werf, die vuur brand in die  
vuurherd, die potte staan eenkant.'

In hierdie geval kan sebešong 'vuurherd' geantisipeer word deurdat daar vooraf verwys is na verbandhoudende begrippe soos mollo 'vuur' en -tuka 'brand'. Kontekstueel kan sebešong dus geantisipeer word vanuit die gegewe vooraf.

"Antisipering van inligting" is waarskynlik ook die sleutel tot die verklaring van die aanvaarbaarheid al dan nie van die volgende voorbeelde:

(94a) O rutha ka meetseng # 1)

(94b) O a rutha # ka meetseng  
'Hy swem in die water'

teencor:

(95a) O bapala tseleng #

(95b) ?O a bapala # tseleng  
'Hy speel by die pad'

Die werkwoordstam -rutha 'swem' veronderstel 'in die water', omdat 'swem' en 'water' 'n natuurlike assosiasie is. Daarom kan die lang vorm naas die meer gebruikelike kort vorm in (94) aangetref word. In voorbeeld (95), egter, kan tseleng 'by die pad' nie na aanleiding van o a bapala 'hy speel' voorspel word nie, omdat die keuse van lokaliteite wat op 'speel' kan volg, veel groter is as in die geval van 'swem'. Die semantiese hegtheid tussen die werkwoord en die daaropvolgende bywoord van plek is dus afhanklik van die mate waarin die bywoord uit hoofde van die semantiese eienskappe van die werkwoord geantisipeer kan word.

Daar is tot dusver vasgestel dat inligting geantisipeer kan word uit hoofde van:

- die diskoerskonteks (vgl. (92));
- die sin (vgl. (93));
- die kerns van werkwoorde (vgl. (94)).

---

1) Die feit dat die lokatiewe bepaling uit 'n lokatiewe partikelgroep bestaan waarin die lokaliteit meer afgebaken word (nl. in die water) as wanneer dit sonder die lokatiewe voorsetsel ka voorkom, verander nie die beginsel wat hier geïllustreer word nie.



Hierby behoort in die vierde plek ook morfologiese afleidings gevoeg te word - nie omdat hulle instrumenteel is in die voorspelling van inligting nie, maar eerder omdat die aanwending van sulke afleidings belofte inhou van verdere inligting wat op die werkwoord gaan volg. As voorbeeld dien die applikatiewe agtervoegsel waarna daar in die geval van 'n lokatiewe bywoord soms verwys word as 'n direktiewe agtervoegsel. (Vgl. o.a. Wilkes, 1971:99). Die handeling geskied naamlik "in die rigting van" 'n sekere lokaliteit. Vergelyk:

(96a) O tšhabela sethokgweng #

(96b) \*O a tšhabela # sethokgweng

'Hy vlug bos toe' (na die bos se kant toe)

Aangesien die applikatiewe agtervoegsel -el- verdere relevante inligting na die werkwoord veronderstel, is die lang vorm wat 'n grens tussen die handeling en die lokaliteit sou suggereer, nie in die (b) sin hierbo aanvaarbaar nie.

Die subjeksmorfeem go- met bywoorde van plek verdien spesiale vermelding. Dié morfeem stel in hierdie geval nie die onbepaalde subjeksmorfeem voor nie, maar wel die lokatiewe subjeksmorfeem. Dit wil voorkom of die lokatiewe subjeksmorfeem die vorm van die werkwoord anders beïnvloed as die subjekskakels van die nie-lokatiewe naamwoordklasse.

#### Lokatiewe subjeksmorfeem

(97a) Go a fiša # lešokeng

(97b) ?Go fiša lešokeng #

'Dit is warm in die woestyn'

#### Nie-lokatiewe subjekskakel

(98a) ?O a tsoma # lešokeng

(98b) O tsoma lešokeng #

'Hy jag in die woestyn'

Daar sal opgemerk word dat die werkwoord met die lokatiewe subjeksmorfeem die lang vorm selekteer, terwyl die kort vorm ongewoon is. In die geval van konstruksies met die nie-lokatiewe subjekskakel, daarenteen, word die kort vorm by uitstek gebruik. Die lang vorm is nie ongrammadies nie, maar is slegs onder besondere omstandighede toelaatbaar soos hoërop aangetoon is. Hierdie verskil wat deur die lokatiewe subjeksmorfeem en die nie-lokatiewe subjekskakel in die vorm van die werkwoord teweeggebring word, word, na my wete, nie in enige van die geraadpleegde Noord-Sothobronne vermeld nie.

'n Moontlike verklaring vir die toelaatbaarheid van -a- in die werkwoord wat die lokatiewe subjeksmorfeem vertoon, kan aangevoer word na aanleiding van Prinsloo (1979) se bevindinge rakende lokatiefvorming in Noord-Sotho. Hy voer aan dat die post-verbale lokatiewe bywoord in 'n voorbeeld soos (97a) naamwoordvalensie het, omdat dit ook in die subjeksposisie kan staan en met die werkwoord kan kongrueer deur middel van die lokatiewe subjeksmorfeem go-. Vergelyk:

(99) Lešokeng go a fiša

'In die woestyn is dit warm'

In werklikheid is lešokeng dus 'n verplaasde lokatiewe subjek wat die gebruik van die lang vorm in (97a) verklaar. (Daar sal onthou word dat verplaasde subjekte die lang vorm van die werkwoord vereis. Vgl. (76)).

In voorbeeld (98), waar lešokeng nie met die werkwoord kongrueer nie, moet gekonkludeer word dat die bywoordelike valensie sterker weeg as die naamwoordelike valensie en die kort vorm gevolglik in die werkwoord afdwing.

Op grond van bogenoemde bespreking kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat lokatiewe bywoorde wat voorafgegaan word deur 'n werkwoord met die go- morfeem, slegs die lang vorm toelaat. Vgl. (100a). Let egter op (c)

en (d) in voorbeeld (100):

(100a) Go a tonya # nageng

(100b) ?Go tonya nageng #  
'Dit is koud in die veld'

(100c) Go tonya nageng fela #  
'Dit is net in die veld koud'

(100d) Go tonya nageng ge phefo e foka bjalo #  
'Dit is koud in die veld as die wind so waai'

Die volgende verduideliking word aan die hand gedoen vir die gebruik van die kort vorm in die (c) en (d) voorbeelde hierbo: Die lokatiewe kongruensiemorfeem go- suggereer of antisipeer 'n lokatiewe bywoord. In dié sin is die lokatiewe bywoord dus bekende informasie. Die inligting, daarenteen, wat op nageng volg in die betrokke voorbeelde, is nie uit enige oord afleibaar nie en verteenwoordig dus nuwe inligting. Ter wille van dié nuwe inligting wat by die basiese inligtingseenheid ingesluit moet word, kom die lokatiewe bywoord met die kort vorm van die werkwoord voor.

Dit is in hierdie stadium nie heeltemal duidelik hoe Givón (1984) se uitspraak oor die semantiese trefwydte van bywoorde by die distribusiepatroon van -a- met lokatiewe bywoorde aansluit nie. In die voorafgaande twee afdelings kon daar 'n duidelike verband getref word tussen die semantiese trefwydte van die betrokke tipe bywoord en die vorm van die werkwoord, naamlik:

- (a) Die bywoord van wyse selekteer die kort vorm, omdat sy semantiese omvang die kleinste is en dit slegs die werkwoord bepaal;

- (b) Die bywoord van kommentaar selekteer die lang vorm, omdat dit meer as net die werkwoord bepaal en trouens dié bywoord is met die grootste semantiese omvang.

Wat die bywoord van plek betref (en dit wil voorkom of dieselfde ook vir die bywoord van tyd geld), kan daar nie so 'n duidelike verband ingesien word tussen die bywoord se semantiese omvang en die vorm van die werkwoord nie. Dit is moontlik dat hierdie bevinding te make het met die feit dat die bywoorde genoem onder (a) en (b) hierbo aan die twee uiterstes staan van Givón se skaal van bywoorde se semantiese trefwydte. Bywoorde van plek en tyd, daarenteen, wat "in die middel van die skaal" staan, bied meer geleentheid vir alternatiewe vorme van die werkwoord.

#### 4.5 BYWOORDE VAN TYD

Die bywoord van tyd bepaal 'n handeling of proses ten opsigte van die tydstip waarop dit plaasvind of ten opsigte van die temporale verloop daarvan.

Dit het al genoegsaam duidelik geword dat die verskillende tipes bywoorde nie almal dieselfde vorm van die werkwoord vereis nie. In die verlede is die bywoorde van wyse en plek soms saamgegroepeer op grond van sekere ooreenkomste in die distribusiepatroon van *-a-*, terwyl die bywoord van tyd beskou is as 'n soort op sy eie. Enkele aanhalings getuig hiervan:

Ten opsigte van Zulu:

"Adverbs of time have less influence upon the verb than do adverbs of place and manner; there are thus alternative choices." (Doke, 1945:335)

Cole (1955:444) se beskrywing vir Tswana stem opvallend ooreen:

"Temporal adverbs influence the verb less than do adverbs of place and manner, and may be preceded by either the long or short form."

Hieruit blyk dat die bywoord van tyd, anders as die bywoorde van wyse en plek, saam met die lang òf kort vorm van die werkwoord kan optree. Dit is dus nie onderworpe aan dieselfde beperkings as die ander bywoorde ten opsigte van die vorm van die werkwoord nie.

'n Ander beskouing word by Van Eeden (1941:92) met verwysing na Suid-Sotho aangetref. Hy groepeer die bywoorde van plek en tyd saam en stel hulle (by implikasie) teenoor die bywoord van wyse:

"Soms word dit (die lang vorm - IMK) egter ook met 'n adjunk, b.v. ... die adverbium (van tyd) joale, gebruik, b.v. ... Rea sebetse (?sic.) joale (Ons is nou aan die werk); soms ook met 'n lokatief, b.v. Hoa loanoa naheng (Daar word geveg in die veld), Rea lapa masimong (ons word honger in die lande). Wat egter verkeerd is, is b.v. Rea sebeta joalo (met die adverbium van manier, joalo (so))."

Van der Westhuizen (1949:98) merk in dieselfde gees op:

"Dit is ... veral tydaanduidende adverbia wat met die Langvorm kan optree, maar ook lokatiewe adverbia word dikwels so aangewend."

Uit bostaande aanhalings kan voorlopig afgelei word dat:

- Die bywoord van tyd ewe geredelik met die lang en die kort vorm van die werkwoord in Zulu en Tswana kan optree. Daar blyk by implikasie beperkings te wees in die geval van die bywoorde van plek en wyse. (Vergelyk aanhalings deur Doke en Cole hierbo). Watter vorm hierdie restriksies aanneem, word nie deur Doke of Cole uitgespel nie, maar wat dit betref, word uit Van Eeden (ibid.) en Van der Westhuizen (ibid.) se opmerkings afgelei dat:

- Die lokatiewe bywoord naas die kort vorm, soms ook met die lang vorm in Suid-Sotho en Zulu voorkom. Dit bly egter nog die bywoord van tyd wat met die grootste mate van vryheid die lang of die kort vorm selekteer; en
- Van die tipes bywoorde sover onder bespreking, dit die bywoord van wyse is wat die minste saam met die lang vorm in die gemelde tale figureer.


Die volgende voorbeelde illustreer die gebruik van die bywoord van tyd met die lang en kort vorm van die werkwoord. Dit w'l voorkom asof die handeling in die lang vorm, in ooreenstemming met tradisionele beskouinge, emfaties is. Vergelyk:

(101a)	Ke a sepela bjale	'Ek lóóp nou'
(101b)	Ke sepela bjale	'Ek loop nou'
(102a)	Ke a šoma lehono	'Ek wérk vandag'
(102b)	Ke šoma lehono	'Ek werk vandag'
(103a)	Baeng ba a robala bošego	'Die gaste slááp in die nag'
(103b)	Baeng ba robala bošego	'Die gaste slaap in die nag'


Van die verskillende tipes bywoorde is dit by uitstek die bywoord van tyd wat die lang vorm naas die kort vorm toelaat in onafhanklike stellings soos hierbo. Bywoorde van wyse en plek daarenteen, selekteer die kort vorm in onafhanklike stellings. Die lang vorm met laasgenoemde tipes bywoorde het 'n lae gebruiksfrekwensie en is vir sy gebruik afhanklik van gespesifiseerde kontekste.

Skematies kan die gebruik van die lang en kort vorm met 'n bywoord van tyd soos volg ontleed en voorgestel word:

- (104a) Dinku di a timela # ka mehla  
'Die skape verdwaal altyd'



- (104b) Dinku di timela ka mehla #



In voorbeeld (104a) kom die bywoord van tyd as't ware buite die basiese inligtingseenheid te staan, aangesien dit nā die lang vorm van die werkwoord volg. Dit vertoon dus nie 'n hegte semantiese verband met die handeling nie, maar betrek eerder die hele sin in sy semantiese omvang. Andersyds, bewerkstellig die gebruik van die kort vorm in (104b) 'n semantiese verbondenheid tussen die werkwoord en die bywoord, omdat die bywoord in dié geval in die basiese mededeling ingesluit word.

Bywoorde van tyd kan in verskillende konstruksies die vorm van die werkwoord verskillend beïnvloed. Dit beteken dat die lang vorm in sekere gevalle as meer korrek beskou sal word as die kort vorm, of omgekeerd. Ten opsigte van die volgende aangehaalde voorbeelde, was informante nie ten gunste van die kort vorm nie: .

- (105) "Witbank e a tonya marega." (Maditsi, 1974:107)  
'Witbank is koud in die winter.'
- (106) ""Emang lena re a fologa gona bjale.""  
(Maditsi, 1974:11)  
'"Staan op, julle, ons klim nou af."'
- (107) "Nakana e a lla bjale gomme babapadi ba khutša ka  
go nyane." (sic.) (Madiba, s.j.:121)  
'Die fluitjie blaas nou en die spelers rus 'n bietjie.'

Die feit dat die lang vorm hierbo deur die informante verkies is, dui aan dat hulle die tydsbywoord as oortollige inligting aanvoel. In die geval van voorbeeld (105) kan marega 'winter' waarskynlik na aanleiding van 'n werkwoord soos go tonya 'koud wees' verwag word en is die bywoord om dié rede nie deel van die basiese mededeling nie. Wat (106) en (107) betref, is die gebruik van die lang vorm verklaarbaar as in aanmerking geneem word dat 'n verwysing na die hede reeds in die onvoltooide tydvorm van die werkwoord vervat is.

Van Rooyen (1977:119) wys daarop dat 'n bywoord soos manje in Zulu, (bjale in Noord-Sotho), nie noodwendig altyd 'n tydswoord is nie. Dit kan ook beteken "nou dan, terloops" in welke geval dit in aansluiting by Givón beskou kan word as 'n bywoord van kommentaar. As sulks selekteer dit oorwegend die lang vorm van die werkwoord. Die verskil tussen voorbeelde (108) en (109) in die distribusie van -a- is heelwaarskynlik te wyte aan die verskil in die semantiese omvang van die bywoorde:

- (108) O a bona # bjale, ngwanaka?  
'Sien jy nou, my kind?'

waarin bjale die spreker se kommentaar uitdruk, teenoor:

- (109) O bona gabotse, ngwanaka? #  
'Sien jy goed, my kind?'



waarin gabotse 'n bywoord van wyse is. Alhoewel die postverbale vokatief gewoonlik die lang vorm selekteer, word die kort vorm in (109) gebruik om sodoende die bywoord van wyse by die basiese inligtingseenheid in te sluit.

Soos vroeër genoem, word die verwysing na -a- as 'n tydsmorfeem in twyfel getrek. Tog het die -a- wel iets met tydsmerking te make in dié opsig dat dit algemeen saam met bywoorde van tyd gebruik word, byvoorbeeld

(110) O a fokola lehono  
'Hy is swak vandag'

Daar moet egter gespesifiseer word dat dit hoofsaaklik bywoorde geld wat 'n algemene teenwoordige konnotasie inhou, soos lehono 'vandag', bjale 'nou', of tydsbywoorde wat voorspelbaar is uit die konteks. Sulke tydsbywoorde sal oortollige inligting konstitueer en uit die basiese inligtingseenheid afgesluit kan word. Die werkwoord wat om dié rede die laaste relevante inligting bevat, word as geëmfatiseer vertolk. Daar kan aan die ander kant gevalle aangetref word waar die tydsverwysing meer afgebaken is tot 'n spesifieke tyd of tydperk. In dié geval sal die tydsbywoord waarskynlik minder voorspelbaar wees en sal die kort vorm bo die lang vorm verkies word.

Vergelyk:

(111a) O ja mosegare # 'Hy eet in die middag' (om dit te onderskei van bv. 'Hy eet in die aand')  
aand'

in plaas van

(111b) O a ja # mosegare.

Konstruksies met go- as onbepaalde subjeksmorfeem laat beide die kort en die lang vorm van die werkwoord toe. Dit wil egter voorkom of moedertaalsprekers voorkeur gee aan die lang vorm in 'n sin soos:

- (112a) Go a tonya # marega  
 (112b) ?Go tonya marega #  
 'Dit is koud in die winter'

Die verklaring wat ten opsigte van voorbeeld (105) aangebied is, is ook van toepassing op (112), naamlik dat marega as oortollige inligting vertolk word, waarskynlik omdat dit deur die betekenis van die werkwoordstam -tonya geïmpliseer word. Die kort vorm word wel met bywoorde van tyd aangetref wanneer verdere nie-voorspelbare inligting op die bywoord volg. Ten einde dié inligting, wat noodsaaklike inligting konstitueer, by die inligtingseenheid in te sluit, word die kort vorm van die werkwoord gebruik. Vergelyk:

- (113a) Go fiša selemo fela #  
 'Dit is net in die somer warm'  
 (113b) Go tonya leho go feta maabane #  
 'Dit is vandag kouer as gister'

#### 4.6 PARTIKELGROEPE

Die beginsels wat die gebruik van die kort of lang vorm met partikelgroepe beheer, oorvleuel met die bespreking van bywoorde in die voorafgaande afdelings. Partikelgroepe maak oorwegend van die kort vorm van die werkwoord gebruik. Enkele voorbeelde dien ter illustrasie:

Die instrumentale partikelgroep:

- (114) O ferehla ka leho 'Sy roer met 'n lepel'

Die konnektiewe partikelgroep:

- (115) Ngwana o swana le mmagwe 'Die kind lyk soos sy ma'

Die possessiewe partikelgroep:

(116) Mošemane o diša tša malome 'Die seun pas oom s'n op'

Die lokatiewe partikelgroep:

Hierdie partikelgroepe is reeds vermeld in paragraaf 4.4 wat handel oor bywoorde van plek, byvoorbeeld

(117) Banna ba šoma ka ntle 'Die mans werk buite'

Soms mag die lang vorm wel aanneemlik wees, naamlik wanneer die inligting wat die partikelgroep dra, geantisipeer kan word of bekend is. So, byvoorbeeld, het een informant die lang vorm aanvaar in voorbeeld (118a), terwyl hy die lang vorm in (118b) as minder aanneemlik beskou het:

(118a) Mosetsana o a swiela # ka leswielo  
'Die dogter vee met 'n besem'

(118b) ?Mosetsana o a swiela # lapa  
'Die dogter vee die werf'

Die verklaring vir die informant se reaksies op dié voorbeelde lê waarskynlik daarin dat ka leswielo uit hoofde van die werkwoordstam -swiela se betekenis geantisipeer kan word, terwyl lapa een van baie objekte is wat op -swiela kan volg en dus nie 'n objek is wat deur -swiela veronderstel word nie.

#### 4.7 DIE DESKRIPTIEWE BYSIN

Die indikatiewe werkwoord gevolg deur die werkwoord in die situatiewe modus word as voorbeeld geneem:

Die situatiewe bysin kan die indikatiewe werkwoord bepaal wanneer laasgenoemde in die kort vorm verskyn en daar geen voegwoord teenwoordig is wat die hoofsin van die bysin skei nie:

(119a) Ngwana o sepela a opela #

(119b) ?Ngwana o a sepela # a opela

'Die kind loop singende'

Wanneer die voegwoord ontbreek soos in die sinne hierbo, word slegs die kort vorm in die hoofsin gebruik. Die lang vorm sou aandui dat die bysin oortollige inligting konstitueer, wat strydig is met die spreker se bedoeling. As bepaler van die werkwoord word die situatiewe bysin in (119a) in die basiese inligtingseenheid ingesluit. Soos ander bywoorde kan dit as deskriptiewe bepaling geïnterpreteer word, omdat dit beskryf hoe die handeling uitgevoer word - vergelyk dan ook die deelwoord "singende" in die vertaling.

Sodra die situatiewe bysin ingelei word deur 'n voegwoord, word dit in plaas van as 'n deskriptief eerder as 'n meer outonome bysin beskou wat 'n voorwaarde uitdruk. Vergelyk:

(120a) Ngwana o opela ge a sepela

(120b) Ngwana o a opela ge a sepela

'Die kind sing as/wanneer hy loop'

#### 4.8 KOMBINASIES VAN DESKRIPTIEWE BEPALINGS

Die kombineerbaarheid van bywoorde hang van hul semantiese inhoud af. Enkele voorbeelde dien ter illustrasie:

(121) Ke ithuta sekolong lehono (plek, tyd)

'Ek leer vandag op skool'

- (122) Ke phela gabotse kudu (wyse, wyse)  
'Dit gaan baie goed met my'
- (123) Dipere di gataka kudu tseleng (wyse, plek)  
'Die perde trap hard op die pad'
- (124) Yo mafolofolo o šoma toropong gabotse (plek, wyse)  
'Die flukse werk lekker in die dorp'
- (125) Dijo di kwa gamonate ruri (wyse, kommentaar)  
'Die kos smaak regtig lekker'
- (126) Lefokisi le sepela bošego ka tlhokomelo  
(tyd, partikelgroep van wyse)  
'Die speurder loop versigtig in die nag'

Die werkwoord wat deur meer as een bepaling gevolg word, selekteer oorwegend die kort vorm. Dit is te begrype, omdat die bepaling gewoonlik nuwe informasie konstitueer. Selfs in die geval waar een van die bepalinge moontlik geantisipeer sal kan word (vgl. bywoorde van tyd), val die keuse op die kort vorm, omdat die invloed van die nuwe informasiebywoord op die werkwoord groter is as dié van die ou informasiebepaling. Gevalle waar die lang vorm wel toegelaat word, soos in die voorbeeld hieronder, getuig daarvan dat beide die temporale partikelgroep ka mehla en die lokatiewe bywoord sekolong as ou of voorspelbare inligting aangebied word:

- (127a) Ke a ithuta # ka mehla sekolong  
naas
- (127b) Ke ithuta ka mehla sekolong #  
'Ek leer altyd in die skool!'

Uit die gebruik van die lang vorm in (127a) word afgelei dat (1) die tydsbywoord oortollige inligting is. Dit is aanvaarbaar in die lig daarvan dat ka mehla 'altyd' 'n teenwoordige tydsimplikasie inhou wat reeds voorspel word deur

die feit dat die werkwoord in die onvoltooide tydvorm voorkom; en dat (2) die bywoord van plek oortollige inligting moet wees. Die ou-informasie status wat hier aan die bywoord sekolong 'in die skool' toegeskryf word, is moontlik te wyte daaraan dat dit uit die werkwoordstam -ithuta geantisipeer kan word.

#### 4.9 SAMEVATTING

Daar word volstaan met bostaande voorbeelde om die distribusie van -a- met deskriptiewe bepalings toe te lig. Alhoewel die lys aangevul sou kan word, word gemeen dat die ontleding van die gegewe voorbeelde aan die doelstelling van hierdie ondersoek beantwoord, naamlik om meer lig te werp op die distribusie en funksie van -a- in die indikatiewe werkwoord. In die onderstaande opsomming het die distribusieverskynsels genoem onder (a) betrekking op gevalle waar die postverbale inligting bekend of voorspelbaar is. Die opsionele aanwending van -a- (vgl. (b)) verwys na gevalle waar postverbale inligting as ou of nuwe informasie geïnterpreteer kan word. In die laaste plek hou (c) verband met postverbale inligting wat essensiële inligting vir die sinvolle dekodering van 'n mededeling konstitueer.

##### (a) Verpligte aanwending van '-a-'

Die aanwesigheid van -a- kan met 'n redelike mate van sekerheid as verplig beskou word met bywoorde van plek, en wel met die lokatiewe subjeksmorfeem in die werkwoord:

Go a fiša toropong

'Dis warm in die dorp'

Bywoorde van kommentaar selekteer ook die lang vorm:

O a foša ka mnete!

'Jy maak regtig 'n fout!'

(b) Opsionele aanwending van '-a-'

Die bywoord van tyd met die subjekskakels van die naamwoordklasse is by uitstek dié bywoord waar albei die aan- of afwesigheid van -a- in outonome stellings aanvaarbaar is, dus:

Seboledi se a bolela gona bjale  
 of: Seboledi se bolela gona 'bjale  
 'Die spreker praat nou'

Die volgende gevalle wat bevraagteken word is nie noodwendig ongrammaties nie, maar het 'n baie laer gebruiksfrekwensie as die alternatiewe vorm en is van hoogs gespesifiseerde kontekste vir hulle gebruik afhanklik:

- Die lang vorm by die bywoord van wyse met 'n gewone subjekskakel van die naamwoordklasse:

?Mpša e a ja kudu      'Die hond eet baie'

- Die lang vorm by die bywoord van wyse met die onbepaalde subjeksmorfeem:

?Go a tonya kudu      'Dit is baie koud'

- Die lang vorm by die bywoord van plek met 'n gewone subjekskakel van die naamwoordklasse:

?Di a fula tšhemong      'Hulle wei op die land'

- Die kort vorm by die bywoord van tyd met die onbepaalde subjeksmorfeem:

?Go tonya marega      'Dis koud in die winter'

- Die lang vorm by partikelgroepe:

?Mme o a betha ka leho 'Ma slaan met 'n houtlepel'

(c) Verpligte afwesigheid van '-a-'

As deskriptiewe bepaling kan die situatiewe bysin sonder voegwoord nie deur die lang vorm van die indikatiewe werkwoord voorafgegaan word nie:

\*Ngwana o a sepela a opela 'Die kind loop singende'

Behalwe vir enkele uitsonderings, word die kort vorm gebruik wanneer twee deskriptiewe bepalings op die werkwoord volg.



## HOOFSTUK 5

## DIE PREDIKAAT EN DIE OBJEK

## 5.1 INLEIDING

Semanties word die objek gewoonlik beskryf as dié deel van die sin waarop die handeling oorgaan. Dat hierdie verduideliking van wat 'n objek is, nie bevredigend is nie, is algemeen bekend. So, byvoorbeeld, kan daar nie gesê word dat die objek in die sin "Ek ken Pretoria" letterlik 'n handeling "ondergaan" nie. Dit gaan hier eerder om kommentaar wat oor iets of iemand onder bespreking gelewer word. Partikelgroepe is reeds onder deskriptiewe bepalinge vermeld en word in hierdie studie nie as objekte beskou nie, aangesien hulle nie deur 'n kongruensiemorfeem in die werkwoord verteenwoordig kan word nie.

Die predikaat wat met die objek kongruer, word in aansluiting by Van Rooyen (1977:37-39) onder andere na verwys as die "belaste predikaat" in hierdie verhandeling. Vergelyk (128a). Andersyds, verwys die term "onbelaste predikaat" na die werkwoord wat nie 'n objeksmorfeem insluit nie. Vergelyk (128b):

(128a) Die belaste predikaat:

Ditšhwene di a e namela thaba  
'Die bobbejane klim die berg'

(128b) Die onbelaste predikaat:

Dikgomo di latswa letswai  
'Die beeste lek sout'

Die objek in Noord-Sotho kan verskeie verskuiwingstransformasies ondergaan as gevolg van die goed ontwikkelde kongruensiesisteen in die Bantoetale. Verskillende konstruksies word vervolgens

in oënskou geneem.

## 5.2 DIE ONBELASTE PREDIKAAT

Behalwe vir enkele uitsonderings, waaraan later aandag gegee word, is die objek wat nie met die werkwoord kongrueer nie, beperk tot die postverbale posisie. Dit is dié posisie in die sin waarin nuwe informasie aangebied word. Nuwe informasie-objekte volg op die kort vorm van die werkwoord, omdat hulle deel vorm van die inligtingseenheid en belangrik is vir die verdere ontplooiing van die diskoers:

(129a) Koko o rwala dikgong # 'Ouma dra vuurmaakhout'  
 (129b) ?Koko o a rwala # dikgong

(130a) O bona mang? # 'Wie sien jy?'  
 (130b) \*O a bona # mang?<sup>1)</sup>

In die (b) sinne hierbo word 'n afgrensing van die basiese boodskap na die handeling gesuggereer. Sodoende word die nuwe informasie-objek ('n interrogatief in sin (130)), as't ware foutiewelik uit die kommunikatiewe eenheid uitgesluit. Hlongwane (1976:95) maak in hierdie verband 'n interessante opmerking oor die invloed van die onvoltooidheidsmorfeem:

"Since -ya- (Sotho -a-) has an intransitivizing influence, it is not usually used when the object is added." (Parentese, onderstreping - IMK)

Ten einde die werkwoord "transitief" te maak, moet die kort vorm van die werkwoord of die belaste predikaat gebruik word. In laasgenoemde geval sal die objek egter nie meer as nuwe

1) Let op dat interrogatiewe altyd die kort vorm selekteer, omdat hulle altyd onbekende inligting veronderstel.

informatie optree nie. Vergelyk (131):

- (131) Koko o a di rwala # dikgong 'Ouma dra dit, t.w. vuurmaakhout'

Kongruensie is nie van toepassing op (130) nie.

In die onderstaande uittreksel kom die objek ná die lang vorm van die werkwoord voor in plaas van die verwagte kort vorm:

- (132) "Ge a fihla gae, Charles a ikgala kudu ge a bona ka mo a se sa šetšago dithuto ka gona. A sa le monaganong owe, gwa kwala gore motho o a kokota # mojako." (Maditsi, 1974:40)

'Toe hy tuis kom, het Charles homself berispe toe hy besef hoedat hy sy studies verwaarloos het. Terwyl hy nog so ingedagte was, hoor hy iemand aan die deur klop.'

Dat informante mojako 'deur' wel in bostaande sin as 'n objek en nie as 'n lokatiewe bepaling interpreteer nie, het geblyk uit die feit dat hulle die volgende twee alternatiewe konstruksies voorgestel het, wat onderskeidelik herinner aan (129a) en (131). Vergelyk:

- (133a) O kokota mojako  
teenoor:  
(129a) Koko o rwala dikgong

en

- (133b) O a o kokota mojako  
teenoor:  
(131) Koko o a di rwala dikgong

Die skrywer se gebruik van die lang vorm met 'n nie-kongruerende objek kom vreemd voor, maar kan wel gemotiveer word. Dit is duidelik dat hy mojako 'deur' as ou inligting in die diskoers

aanbied. Hy neem met ander woorde aan dat die leser in staat sal wees om dié informasie uit een of ander oord te herwin. In hierdie geval wil dit voorkom of dit die werkwoordstam -kokota 'klop' is wat die antwoord bied. 'n Klop-handeling word gewoonlik geassosieer met begrippe soos deure en ingange. Gevolglik kan mojako uit hoofde van -kokota geantisipeer word en stel as't ware parentetiese inligting daar.

Wanneer die subjek van 'n sin na regs verskuif word en ná die objek verskyn, word die kort vorm normaalweg gebruik. Sodoende word die nuwe informasie objek in die basiese inligtingseenheid geakkommodeer. Vergelyk:

(134a)           S           V           O                           'Die honde kou bene'  
Dimpša di kokona marapo  
word:

(134b)           V           O           S  
Di kokona marapo # dimpša

Sodra die objek in (134b) weggelaat word, is die lang vorm verpligtend:

(134c)           V                           S<sup>1)</sup>  
Di a kokona # dimpša<sup>1)</sup>

Sou 'n deskriptiewe bepaling in sy basiese posisie ná die postverbale objek optree, word die kort vorm steeds gebruik. Al sou die bepaling ou informasie wees (soos bv. bywoorde van tyd), word die kort vorm gebruik, omdat die nuwe informasie-objek geneig is om die vorm van die werkwoord te beheer, byvoorbeeld:

(135)           S           V           O           X  
Morutiši o ruta bana gabotse  
'Die onderwyser onderrig die kinders goed'

1) Vergelyk voorbeeld (76a).

## 5.3 DIE BELASTE PREDIKAAT

Die belaste predikaat kongrueer met die objek deur middel van die objek se kongruensiemorfeem. Aangesien hierdie afdeling van toepassing is op kongruerende objekte in die algemeen, sal gepronominalseerde objekte en objekte wat in verskillende sinsposisies voorkom, bespreek word.

Objekte wat met die werkwoord kongrueer is ou informasie-objekte in 'n diskoers. Dit is dus begryplik dat kongruerende objekte oorwegend die lang vorm van die werkwoord selekteer waardeur hulle uit die basiese inligtingseenheid uitgeskuif word. Vergelyk die objek in sy basiese sinsposisie:

(136)           V                           O  
Ke a se tseba # Sepedi  
'Ek ken die Peditaal'

(137)           S           V                           O  
Motsomi o a o bona # mohlala wo<sup>1)</sup>  
'Die jagter sien dit, hierdie spoor'

Wanneer die subjek saam met die objek as ou informasie in die postverbale posisie verskyn, word die lang vorm gebruik. Vergelyk:

(138a)           V                           O           S  
O a e reka # nama mokgekolo  
'Sy koop die vleis, die ou vrou'

of  
(138b)           V                           S           O  
O a e reka # mokgekolo nama

Die subjek- en objeknaamwoord is oortollige inligting, omdat hulle deur hul kongruensiemorfeem reeds in die werkwoord verteenwoordig word.

1) Die behoefte aan 'n demonstratief (wo) word hier deur die informante aangevoel om die bepaaldheid van die objek te aksentueer.

Die objek wat na links verplaas word en dus vóór die werkwoord verskyn, moet van die belaste predikaat gebruik maak. Die objekskakel in die volgende gevalle maak die gebruik van die lang vorm verpligtend:

(139a)           O           S           V  
 Dikgomo ngwana o a di diša  
 'Wat die beeste betref, die kind pas hulle op'

ðf  
 (139b)           O           V           S  
 Dikgomo o a di diša ngwana  
 'Wat die beeste betref, hy pas hulle op, die kind'

ðf  
 (139c)           S           O           V  
 Ngwana dikgomo o a di diša  
 'Wat die kind betref, sover dit die beeste aangaan,  
 pas hy hulle op'

In voorbeelde waar die subjekskakel toevallig ook 'n a-vokaal insluit, is die lang vorm nog steeds van krag, al word die onvoltooidheids-a nie altyd ortografies weergegee nie. Twee sillabes met verskillende toonhoogtes konstitueer in dié geval die subjekskakel. Die eerste sillabe (die gewone subjekskakel) is hoogtonig en die tweede sillabe (die onvoltooidheids-a) is laagtonig. Dus:

(140a) Difofane ba di bona bašemane  
 'Die vliegtuie, die seuns sien hulle'

word uitgespreek as:

(140b) Difofane báà di bona bašemane

In sulke gevalle gee Van Eeden (1941) vir Suid-Sotho die dubbele a ortografies aan.

'n Interessante geval is die preverbale objek wat nie deur sy kongruensiemorfeem in die predikaat verteenwoordig word nie. Dit gebeur soms wanneer die preverbale objek so vars in die

geheue van die spreker is, dat hy nie die behoefte aanvoel om die objekskakel te gebruik nie. Deur hierdie strategie word die objek gefokusseer, byvoorbeeld:

(141) O ra lapa, mosetsana o a swiela  
'Bedoel jy die werf? - die dogter vee (dit).'

(142) "'Dihlare ke a bapatša kgoši, le gona ke na le ditshwanelo, le bjalo lengwalo šele", gwa fetola mogolegwa." (Maditsi, 1970:43)

'"Medisyne verkoop ek, meneer, en wat meer is, ek het toestemming daartoe. Hier is 'n brief", antwoord die gevangene.'

Met 'n infinitiewe werkwoord as preverbale objek:

(143) "Maputle ke yo mongwe wa dihlalefi tša tlhago. Go kgwayakgwaya o a leka, fela motho o fo lemoga gore ke yona mengwalo ya sekolo sa bošego." (Maditsi, 1970:41)

'Maputle is een van die begaafde slimkoppe. Hy probeer skryf (letterlik 'om te skryf, hy probeer'), maar 'n mens kom agter dat hy in die aandskool leer skryf het.'

Vervolgens word die kongruerende postverbale objek ondersoek wat gevolg word deur 'n deskriptiewe bepaling. Soos voorheen, word onaanvaarbare vorme met 'n asterisk voor die voorbeeld aangedui. Voorbeelde wat met 'n vraagteken gemerk is, is afhanklik van gespesifiseerde kontekste vir hul gebruik en het dus nie 'n hoë gebruiksfrekwensie nie.

Met 'n bywoord van wyse:

S V O X  
(144a) ?Morutiši o a ba ruta # bana gabotse

(144b) \*Morutiši o ba ruta bana gabotse #

'Die onderwyser onderrig die kinders goed'

Met 'n bywoord van plek:

- (145a)           V                   O                   X  
 (145a) ?O a di reka # dimela bomedišetšong  
 (145b) \*O    di reka       dimela bomedišetšong #  
           'Hy koop die plante by die kwekery'

Met 'n bywoord van tyd:

- (146a)           V                   O                   X  
 (146a) Ba a di gama # dipudi lehono  
 (146b) \*Ba    di gama       dipudi lehono #  
           'Hulle melk die bokke vandag'

Daar sal opgemerk word dat die beperkings op die gebruik van -a- dieselfde is in die geval van die bywoord van wyse sowel as die bywoord van plek. Dieselfde konstruksie met die bywoord van tyd laat slegs die lang vorm toe. 'n Ontleding van voorbeelde (144) tot (146) toon duidelik 'n verband tussen die informasiestatus van woorde wat ná die werkwoord voorkom en die distribusie van -a-. Daar is onder andere tot die volgende konklusies gekom:

- Die gebruik van die lang vorm word in sekere konstruksies betwyfel. Die rede hiervoor is waarskynlik omdat die inligting of gedeeltes van die inligting wat na die werkwoord volg, nie voorspelbaar is in die mededeling nie. So, byvoorbeeld, is die bywoorde in (144a) en (145a) nuwe inligting, terwyl die objek ou inligting is soos die insluiting van sy kongruensiemorfeem in die werkwoord aandui. Die objek word dus tereg uit die basiese inligtingseenheid uitgeskuif deur die gebruik van -a- in die werkwoord. Die bywoord, aan die ander kant, wat nuwe inligting in die onafhanklike stelling daarstel, behoort in die kommunikatiewe eenheid ingesluit te word, wat egter nie gebeur nie.
- Die gebruik van die kort vorm in (144b) en (145b) mag miskien 'n poging verteenwoordig om die bywoord by die



basiese semantiese boodskap te betrek. Die probleem is egter dat die objek in dié proses saam met die bywoord in die semantiese boodskap ingesluit word asof dit ook nuwe informasie is. 'n Kongruerende objek direk na die kort vorm van die werkwoord is egter in elke geval nie toelaatbaar nie, vgl.

(147a) \*Morutiši o ba ruta bana #  
'Die onderwyser onderrig die kinders'

(147b) \*Re di nyaka dijo #  
'Ons soek kos'

Met die objek se absolute voornaamwoord direk na die werkwoord:

(147c) \*Ke se tseba sona Sepedi #  
'Ek ken Pedi'

- Die enigste geval waar -a- in die werkwoord toegelaat word wanneer 'n ou informasie-objek deur 'n bywoord gevolg word, is in die geval van die bywoord van tyd en wel indien laasgenoemde 'n algemene onvoltooide tydsimplikasie het. Dit sal op grond daarvan as oortollige inligting beskou kan word en saam met die ou informasie-objek 'n posisie buite die kommunikatiewe eenheid kan inneem. Vgl. (146a).
- Indien die objek in (144) en (145) gepronominaliseer word, m.a.w. as dit slegs nog by wyse van sy kongruensiemorfeem in die werkwoord verteenwoordig word, is die kort vorm grammaties:

Die bywoord van wyse:

(144c)           S           V           X  
?Morutiši o a ba ruta # gabotse

(144d)   Morutiši o   ba ruta   gabotse #

Die bywoord van plek:

- |        |                |  |                 |
|--------|----------------|--|-----------------|
|        | V              |  | X               |
| (145c) | ʔO a di reka # |  | bomedišetšong   |
| (145d) | O di reka      |  | bomedišetšong # |

Met die objektsnaamwoorde aldus uit die weg geruim, is dit vir die bywoord moontlik om in 'n hegte verband met die werkwoord te tree, en is die kort vorm die natuurlike keuse vir die werkwoord. Wat die bywoord van tyd betref, is die lang vorm ook toelaatbaar in 'n voorbeeld soos:

- |        |                               |         |          |
|--------|-------------------------------|---------|----------|
|        | S                             | V       | X        |
| (146c) | Bašemane ba a di gama #       |         | lehono   |
|        | naas:                         |         |          |
| (146d) | Bašemane ba                   | di gama | lehono # |
|        | 'Die seuns melk hulle vandag' |         |          |

Word die objektsnaamwoorde in bostaande voorbeelde in 'n preverbale posisie vermeld, selekteer bywoorde van wyse en plek soos hierbo die kort vorm, terwyl bywoorde van tyd die lang of kort vorm kan neem.

Daar kan aangeneem word dat lehono in (146c) oortollige inligting konstitueer, terwyl dit in (146d) in 'n hegte verhouding tot die werkwoord staan en moontlik slegs die handeling bepaal in plaas van die hele sin soos in (146c).

- Die semantiese negtheid tussen die werkwoord en die bywoord in (144d), (145d) en (146d) word nie versteur as die uitgestelde objek na die bywoord volg nie. Vergelyk:

- |        |                            |           |               |               |
|--------|----------------------------|-----------|---------------|---------------|
|        | S                          | V         | X             | O             |
| (144e) | Morutiši o ba ruta gabotse |           |               | <u>bana</u>   |
| (145e) |                            | O di reka | bomedišetšong | <u>dimela</u> |
| (146e) | Bašemane ba di gama lehono |           |               | <u>dinku</u>  |

## 5.4 DIE REFLEKSIEWE OBJEK

Die verbale prefiks -i-, wat bekend staan as die refleksiwe prefiks, verrig 'n funksie soortgelyk aan dié van die objekskakel, behalwe dat dit slaan op die subjek as gelyktydige objek. Die refleksiwe prefiks kan ook saam met die objek waarop dit betrekking het optree soos die objekskakel saam met die objek kan optree. Vergelyk:

(148a) Ke a itseba # nna 'Ek ken myself'  
teenoor:

(148b) Ba a erema # mehlare ye 'Hulle kap hierdie home'  
(Vgl. (137))

Die gebruik van die kort en lang vorm met refleksiwe objekte is ook afhanklik daarvan of die inligting wat na die werkwoord volg ou of nuwe inligting konstitueer. So is die objek in (148a) reeds in die refleksiefmorfeem vervat. Dit konstitueer dus ou inligting na die werkwoord. Die kort vorm word in die volgende voorbeelde verkies, omdat die objek/bywoord in dié gevalle as gevolg van hul nuwe informasiestatus die vorm van die werkwoord bepaal:

S V O  
(149) Mosadi o ithekela diaparo #  
'Die vrou koop vir haarself klere'

S V X  
(150) Nna ke ipona seiponeng #  
'Ek sien myself in die spieël'

Voorbeelde (149) en (150) in die lang vorm is nie ongrammaties nie, en mag in gespesifiseerde kontekste voorkom.

## 5.5 DIE RESIPROKALE WERKWOORD

Dié werkwoord word hier kortliks genoem, omdat daar aanduidings is dat dit ook onder hierdie subhoof tuishoort.

Die resiprokale ekstensie -an- dui op die betrokkenheid van meer as een persoon of party by 'n handeling. Die resiprokale handeling word gewoonlik vertaal met "mekaar"/"die een die ander". Ten opsigte van mekaar tree die persone of partye as subjek én objek op.<sup>1)</sup> As die twee partye vóór die werkwoord genoem word, kan die mededeling na die werkwoord afgesluit word deur die lang vorm van die werkwoord te gebruik. Vergelyk:

(151) Diruiwa di a phedišana  
'Die diere laat mekaar lewe/lewe saam'

(152) Bana le mosadi ba a bonana  
'Die kinders en die vrou sien mekaar'

Word een van die partye egter postverbaal vermeld, sal die kort vorm die aangewese een wees, omdat die werkwoord 'n bepaling in die vorm van 'n tweede party veronderstel wat by die handeling betrokke is, dus:

(153a) Ke boledišana le wena # 'Ek gesels met jou'

(153b) ?Ke a boledišana # le wena

## 5.6 DIE PREDIKAAT MET MEER AS EEN OBJEK

'n Uitgebreide ontleding en bespreking van gevalle waar die predikaat meer as een objek neem word hier as oorbodig beskou, omdat die funksie van -a-, soos dit in voorafgaande afdelings na vore gekom het, ewe geldig is in dié gevalle. Daar word volstaan met enkele opmerkings in dié verband.

1) Hiermee word egter nie bedoel dat die assosiatiewe partikelgroep wat na die werkwoord in (153) volg, as S of O geïdentifiseer moet word nie. Vir die doel van hierdie studie word partikelgroepe as bepalings behandel.

Werkwoorde wat morfologies as transitief gemarkeer is, byvoorbeeld deur die applikatiewe of kousatiewe agtervoegsel, hou die belofte in van verdere inligting wat daarna gaan volg. Dié verwagting kan nie teleurgestel word deur die lang vorm van die werkwoord te gebruik en daardeur die mededeling direk na die werkwoord af te sluit nie, vergelyk:

- (154a) Mosadi o apeela bana dijo #  
 (154b) \*Mosadi o a apeela # bana dijo  
 'Die vrou kook vir die kinders kos'

Die indirekte objek bana 'kinders' is dié inligting wat deur die werkwoord in die vooruitsig gestel word. Die sin sou nog grammaties gewees het sonder die direkte objeknaamwoord dijo 'kos', maar die indirekte objek is onweglaatbaar.

Wanneer die indirekte objek met die werkwoord kongreer, word die kort vorm in outonome sinne gebruik, omdat die direkte objek, wat oor die algemeen nuwe inligting konstitueer, daardeur in die basiese inligtingseenheid ingesluit word. Dit is dan ook die direkte objek as onbekende of nuwe inligting wat eerste na die werkwoord moet volg. Die ou inligting-objek wat reeds in die werkwoord opgeneem is, volg daarna:

- (155) Mosadi o ba apeela dijo bana #

## 5.7 SAMEVATTING

Ten einde die funksie van -a- verder toe te lig, is daar in hierdie hoofstuk gekonsentreer op die verskillende sintaktiese posisies wat die objek ten opsigte van die werkwoord kan inneem. Die volgende twee belangrike waarnemings het onder andere na vore gekom, naamlik:

- dat die kort vorm met nuwe informasie-objekte (en -bywoorde) gebruik word;
- en
- dat die lang vorm met ou informasie-objekte (en bywoorde waarvan die semantiese inhoud geantisipeer kan word) gebruik kan word.

Ten einde die sinspatrone wat hier deur simbole verteenwoordig word meer sinvol aan te bied, word telkens weer 'n voorbeeld gegee:

(a) Verpligte aanwending van '-a-'

Die belaste predikaat in die volgende gevalle vereis die aanwending van -a- in die werkwoord:

- SVC : Moeti o a se tseba Sesotho  
'Die reisiger ken die Sothotaal'

SVC verteenwoordig die dominante volgordepatroon vir Noord-Sotho. Hierin kom die subjek en die objek in hul basiese posisies voor.

Die refleksiewe werkwoord maak ook van die lang vorm gebruik wanneer dit gevolg word deur die subjek as gelyktydige objek, vergelyk:

- V<sub>refleksief</sub><sup>0</sup> : Ke a itseba nna  
'Ek ken myself'

Dit wil voorkom of die tipe bywoord wat in sy basiese sinsposisie ná 'n kongruerende objek toegelaat word, beperk is tot bywoorde van tyd soos bjale 'nou', lehono 'vandag':

- SVOX : Bana ba a di bona dinku bjale  
'Die kinders sien die skape nou'

Met die subjek in die postverbale posisie:

- VOS : O a di dira dipalo morutiwa  
'Hy doen sy somme, die leerling'
- VSO : O a di dira morutiwa dipalo
- OVS : Dipalo o a di dira morutiwa

Met die objek in die preverbale posisie:

- OSV : Selepe modiri o a se kuka  
'Die byl, die werker tel dit op'  
(Vergelyk egter voorbeelde (141) tot (143)  
wat as stilistiese verskynsels beskou sou  
kon word vanweë die afwesigheid van 'n  
objekskakel).
- SOV : Modiri selepe o a se kuka
- OVS : Selepe o a se kuka modiri  
(Vergelyk OVS hierbo).

(b) Opsionele aanwending van '-a-'

Die -a- kán voorkom in die geval van onbelaste predikate met 'n objek. Hiermee word nie bedoel dat die gebruik van -a- willekeurig plaasvind nie. Dit beteken wel dat die aanwesigheid van -a- in sekere kontekste nie aanleiding sal gee tot ongrammatikaliteit nie.

## ● SVO

Kort vorm: Koko o apea merogo  
'Ouma kook groente'

Lang vorm: Koko o a apea merogo, ga a e hlatswe  
'Ouma kóók groente, sy is nie besig om dit te was nie'

## ● VOS

Kort vorm: O apea merogo koko  
'Sy kook groente, (nl.) ousa'

Lang vorm: Ke a boeletša, o a apea merogo koko  
'Ek herhaal, sy kóók groente, (nl.) ousa'

Uit die teksverband is dit duidelik dat die lang vorm in SVO en VOS onder (b) hierbo met emfase gepaard gaan op grond van kontrastering van handeling in die een geval en herhaling in die ander. Volgens die proefpersone kan die handelinge in die betrokke sinne egter ook netsowel in die kort vorm emfaties wees.

Die volgende voorbeelde waarin 'n belaste predikaat met 'n bepaling voorkom, is met 'n vraagteken gemerk om aan te dui dat 'n bepaalde konteks nodig is alvorens die lang vorm aanvaar sal kan word:

## ● SVXO

Lang vorm: ?Morutiši o a ba ruta gabotse (polaseng/  
ka meso) bana  
'Die onderwyser onderrig hulle goed  
(op die plaas/in die oggende), (nl.)  
die kinders'

Kort vorm: Morutiši o ba ruta gabotse (polaseng/  
ka meso) bana



- SVX  
Lang vorm: ?O a di reka bomedišetšong  
'Hy koop hulle by die kwekery'  
Kort vorm: O di reka bomedišetšong
- OVX  
Lang vorm: ?Sesotho re a se tseba gabotse  
'Sotho ken ons goed'  
Kort vorm: Sesotho re se tseba gabotse

Die refleksiewe werkwoord gevolg deur 'n bepaling maak gewoonlik van die kort vorm gebruik. Dit geld ook vir die resiprokale werkwoord:

- V<sub>refleksief</sub><sup>X</sup>  
Lang vorm: ?Ke a ipona seiponeng  
'Ek sien myself in die spieël'  
Kort vorm: Ke ipona seiponeng
- V<sub>resiprokaal</sub><sup>X</sup>  
Lang vorm: ?Ke a boledišana le wena  
'Ek gesels met jou'  
Kort vorm: Ke boledišana le wena

Om die opsionele gebruik van -a- kortliks saam te vat, het dit uit die ondersoek geblyk dat die -a- nie buite gespesifiseerde kontekste gebruiklik is nie. Dit is dus die kort vorm wat oorwegend gebruik word.

(c) Verpligte afwesigheid van '-a-'

Die onbelaste predikaat gevolg deur 'n direkte en 'n indirekte objek laat slegs die kort vorm van die werkwoord toe:

- SVO<sub>indirek</sub><sup>O</sup><sub>direk</sub> : Mosadi o apeela bana dijo  
'Die vrou kook vir die kinders kos'

Wanneer die predikaat met die indirekte objek kongrueer,  
is die -a- ontoelaatbaar in 'n voorbeeld soos:

- SVO<sub>direk</sub><sup>O</sup><sub>indirek</sub> : Mosadi o ba apeela dijo bana

Wanneer die onbelaste predikaat gevolg word deur 'n objek  
en 'n deskriptiewe bepaling, word die -a- nie in die  
werkwoord gebruik nie:

- SVOX : Bašemanyana ba tsoma dinonyana sethokgweng  
'Die seuntjies jag voëls in die bos'

## HOOFSTUK 6

## DIE FUNKSIE VAN -a-

## GEÏLLUSTREER AAN DIE HAND VAN VERDERE OORWEGINGS

## 6.1 INLEIDING

Die voorbeelde in hierdie hoofstuk is daarop gemik om die konsep van -a- as 'n merker van afgeronde kommunikatiewe eenhede verder te illustreer aan die hand van enkele ander oorwegings.

## 6.2 LENGTE OP VOORLAASTE SILLABES

Dit is bekend dat die einde van 'n sin of frase in Noord-Sotho gemerk word deur lengte op die voorlaaste lettergreep:

(156) [βasali βa rek'a li:3ɔ] 'Die vrouens koop kos'  
Basadi ba reka dijo

Daar behoort streng gesproke na hierdie lengte verwys te word as volle lengte, aangesien daar hiernaas ook halwe lengte (foneties ·) onderskei kan word. Dit kom voor op die voorlaaste lettergreep van die werkwoord in die lang vorm wanneer dit deur 'n objek of bepaling gevolg word:

(157) [βasali βa a li rek'a li:3ɔ] 'Die vrouens koop dit, die  
Basadi ba a di reka dijo kos'

(158) [ɣo a fi·ʃa !efiɔno] 'Dis warm vandag'  
Go a fiša lehono

Aangesien volle lengte die einde van 'n sin of frase markeer, kan aangeneem word dat die halwe lengte ook die aanduiding van 'n afgrensing van een of ander aard ten doel het. Informante het bevestig dat hulle bewus is van 'n kort "onderbreking" direk na die lang vorm van die werkwoord. Hierdie onderbreking of pousering kan toegeskryf word aan die feit dat die inligting wat na die werkwoord volg, bekende of ou inligting in die diskoers is, terwyl die laaste relevante inligting in die werkwoord vervat is. In sin (157) is die objek dijo oortollige inligting, omdat dit kongruensie met die werkwoord genereer en daardeur as ou informasie geïdentifiseer kan word. In sin (158) is die bywoord van tyd ou informasie, nie omdat dit noodwendig reeds vooraf in die diskoersteks voorgekom het nie, maar omdat dit in 'n mate geantisipeer kan word op grond van die feit dat die stelling in die onvoltooide tyd gemaak word. Van Rooyen (1977:266, 267) maak ook melding van lengte op die voorlaaste lettergreep van 'n werkwoord in die lang vorm wat dui op "sinsvolledigheid". Die woord wat in dié geval op die werkwoord volg, kom as 'n nagedagte.

### 6.3 DIE VRAAGPARTIKEL NA?/NAA?

Die rede waarom die vraagpartikel na? of naa? slegs met die lang vorm van die werkwoord gebruik word, is waarskynlik geleë in die feit dat dié partikel semanties leeg is. Van Eeden (1956:106) verwys na dié partikel as 'n gesproke vraagteken. Eerder as om navraag na iets spesifieks te doen (soos dit byvoorbeeld die geval is met die interroгатiewe mang? 'wie?', eng? 'wat?', neng? 'wanneer?', ens.) bevraag na?/naa? die hele sin. Prinsloo (1985:93) lewer interessante kommentaar in hierdie verband. Hy merk op dat die spreker/skrywer deur sy gebruik van die vraagmerker na? veronderstel dat die aangesprokene met 'n bevestigende of ontkennende antwoord kan en sal reageer.

Enige ander informasie word met ander woorde nie ver wag nie. In dié sin merk na? dus bloot die sin as 'n vraagsin en dra as sulks nie by tot die semantiese inhoud van die mededeling nie. Die vraagpartikel word uit die basiese inligtingseenheid uitgesluit deurdat die werkwoord wat dit voorafgaan in die lang vorm verskyn. Vergelyk:

- (159) Bana ba a bapala # na?  
'Speel die kinders?'

Indien bostaande sin egter 'n bywoord soos byvoorbeeld gabotse 'mooi/lekker' insluit, word die kort vorm van die werkwoord gebruik om sodoende die bywoord as nuwe informasie in die basiese inligtingseenheid in te sluit. Wanneer oortollige én nuwe inligting na die werkwoord volg, skyn dit die nuwe inligting te wees wat die oorheersende rol speel in die keuse van die vorm van die werkwoord. Vergelyk:

- (160) Bana ba bapala gabotse na? #  
'Speel die kinders mooi?'

Anders as die vraagpartikel, veronderstel die interroгатiewe, wat hoërop vermeld is, nie 'n ja of nee antwoord nie, maar nuwe informasie. Dié interroгатiewe is dus nie semanties leeg nie. So, byvoorbeeld, stel mang? 'wie?' en eng? 'wat?' in onderstaande voorbeelde onbekende informasie voor, omdat die interroгатief nie na 'n referent verwys wat uniek uit 'n diskoers identifiseerbaar is nie. Om dié rede kan dit slegs op die kort vorm volg, waardeur dit in die basiese inligtingseenheid ingesluit word. Vergelyk:

- (161a) O bona mang? # 'Wie sien jy?'  
(161b) O reka eng? # 'Wat koop jy?'

In die antwoord op bostaande vrae word ook van die kort vorm gebruik gemaak, omdat die informasie duidelik nuwe informasie sal konstitueer.

## 6.4 KLITIESE PARTIKELS

Die klitiese partikels ge 'tog'/'maar' en hle 'tog'/'tog maar'/'asseblief' tree ook met die lang vorm van die werkwoord op om 'n soortgelyke rede as wat na?/naa? hierbo met die lang vorm optree. Semanties dra die klitiese partikels nie by tot die verdere ontwikkeling van diskoers nie en word dus behandel as nie-essensiële komponente in 'n sin:

(162) Ke a sepela # ge  
'Ek loop nou maar'

(163) Letšatši le a fiša # hle, banna bešo!  
'Mense, maar dis warm!'

Die voorkoms van 'n vokatief na die klitiese partikel is 'n algemene verskynsel, omdat die gebruik daarvan gewoonlik 'n gespreksgeenoot veronderstel teenoor wie 'n mening geuiter word. Die vokatief ná die klitiese partikel in (163) hierbo verander nie die feit dat hle die lang vorm van die werkwoord afdwing nie. 'n Vokatief kan naamlik ook na die kort vorm voorkom. Vergelyk:

(164) O bona gabotse ngwanaka? 'Sien jy goed, my kind?'

Soos reeds by verskeie geleenthede aangedui is, word die kort vorm van die werkwoord gebruik wanneer nuwe informasie saam met ou inligting na die werkwoord volg. Vergelyk:

(165) Ba dirang ge? 'Wat doen hulle tog?'

## 6.5 SAMEVATTING

Enkele gedagtes van 'n meer uiteenlopende aard is in hierdie hoofstuk bespreek ter ondersteuning van die gedagte dat -a- as 'n merker van kommunikatiewe eenhede optree.

Dit het geblyk dat lengte nie net op voorlaaste sillabes van 'n sin of frase voorkom nie, maar ook op die voorlaaste sillabe van werkwoorde wat in die lang vorm voorkom. Daar is geïllustreer dat dié lengte waarskynlik ook met die afgrensing van 'n mededeling verband hou.

Die aard en doel van die afgrensing wat deur die -a- bewerkstellig word, is verder geïllustreer aan die hand van die vraagpartikel na?/naa? en die klitiese partikels ge/hle. Dié partikels selekteer die lang vorm van die werkwoord omdat hulle semanties leeg is en as sulks nie deel vorm van die inligtingseenheid wat deur die indikatiewe werkwoord afgegrens word nie.

## HOOFSTUK 7

## ALGEMENE SAMEVATTING

## 7.1 INLEIDING

In hierdie studie is daar gepoog om die funksie van die a-morfeem, wat in die onvoltooide tyd van indikatiewe werkwoorde in die bevestigende vorm voorkom, skerp te omlin. Veral in die lig van sommige distribusionele verskynsels van hierdie morfeem, wat nie vanuit die raamwerk van die bestaande tradisionele reëls gemotiveer kon word nie, het dit nodig geblyk te wees om die onvoltooidheids-a in heroorweging te neem. Aangesien die ondersoek van -a- nie tot sy reg kom binne die perke van 'n praktiese leerboek nie, word daar gemeen dat hierdie studie enkele nuwe insigte bydra tot bestaande insigte. Ook word daar gemeen dat die beginsels wat vir Noord-Sotho ten opsigte van hierdie grammatiese verskynsel vasgestel is, op 'n meer uitgebreide skaal geld vir ander Bantoetale waarin hierdie morfeem voorkom.

Uit die ondersoek het duidelik na vore getree dat die bestaande verwysings na die sogenaamde lang vorm van die werkwoord moontlik tot verwarring kan lei wat -a- se funksie betref. So, byvoorbeeld, staan die lang vorm onder andere bekend as die "bepaalde", "kontinuerende" of "emfatiese" vorm van die werkwoord. Hieruit moet egter nie verkeerdlik gekonkludeer word dat -a- 'n merker is van bepaaldheid, kontinuering of emfase nie. So ook moet die term 'onvoltooidheids-a' nie die indruk laat dat die a-morfeem 'n merker van onvoltooide tyd is nie. In 'n poging om die verskillende verwysings na die lang vorm van die werkwoord onder een oorkoepelende konsep te huisves, word daar in hierdie studie aan die hand gedoen dat die funksie van -a- in die werkwoord dié is van die afgrensing van kommunikatiewe eenhede.



Van die belangrikste bevindinge waartoe geraak is ten opsigte van die funksie van -a- word in die volgende paragrawe kortliks saamgevat.

## 7.2 SAMEVATTING VAN DIE FUNKSIE VAN -A-

Die onderskeie aspekte aan die hand waarvan -a- as 'n afsluitingsmorfeem of grensmerker geïdentifiseer kon word, is nou met mekaar verweef. Daar sal nietemin gepoog word om van die belangrikste gedagtes uit te lig wat ter sprake gekom het in hierdie verband.

### 7.2.1 Konteks

Die ondersoek het duidelik getoon dat die spreidingsverskynsels van -a- slegs toeganklik is as die konstruksies geïnterpreteer word teen die agtergrond van die konteks waarin hulle verskyn. Sonder die inagneming van ander inligting in die diskoers of van feite wat aan die gespreksgenote bekend is uit hoofde van hul kennis van buitetaalse feite, sal dit met ander woorde nie moontlik wees om 'n bevredigende verklaring aan te bied vir die toelaatbaarheid al dan nie van -a- in die werkwoord. Die raamwerk waarbinne gewerk is, is die Funksionele Sinspektief. Dié benadering beskou naamlik die sin as die basiese eenheid deur middel waarvan die spreker inligting oordra, maar dit neem ook buitetaalse feite in aanmerking.

### 7.2.2 Informasiestatus van gegewens

Konteks is belangrik vir die bepaling van die ou of nuwe informasiestatus van gegewens wat saam met die indikatiewe werkwoord optree. Dit is hierdie onderskeiding tussen ou en nuwe informasie wat 'n beslissende invloed het op die vorm van

die werkwoord.

(a) Nuwe informasie

Nuwe informasie kan nie verhaal word uit 'n leser/aangesprokene se kennis van die buitetaalse werklikheid, of uit die voorafgaande diskoers nie. As sulks konstitueer nuwe informasie dus essensiële inligting in die kommunikasieproses. Die nuwe informasiestatus van gegewens word vormlik in die indikatiewe werkwoord gemarkeer deur die gebruik van die kort vorm van die werkwoord.

(b) Ou informasie

In teenstelling met nuwe informasie, word ou informasie gemarkeer deur die gebruik van die lang vorm van die werkwoord. Ou informasie kan as oortollige of parentetiese inligting in 'n kommunikasieproses beskou word, met ander woorde as nie-noodsaaklike inligting vir die sinvolle dekodering van 'n boodskap. Ou informasie kan op grond van verskeie oorwegings as bekende inligting geïdentifiseer word. Inligting kan byvoorbeeld bekend wees as dit reeds in die voorafgaande diskoers vermeld is. In dié geval voeg die spreker/skrywer die bekende inligting as 't ware as 'n nagedagte by sy mededeling of om te verseker dat daar geen onduidelikheid bestaan oor dit waarna hy verwys nie. Verder kan inligting ook op grond van die gespreksgenote se kennis van die buitetaalse werklikheid as ou inligting geïnterpreteer word.

### 7.2.3 Kommunikatiewe eenhede

Die aanwesigheid van -a- in die werkwoord markeer die eindgrens van 'n semantiese boodskap direk na die indikatiewe werkwoord. In dié geval bevat die werkwoord dus die laaste relevante inligting van 'n mededeling, terwyl enige verdere inligting oortollige inligting daarstel. Vgl. (166a). Andersyds, impliseer die afwesigheid van -a-, dat inligting wat op die indikatiewe werkwoord volg, as noodsaaklike inligting in die mededeling beskou word. In laasgenoemde geval bestaan die kommunikatiewe eenheid dus uit die werkwoord én 'n aanvulling in die vorm van nuwe informasie. Vgl. (166b):

(166a) Mosetsana o a di rwala # dieta

(166b) Mosetsana o rwala dieta #

'Die jong vrou dra skoene'

Op grond van die a-morfeem se funksie om die eindgrens van kommunikatiewe eenhede direk na die indikatiewe werkwoord te markeer, is -a- in hierdie studie as 'n grensmerker geïdentifiseer. Die laaste relevante inligting is met ander woorde in die werkwoord vervat, terwyl enige verdere inligting as ou informasie geïdentifiseer moet kan word. In die volgende paragraaf word die verskuiwing van inligting uit die basiese kommunikatiewe eenheid aan die hand van objekskongruensie kortliks geïllustreer.

### 7.2.4 Oortollige inligting

In die Bantoetale as SVO-tale is daar 'n neiging dat inligting wat ná die werkwoord voorkom, oorbodig kan word. Vergelyk die volgende aanhaling deur Hyman (1975:129) wat betrekking het op SVO-tale:

"In a sentence involving a lot of postnominal modifiers and other incidentals, there will always be a tendency to move non-essentials (likely to be afterthoughts) to a post-verbal position."

Die drie stappe in die volgende voorbeeld illustreer onder andere so 'n proses:

- (167) (i)           S           V           O  
Mošemane o rata mosetsana #  
'Die seun hou van die dogter'
- (ii)           S           V           O  
?Mošemane o a rata # mosetsana
- (iii)           S           V           O  
Mošemane o a mo rata # (mosetsana)

In sin (i) is O deel van die basiese inligtingseenheid. In (ii) stel # 'n grens voor en is die -a- weglaatbaar. In (iii) is die objeknaamwoord parenteties en word die -a- verplig gebruik. Die objek is in gepronominaleerde vorm in die werkwoord geïnkorporeer, sodat die laaste sin eintlik 'n SOV-volgorde verteenwoordig. Die laaste relevante inligting is dus in die werkwoord vervat, terwyl mosetsana as bekende inligting uit die basiese inligtingseenheid uitgeskuif kan word, omdat dit deur sy objekskongruensiemorfeem in die werkwoord verteenwoordig word. Sin (ii) kom vreemd voor, omdat mosetsana nie uit die onmiddellike sin as 'n ou informasie-objek geïdentifiseer kan word nie. Indien die sin egter onder omstandighede gebesig word waarin mosetsana nie belangrik is vir die verdere ontplooiing van diskoers nie, kan die basiese kommunikatiewe eenheid deur die gebruik van die lang vorm direk na die werkwoord afgesluit word. Sodoende word die handeling geëmfatiseer, terwyl die objek as kontekstueel minder belangrike informasie relatief minder geëmfatiseer word.

### 7.2.5 Geantisipeerde inligting

Informasie kan ook as bekende inligting beskou word as dit uit die onmiddellike sintaktiese omgewing geantisipeer kan word. Daar is byvoorbeeld aangetoon dat sekere werkwoordkerns semanties van so 'n aard is dat hulle sekere inligting kan veronderstel. (Vergelyk (94)).

Dit blyk dat antisipering van inligting ook verantwoordelik is vir die hoë gebruiksfrekwensie van die lang vorm met die bywoord van tyd. Alhoewel die werkwoord in hierdie geval egter nie op grond van sy semantiese inhoud die bepaling antisipeer nie, word die bywoord van tyd wel geantisipeer deurdat die werkwoord in die onvoltooide tydvorm voorkom. Die onvoltooide tyd selekteer naamlik gewoonlik tydsbywoorde wat betrekking het op die hede. Indien die tydsverwysing na die hede 'n algemene een is, stel die bywoord van tyd geen nuwe semantiese inligting daar nie, en word gevolglik uit die basiese inligtingseenheid uitgesluit. Die onvoltooidheids-a het dus wel in bogenoemde opsig met tyd te make, maar dit is in 'n heeltemal ander lig gesien as wat die tradisionele grammatici dit geïnterpreteer het.

### 7.2.6 Semantiese verbondenheid

Die mate van semantiese verbondenheid wat tussen die werkwoord en die postverbale inligting bestaan, word weerspieël in die vorm van die werkwoord. Indien die inligting wat na die werkwoord volg ou of antisipeerbare inligting is, word die semantiese hegtheid verbreek deur die aanwending van die lang vorm. Soos in die vorige paragraaf aangedui, is die bywoord van tyd op grond van sy antisipeerbaarheid, geneig om met die lang vorm op te tree. Eerder as om slegs die werkwoord te bepaal, strek die bywoord van tyd se semantiese omvang of "scope" oor die hele sin. (Vgl. Givón, 1984:78). Dit is anders gesteld met, byvoorbeeld,

bywoorde van wyse, wat selde antisipeerbare inligting sal wees. Hulle bepaal gewoonlik slegs die handeling en verkeer in 'n hegte verbondenheid met die werkwoord as bywoorde van tyd. Dit word weerspieël deur die afwesigheid van -a- in die werkwoord en daarmee die afwesigheid van 'n grens tussen die werkwoord en die bywoord. Bywoorde van plek, wat volgens Givón (ibid.) ook in staat is om die hele sin te bepaal, kan in sommige gevalle met die lang vorm voorkom (vgl. voorbeelde waar die lokatiewe bywoord voorafgegaan word deur 'n werkwoord wat die lokatiewe subjeksmorfeem neem).

Dit is onwaarskynlik dat 'n werkwoord wat verdere inligting veronderstel, in die lang vorm sal verskyn, byvoorbeeld:

(168a) Moruti o rapelela bana #

(168b) \*Moruti o a rapelela # bana

'Die leraar bid vir die kinders'

Die morfologies afgeleide werkwoord vorm 'n hegte semantiese verband met die objek. 'n Verbreking van hierdie hegteheid deur die gebruik van die lang vorm sou vreemd voorkom.

Die lang vorm word ook vermy in gevalle waar werkwoorde vaste werkwoordaanvullings neem of waar elemente leksikaal verbode is aan werkwoorde soos in vaste uitdrukkings.

Die ondersoek het duidelik aan die lig gebring dat 'n aanvaarbare verklaring vir die distribusie en funksie van -a- nie aangebied kan word sonder die inagneming van die semantiese verbande tussen die verskillende sintaktiese komponente in 'n sin nie.

#### 7.2.7 Outonomie verleen aan die hulpwerkwoord

Soos uit die ondersoek van die saamgestelde predikaat geblyk het, verleen die insluiting van -a- in die hulpwerkwoord

groter outonomie aan dié werkwoord. Die toelaatbaarheid van die lang vorm in die hulpwerkwoord, is 'n aanduiding daarvan dat die inligting wat deur die hoofwerkwoord oorgedra word, as oortollige inligting in die diskoers beskou word. Die belangrikste boodskap is gevolglik in die hulpwerkwoord gesetel.

#### 7.2.8 Grensmerking – nie 'n geïsoleerde verskynsel nie

Die markering van afgeronde kommunikatiewe eenhede is, wat Noord-Sotho betref, beperk tot indikatiewe werkwoorde van die onvoltooide tyd in die bevestigende vorm. Die aanduiding van inligtingseenhede is egter nie 'n geïsoleerde verskynsel nie. Tale soos byvoorbeeld Afrikaans en Engels maak van intonasie gebruik om eindgrense aan te dui. Aangesien die Bantoetale toontale is, kan hulle nie uitsluitlik van prosodiese middele gebruik maak om eindgrense te merk nie. As agglutinerende tale maak die Bantoetale gevolglik van vormlike merkers gebruik om eindgrense aan te dui. In Zulu word dieselfde verskynsel, behalwe in die onvoltooide tyd, ook in die voltooide tyd aangetref. (Vgl. par. 2.2.2). Zulu merk ook die afgrensing van kommunikatiewe eenhede vormlik in die relatief, vgl.

(169a) Ngibheka umfana okhuluma isiZulu  
'Ek kyk na die seun wat Zulu praat'  
teenoor:

(169b) Ngibheka umfana okhulumayo  
'Ek kyk na die seun wat praat',

waar die morfeem -yo aandui dat geen verdere inligting op die werkwoord verwag word nie.

## 7.3 SLOT

Dit was nie die doel van hierdie studie om 'n omvattende lys voorbeelde te analiseer ten einde die distribusionele gedrag van -a- te verduidelik nie. Slegs 'n paar verteenwoordigende voorbeelde is gekies, en daar is gepoog om op dié wyse enkele nuwe insigte by te dra tot die bestaande beskywings van die onvoltooidheids-a.

Van die voorbeelde wat aan informante voorgelê is, is deur hulle bevraag op grond van die feit dat dié voorbeelde losstaande van enige konteks deur hulle beoordeel moes word. Hulle het gevolglik in sommige gevalle self 'n konteks voorsien waarin die bepaalde vorm van die werkwoord aanvaarbaar sou wees. Desondanks, was dit in sekere gevalle nie moontlik om 'n voor-die-hand-liggende verklaring aan te bied vir die gebruik van die bepaalde vorm van die werkwoord nie. Dalk kan dit toegeskryf word aan die feit dat die kontekste wat deur die informante voorsien is, soms tog nog in 'n mate kunsmatig is. Voorbeelde van dié aard is onder andere die volgende:

(170a) ?O a leka go sepela

maar

(170b) O a leka go sepela, fela o a palelwa

'Hy probeer loop, maar slaag nie'

(171a) ?Ke a phela gabotse toropong

maar

(171b) Ke a phela gabotse toropong, le ge ke se na tšhelete

'Ek bly lekker in die dorp, al het ek nie geld nie'

(172a) ?O a ya toropong

maar

(172b) O a ya toropong ge a rata

'Hy gaan dorp toe as hy wil'



- (173a) ?O a tseba Polokwane  
 maar
- (173b) O a tseba Polokwane, ka gore o godile gona  
 'Hy ken Pietersburg, omdat hy daar opgegroeï het'
- (174a) ?O a di reka bomedišetšong dimela  
 maar
- (174b) O a di reka bomedišetšong dimela ge a na le tšhelete  
 'Hy koop hulle by die kwekery, d.i. die plante, as  
 hy geld het'
- (175a) ?Ke itseba nna  
 maar
- (175b) Ke itseba nna. O ka se bolele ka mokgwa wo!  
 'Ek ken myself. Jy kan nie so praat nie!'

Ten opsigte van voorbeelde soos hierbo kan egter aangeneem word dat -a- ook dáár 'n afgrensingsfunksie van die een of ander aard verrig. Daar kan moontlik ander bykomende faktore op die spel wees, maar dié moet dan afsonderlik ondersoek word.

## LITERATUURLYS

Ashton, E.O.

- 1944 Swahili Grammar. Longmans, Green and Co., London, New York, Toronto.

Badenhorst, P.J.

- 1983 'n Formele en Funksionele benadering tot die studie van taal. Taalseminaar 1983: Die Funksionalisme. V.N. Webb (Red.). Universiteit van Pretoria. Pretoria.

Cole, D.T.

- 1955 An Introduction to Tswana Grammar. Longmans, Green and Co., London.

Daneš, F

- 1974 Functional Sentence Perspective and the Organization of the Text. Papers on Functional Sentence Perspective. F. Daneš (Ed.). Mouton, The Hague, Paris.

Doke, C.M.

- 1945 Text-Book of Zulu Grammar (4th ed.). Longmans, Green and Co., London.

Doke, D.M. &amp; Mofokeng, S.M.

- 1957 Textbook of Southern Sotho Grammar. Longmans, Green and Co., London.

Du Bois, N.W.

- 1959 'n Vergelykende studie van die verbale predikatief in Ngoeni en Sotho met spesiale verwysing na Zoeloe en Suid-Sotho. M.A. Verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.

Endemann, K.

- 1911 Wörterbuch der Sotho-Sprache (Süd-Afrika). Abhandlungen des Hamburgischen Kolonialinstituts. Band VII, Hamburg.
- 1964 Versuch einer Grammatik des Sotho. (Herdruk). Gregg Press, New Jersey.

- Endemann, T.M.H.  
 1939 Handleiding by die aanleer van Transvaal-Sotho (Sepedi). J.L. van Schaik Beperk, Pretoria.
- Ferreira, J.A., Ziervogel, D. & Lenake, J.M.  
 1964 'n Leerboek vir Suid-Sotho. J.L. van Schaik Beperk, Pretoria.
- Fortune, G.  
 1955 An Analytical Grammar of Shona. Ph.D. Thesis, University of Cape Town. Longmans, Green and Co., London, Cape Town, New York.
- Givón, T.  
 1971 On the Verbal Origin of the Bantu Verb Suffixes. Studies in African Linguistics, Vol.2 No.2. Department of Linguistics, University of California, Los Angeles.  
 1972 Pronoun Attraction and Subject Postposing in Bantu. The Chicago Which Hunt. Chicago Linguistic Society, Chicago, Illinois.  
 1975 Serial Adverbs and Syntactic Change: Niger-Congo. Word Order and Word Order Change. C.N. Li (Ed.). University of Texas Press, Austin, London.  
 1984 Syntax - A Functional-Typological Introduction, Vol.1. John Benjamins Publishing Co., Amsterdam, Philadelphia.
- Greenberg, J.H.  
 1966 Some Universals of Grammar with Particular Reference to the Order of Meaningful Elements. Universals of Grammar. J.H. Greenberg (Ed.). 2nd ed. The M.I.T. Press, Cambridge, London.
- Grebelaar, J.C.  
 1952 Junior Sepedi. Voortrekkerpers Beperk, Johannesburg.
- Grout, L.  
 1893 The Isizulu. A Revised Edition of a Grammar of the Zulu Language. American Board Commissioners for Foreign Missions, Boston.
- Guma, S.M.  
 1971 An Outline Structure of Southern Sotho. Shuter and Shooter, Pietermaritzburg.

Gundel, J.K.

- 1977 Role of Topic and Comment in Linguistic Theory.  
Indiana University Linguistics Club. Ohio State  
University.

Halliday, M.A.K.

- 1974 The Place of "Functional Sentence Perspective" in  
the System of Linguistic Description. Papers on  
Functional Sentence Perspective. F. Daneš (Ed.)  
Mouton, The Hague, Paris.

Hetzron, R.

- 1975 The Presentative Movement or why the Ideal Word  
Order is V.S.O.P. Word Order and Word Order  
Change. C.N. Li (Ed.). University of Texas  
Press, Austin, London.

Hlongwane, J.B.

- 1976 A Study of the Predicate in its Relationship to  
the Subject, Object and Adjunct in Zulu. M.A.  
Thesis, University of South Africa, Pretoria.

Hyman, L.M.

- 1975 On the Change from SOV to SVO: Evidence from  
Niger-Congo Word Order and Word Order Change.  
C.N. Li (Ed.). University of Texas Press, Austin,  
London.

Kruger, W.J.

- 1971 Die morfologie van werkwoordkategorieë in die  
Sothotale. Proefskrif D.Litt. et Phil.,  
Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

Lombard, D.P.

- 1976 Aspekte van toon in Noord-Sotho. Proefskrif D.Litt.  
et Phil., Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.
- 1978 A Diachronic-Tonological Analysis of certain Rank  
Shifted Verbal Structures in Northern Sotho.  
Studies in African Linguistics, Vol.9 No.3.  
University of California, Los Angeles.

Louwrens, L.J.

- 1979 Naamwoordfunksies in Noord-Sotho. Proefskrif  
D.Litt., Universiteit van Pretoria, Pretoria.

Louwrens, L.J.

- 1980      Woordvolgorde en volgordeverandering in Xhosa: 'n Onderzoek na die verband tussen pragmatiek en taaltipologie. Studies in Bantoetale 7.1. Universiteit van Pretoria, Pretoria.
- 1983      'n Funksionele interpretasie van enkele sintaktiese verskynsels in Noord-Sotho. Taalseminaar 1983: Die Funksionalisme. V.N. Webb (Red.). Universiteit van Pretoria, Pretoria.
- 1985      Contrastiveness and the so-called Absolute Pronoun in Northern Sotho. South African Journal of African Languages, Vol.5 No.2. Bureau for Scientific Publications, Pretoria.

Lyons, J.

- 1977      Semantics Vol.2. Cambridge University Press, Cambridge.

Mabile, A. & Dieterlin, H.

- 1961      Southern Sotho-English Dictionary, Revised and enlarged by R.A. Paroz. Morija Sesuto Book Depot, Morija.

Madiba, M.J.

- s.j.      Mahlontebe III. Onderwysdepartement, Pretoria.

Maditsi, I.T.

- 1970      Mogologolo. J.L. van Schaik Beperk, Pretoria.
- 1974      Monyane. J.L. van Schaik Beperk, Pretoria.

Maloma, M.L.

- 1982      Ga a mo swanela. J.L. van Schaik Beperk, Pretoria.

Maredi, H.P.

- 1982      Mošwang wa Matuba! Educum, Johannesburg.

Meinhof, C.

- 1906      Grundzüge einer vergleichenden Grammatik der Bantusprachen. Dietrich Reimer, Berlin.
- 1910      Grundriss einer Lautlehre der Bantusprachen. Dietrich Reimer, Berlin.
- 1948      Grundzüge einer vergleichenden Grammatik der Bantusprachen (2de uitg.). Dietrich Reimer, Berlin.

Motuku, H.Z.

- 1972      Magang. Thandapers, King Williamstown.

Müller, I.T.

- 1942 Die Funksies en Gebruike van die Verbale Tydvorms van die Indikatief in Xhosa. M.A. Verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.

Paroz, R.A.

- 1946 Elements of Southern Sotho. Morija Sesuto Book Depot, Morija.

Persson, J.A.

- s.j. Outlines of Tshwa Grammar. J.L. van Schaik Limited, Pretoria.

Ponelis, F.A.

- 1975 Die ontwikkeling van hulpwerkwoordgroepe: hulpwerkwoord en infinitiefsin. Studies in Bantoetale 2.1. Universiteit van Pretoria. Pretoria.
- 1980 Die lang presensvorm en klousvlakke in Noord-Sotho. Studies in Bantoetale 7.1. Universiteit van Pretoria, Pretoria.

Prinsloo, D.J.

- 1979 Lokatiefvorming in Noord-Sotho. M.A. Verhandeling, Universiteit van Pretoria, Pretoria.
- 1985 Semantiese analise van die vraagpartikels na en afa in Noord-Sotho. Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Afrikatale, Vol.5 No.3. Buro vir Wetenskaplike Publikasies, Pretoria.

Steele, S

- 1975 On some Factors that Affect and Effect Word Order. Word Order and Word Order Change. C.N. Li (Ed.). University of Texas Press, Austin, London.

Van der Westhuizen, S.B.

- 1949 Die kort en die lang teenwoordige tydvorms in Zoeloe. M.A. Verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.

Van Dyk, P.R.

- 1952 Die tydvorms van die indikatiefmodus in Zoeloe. M.A. Verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.

Van Eeden, B.I.C.

1941 Inleiding tot die Studie van Suid-Sotho.  
Pro Ecclesia, Stellenbosch.

1956 Zoeloe-Grammatika. Pro Ecclesia, Stellenbosch.

Van Rooyen, C.S.

1977 Die Zoeloe-predikaat en enkele verskynsels wat daarmee saamhang. Proefskrif D.Litt. et Phil.,  
Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

Van Warmelo, N.J.

1927 Die Gliederung der Südafrikanischen Bantusprachen.  
Dietrich Reimer, Berlin.

Van Wyk, E.B.

1957 Potential and Progressive Constructions in Northern  
Sotho. African Studies, Vol.16 No.3.

Vercueil, F.C.

1981 Die ontkenning in Noord-Sotho. Proefskrif D.Litt. et  
Phil., Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

Wanger, P.W.

1917 Konversations-Grammatik der Zulu-Sprache.  
St. Thomas Aquins, Mariannhill.

Wilkes, A.

1971 Agtervoegsels van die werkwoord in Zulu. Proefskrif  
D.Litt. et Phil., Randse Afrikaanse Universiteit.

Ziervogel, D.

1958 Aspek van Handeling in sommige Bantoetale van  
Suid-Afrika. Aspek as uitdrukkingsmiddel van  
handeling. Mededelings van die Universiteit van  
Suid-Afrika, B, 7. Universiteit van Suid-Afrika,  
Pretoria.

Ziervogel, D., Lombard, D.P. & Mokgokong, P.C.

1969 Handboek van Noord-Sotho. J.L. van Schaik Beperk,  
Pretoria.

Ziervogel, D., Wentzel, P.J. & Makuya, T.N.

1972 Handboek van Venda. Universiteit van Suid-Afrika,  
Pretoria.

**EINDE**